

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



**Ds. M. J. Booyens**

# **'N VASTE VERTROUE OP DIT WAT ONS HOOP**

Verklarende aantekeninge by die  
Brief aan die Hebreërs met die oog op Bybelstudie

## Inhoud

<b>INLEIDING</b> .....	<b>5</b>
<b>HOE WORD DIE OU TESTAMENT IN DIE NUWE TESTAMENT AANGEHAAL EN, TOEGEPAS?</b> .....	<b>6</b>
Moeilik te begryp.....	6
Reëls van Bybelverklaring.....	6
Vervullingsmotief.....	6
Tipologiese metode.....	6
Die Heilige Gees verklaar die Ou Testament.....	7
God bly getrou aan sy Woord.....	7
Ons verstaan die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament.....	7
<b>HEBREËRS 1</b> .....	<b>8</b>
Hebr. 1:1-4. Inleiding .....	8
Hebr. 1:5-14. Die Seun verhewe bo die engele .....	10
<b>HEBREËRS 2</b> .....	<b>13</b>
Hebr. 2:1-4. Toepassing van uiteensetting .....	13
Hebr. 2: 5-9. "Alle dinge het U onder sy voete gestel" .....	14
Hebr. 2:10-18. Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham .....	15
<b>HEBREËRS 3</b> .....	<b>18</b>
Hebr. 3:1-6. Jesus is meer heerlijkheid waardig as Moses .....	18
Hebr. 3: 7-19. "Verhard julle harte nie".....	19
<b>HEBREËRS 4</b> .....	<b>22</b>
Hebr. 4:1-8. Israel het die rus nie ingegaan nie .....	22
Hebr. 4:9-13. Daar bly 'n sabbatsrus oor vir die volk van God.....	23
Hebr. 4:14-16. Ons Hoëpriester het medelye met ons.....	24
<b>HEBREËRS 5</b> .....	<b>26</b>
Hebr. 5:1-5. Christus deur God aangestel as Hoëpriester .....	26
Hebr. 5:6-10. Die orde van Melgisédek .....	27
Hebr. 5:11-14. "Sielemaerte".....	28
<b>HEBREËRS 6</b> .....	<b>30</b>
Hebr. 6:1-8. Dit is onmoontlik om so 'n mens weer tot bekering te vernuwe.....	30
Hebr. 6:9-12. Die toenemende hoop!.....	32
Hebr. 6:13-20. Belofte met 'n Goddelike eed bevestig.....	32
<b>HEBREËRS 7</b> .....	<b>35</b>
Hebr. 7:1-3. Melgisédek se priesterskap.....	35
Hebr. 7:4-10. Melgisédek groter as Abraham en Aäron .....	36
Hebr. 7:11-25. Christus alleen kan volkome red .....	37
Hebr. 7:26-28. Ons Hoëpriester – heilig... onbesmet... ..	39
<b>HEBREËRS 8</b> .....	<b>40</b>
Hebr. 8:1-5. Hemelse en aardse tabernakel en priesterskap .....	40
Hebr. 8:6-13. Christus die Middelaar van 'n beter verbond .....	41
<b>HEBREËRS 9</b> .....	<b>43</b>
Hebr. 9:1-8. Die tabernakel in die Ou Verbond.....	43
Hebr. 9:9-14. Christus is Hoëpriester in die ware tabernakel.....	44
Hebr. 9:15-22. Wat beteken die Testamentmaker se dood?.....	45
Hebr. 9:23-28. Christus het een maal die volkome offer gebring .....	46
<b>HEBREËRS 10</b> .....	<b>48</b>

Hebr. 10:1-10. Christus se eenmalige offer maak volkome heilig.....	48
Hebr. 10:11-18. Christus hoef nie opnuut 'n offer te bring nie.....	49
Hebr. 10:19-25. Laat ons toetree! .....	50
Hebr. 10:26-31. "Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God." .....	52
Hebr. 10:32-39. "Onthou die vorigedae..." .....	53
<b>HEBREËRS 11.....</b>	<b>55</b>
Hebr. 11:1-7. Die geloof en geloofshelde – Abel tot Noag .....	55
Hebr. 11:8-19. Abraham se geloof.....	56
Hebr. 11:20-31. "Deur die geloof" -van Isak tot Ragab .....	58
Hebr. 11:32-40. Geloofshelde en dade .....	60
<b>HEBREËRS 12.....</b>	<b>62</b>
Hebr. 12:1-4. Loop die wedloop met volharding .....	62
Hebr. 12:5-13. "Ag die tugtiging van die Here nie gering nie." .....	63
Hebr. 12:14-17. Moenie in die genade van God veragter nie .....	64
Hebr. 12:18-24. Maar julle het gekom by die stad van die lewende God .....	65
Hebr. 12:25-29. "Laat ons dankbaar wees!" .....	68
<b>HEBREËRS 13.....</b>	<b>69</b>
Hebr. 13:1-9. "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." .....	69
Hebr. 13:10-19. Jesus het buitekant die poort gely.....	70
Hebr. 13:20-25. Heilwense en groete.....	72

## **INLEIDING**

Die boek is bedoel om saam met die Bybel gebruik te word. Lees asseblief eers die betrokke Skrifgedeelte en raadpleeg dan die aantekeninge. Sorg ook dat u die teksverwysings naslaan. U sal verbaas wees hoeveel nuwe dinge u in die ou Bybel ontdek.

Dit is bedoel vir beide persoonlike en groeps-Bybelstudie.

Die brief aan die Hebreërs is besonder insiggewend om die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament te leer begryp. Dié skrywer werk letterlik alleen met die Ou Testament in die lig van die vervulling daarvan in Christus.

Mag die Here gee dat ons volk werk met die Bybel opdat die Bybel met ons mag werk. Dan bou ons op die onwankelbare fondament van die geloof in Jesus Christus.

M. J. Booyens

Heilbron

## **HOE WORD DIE OU TESTAMENT IN DIE NUWE TESTAMENT AANGEHAAL EN, TOEGEPAS?**

### ***Moeilik te begryp***

Ons Westerlinge het moeite met die wyse waarop die skrywers van die Evangelies en die apostels in die sendbriewe, uitsprake uit die Ou Testament aanhaal en toepas. Vir ons lyk dit soms onnoukeurig en word selfs in belangrike opsigte afgewyk van die uitspraak in die Ou Testament. In Matt. 2:23 kry ons byvoorbeeld die uitdrukking: "En hy het gaan woon in 'n stad met die naam van Nasarét, sodat vervul sou word wat deur die profete gespreek is, dat Hy 'n Nasaréner genoem sou word." Nêrens in die Ou Testament kom egter 'n uitspraak voor dat Jesus 'n Nasaréner genoem sou word nie. 'n Moontlike verklaring is dat dit op die klank van die oorspronklike Hebreeuse woord af in verband gebring kan word met Jes. 11:1...

### ***Reëls van Bybelverklaring***

Ek noem die voorbeeld om aan te toon dat die Nuwe Testament in sy verwysing na uitsprake in die Ou Testament, anders te werk gaan as wat ons dit sou doen. Die reëls van die Skrifverklaring sien ons as "hermeneutiese" reëls, wat by ons tot wetenskaplike riglyne ontwikkel is. In die tyd van die Nuwe Testament was daar ook hermeneutiese reëls in verband met die verklaring van die Ou Testament. Dit is deur die Joodse geleerdes of sg. Rabbyne ontwikkel ... Dit is wel duidelik dat die Nuwe Testamentiese skrywers in hulle aanhaling en toepassing van die Ou Testament, aangesluit het by die metodes van die Rabbyne.

### ***Vervullingsmotief***

Daar is byvoorbeeld nie 'n skerp onderskeiding gemaak tussen die teks as objektiewe gegewene en subjektiewe toepassing nie. Hulle het beide in die aanhaling en die toepassing aan hulself bepaalde vryhede veroorloof. Hulle harmoniseer en brei selfs bepaalde tekste uit in omvang en toepassing. Die één grondbeginsel wat deurgaans in die opsig by die Nuwe Testamentiese skrywers gesien word, is die sogenaamde "vervullingsmotief". Hulle lees die Ou Testament vanuit die beginsel dat die Ou Testament in die Nuwe Testament vervul is. Ons lees herhaaldelik dat een of ander gebeurtenis plaasvind "Sodat die Skrif vervul sou word". Dit was selfs nodig dat 'n mens se "oë geopen moes word" om die vervulling in Christus te kon raaksien. Dit kom byvoorbeeld duidelik aan die lig in die wandeling van die Here Jesus saam met die Emmausgangers, ná sy opstanding. "En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (Luk. 24:27). Eers nadat hulle oë geopen is om die toepassing of vervulling van die Skrifte in Hom te sien, is hulle oë geopen om Hom persoonlik te herken. Van die ongelowige Jode sê Paulus byvoorbeeld: "Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde sluier sonder dat dit opgelig word, die sluier wat in Christus vernietig word" (2 Kor. 3:14).

### ***Tipologiese metode***

In die aanhaling en toepassing van Ou-Testamentiese uitsprake in die Nuwe Testament, is dit onderhewig of selfs gekleur deur die openbaring dat Jesus Christus die beloofde Messias is, wat die skrywers van harte glo. "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons" (2 Kor. 1:20). Die evangelieskrywers en apostels gaan altyd terug op Christus in verband met die aanhalinge uit die Ou Testament. En dan verdwyn dikwels die "letterlike betekenis" van die Ou-Testamentiese uitspraak en word in geestelike sin toegepas. Dink maar aan die wyse waarop Paulus praat van Sara en Hagar – twee geskiedkundige persone – en die berg Sinaï in Arabië en die berg Sion in Jerusalem. By ons sou só 'n vreemde vertolking van die Skrif onaanvaarbaar wees en lyk na lukraak allegoriserings.

Paulus doen dit egter rustig teen die agtergrond van die vervullingsmotief en die sogenaamde tipologiese metode van verklaring wat hy as Fariseër goed geken het...

### ***Die Heilige Gees verklaar die Ou Testament***

Hierby moet ons egter in gedagte hou dat die uiteindelijke outeur van die Nuwe Testament die Heilige Gees is en dat ook die skrywers in die besef leef dat hulle nadruklik deur die Heilige Gees gelei word. Die Heilige Gees self pas die Ou Testament toe en só kom daar ou en nuwe dinge te voorskyn uit die skatte van die goeie leermeesters in die koninkryk van die hemele.

### ***God bly getrou aan sy Woord***

'n Ander beginsel wat ons in gedagte moet hou, is dat die skrywers in die Nuwe Testament nie primêr 'n profesie uit die Ou Testament sien as 'n "voorspelling wat uitkom nie", maar as die "Woord van God wat in vervulling gaan". Dit gaan ook nie om die sogenaamde, diepere sin van die Ou Testament nie, maar die tipe in die Ou Testament word tipologies toegepas op die Nuwe-Testamentiese situasie. Hulle stel die Ou-Testamentiese belofte in die lig van die Nuwe-Testamentiese vervulling; en die verbindingslyn tussen Ou en Nuwe Testament is die onwankelbare trou van God, wat sy beloftes vervul.

Die regverdiging om die Ou Testament só aan te haal en toe te pas, is nie te vinde in 'n wetenskaplike uitleg nie, maar die geloof dat die Ou Testament in Christus vervul is, laat die apostels só lees en aanhaal. Die Ou-Testamentiese profete volg trouens self die metode van aanhaling en toepassing. Die apostels bewys, volgens die hermeneutiese metodes van hulle tyd, dat die volheid van God se heil in Jesus Christus geopenbaar is.

### ***Ons verstaan die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament***

Vir ons is dit nou nie moeilik om gedeeltes in die Ou Testament, wat in die Nuwe Testament aangehaal word, op voetspoor van die Nuwe Testament te verstaan nie. Soortgelyke uitsprake in die Ou Testament moet ons teen hulle eie agtergrond en samehang ondersoek, maar dan in die lig van die *vervullingsmotief toepas*; en dan is dit in ooreenstemming met die Nuwe-Testamentiese skrywers om dit tipologies te doen.

Dit is van die allergrootste gewig om te onthou dat die Ou Testament nie *die laaste gesê* het wat in die Openbaring van God gesê kan word nie. Dit moet gelees en verstaan word vanuit die volheid in Christus. Eers vanuit die Nuwe Testament gesien, kan ons die uitsprake in die Ou Testament verstaan – ook die uitsprake wat betrekking het op die sogenaamde herstel van Israel as volk.

Teen die agtergrond begryp ons ook die metode van die skrywer van die Hebreërbrief beter. Ook hy werk só met die Ou Testament.

# HEBREËRS 1

## **Hebr. 1:1-4. Inleiding**

1:1. Deur sy buitengewone inleiding is die "brief" anders as al die ander briewe en selfs boeke in die Nuwe Testament. Ons weet nie wie die skrywer of die geadresseerdes is nie. Selfs van die bedoeling van die brief word eintlik niks gesê nie. Die oudste en waarskynlikste mening is dat Barnabas die skrywer was – hoewel dit hoegenaamd nie seker is nie.

Vanaf die vroegste tye is dit die "brief aan die Hebreërs" genoem. Dit is waarskynlik aan bepaalde Joodse Christene gerig, maar ons weet nie waar hulle gewoon het nie. Afgesien van die oorlewering kan ons, op grond van 13:24, aflei dat dit waarskynlik geskryf is aan Joodse gelowiges in Italië ("Die wat van Italië is, groet julle"). Dan was dit moontlik gelowiges in Rome (Italië) aan wie die skrywe gerig is.

Dat dit wel as 'n brief bedoel is, blyk alleen uit die afsluiting (13:20-25).

Die inleiding is egter in sowel vorm as inhoud wonderlik. Uit die oorspronklike Grieks blyk dat ons hier bepaald met 'n woordkunstenaar te doen het.

*God het baiekeer en op baie maniere tot die vaders in die ou tyd gepraat deur die profete.* Geen profeet se openbaring was egter volledig nie. Van geen enkele profeet kan gesê word wat van Jesus gesê is nie (Joh. 1:14-18; Kol. 2:9). Elke profeet gee maar 'n deel – onderdeel – van die openbaring. En die dele kom op verskillende maniere onder verskillende omstandighede, soms deur drome (Gen. 37:5-9; Gen. 40; 41), soms deur inspraak. "Inspraak" is die gewone wyse waarop die Here deur die profete gespreek het. Dan lees ons bloot: "die woord van die HERE het tot hom gekom" (Jer. 1:2). Soms is dit weer bloot: "So sê die HERE" (Jer. 2:2; 4:1, ens.). By ander geleenthede het die profete visioene gesien (Jes. 6; Eseg. 1, ens.). Een ding bly egter altyd waar: *God praat deur sy profeet tot sy volk* en nie alleen tot die profeet nie. "*Baie maniere*" hou ook in dat Hy troos, leer en vermaan (Jes. 61:1-3).

"*in die ou tyd*" staan teenoor "*hierdie laaste dae*", Daarin sien die skrywer twee afgeslote eenheidstydperke: die tyd van die "Ou verbond of Testament" en die "Nuwe verbond of Testament" (8:6-10; 9:1,7).

Die band tussen die twee tydperke lê daarin dat *God* beide deur die profete en deur die Seun spreek. *Hy bly dieselfde en dit bly sy Woord.* Die Ou Testament is nie minderwaardig teenoor die Nuwe nie. *In Christus het ons egter die vervulling van die Ou Testament.* Dit geld nie alleen die beloftes nie, maar ook die seremonies en offers. Dit kom in besonder aan die lig in wat die skrywer verder in hierdie brief bespreek.

Indien hierdie brief aan Jode gerig is, sien "*die vaders*" bepaald op hulle vleeslike voorgeslag.

"*Profete*" is ook nie alleen die profete in enger sin, soos Jesaja, Jeremia en andere nie, maar alle skrywers van die Ou Testament – elkeen wat die woord van God gebring het. Hulle almal bring nie hulle eie woord nie, maar die Woord van God (1 Pet. 1:11, 19-21; Hebr. 3:7; 2 Tim. 3:16).

"... *in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun* ..." Ook in die Ou Testament kry ons die uitdrukking "die laaste dae" of "einde van die dae" (Gen. 49:1; Num. 24:14; Deut. 4:30). Daarmee word die tyd van God se besondere genade – die tyd van die Messias – bedoel. Daar volg nie nog 'n nuwe periode nie. Ons leef nou in die tyd – die laaste dae. Daarmee sê die skrywer dat ons leef in die tyd van die vervulling van die beloftes en dat daar voor die voleinding nie weer 'n nuwe tyd sal kom nie. God se openbaring of spreke het voortgegaan, maar dit was anders – Hy het nou gespreek deur die Seun. Die openbaring deur die Seun is afgehandel – Hy het reeds gekom. Wanneer Hy weer kom, is dit die einde van die nuwe bedeling – die voleinding. "... tot ons gespreek deur die Seun" (Gal. 4:4; Hebr. 9:26; 1 Pet. 1:7, 8; Matt. 11:27; Joh. 14:9-11).



1:2. Die Middelaar, die Profeet van die Nuwe Verbond, word "Seun" genoem. Seun van God is sy hoogste titel. Hy is self *God* – dit staan hier aan die begin, soos by die apostel Johannes (Joh. 1:1-3; 1 Joh. 1:1-3). Die skrywer gaan uit van die feit dat Hy *Seun* is om te verklaar waarom Hy kon doen wat Hy gedoen het. Hy is nie alleen die *Profeet* wat *openbaar* nie (*Kategismus*, Sondag 12), maar ook *erfgenaam* wat ontvang. Hy is erfgenaam van alles (Matt. 28:18). Die uitdrukking kom ons weer in Hebreërs teë. Daarmee word twee aspekte benadruk: *Die Seun erf deur sy sterwe* (9:16, 17; 12:2) en *Hy erf verseker omdat Hy die ware Kind* is (Rom. 8:16, 17; Gal. 4:17). Ons is *mede-erfgename* om dat ons ter wille van Hom tot kinders van God aangeneem is (*Kategismus*, Sondag 13:33 met teksverwysings). Met "*alles*" wil die skrywer sê dat hy onbeprek alles ontvang – Hy is die enigste en volle erfgenaam omdat Hy die Seun is (Ps. 2:7, 8; Matt. 11:27). Hy het ook reg daarop omdat God Hom daartoe aangestel of verordineer het. Dit het gebeur by sy hemelvaart of verhoging (Matt. 28:18; Openb. 5:5-14).

"...deur Wie Hy ook die wêreld gemaak het ... ." God het die "wêreld" soos dit in die tyd bestaan, met sy bestanddele en geskiedenis, deur die Seun gemaak. Hy is ook Skeppingsmiddelaar, die "*Woord*" wat skeppingsmagtig is (Ps. 33:6; Joh. 1:3; Rom. 11:35, 36). Die uitdrukking "*deur* Hom" sê dat Hy die medewerkende, persoonlike oorsaak van die ontstaan en bestaan van alles is. So het die Seun 'n heerlike bestaan van die begin af en hou Hy die voortbestaan van alles wat geskape is in stand (Kol. 1:15, 16).

1:3. "*Hy wat die afskynsel is van sy heerlijkheid en die afdruksel van sy wese ...*" Die vorm van die Grieks wil hier aandui wat Hy *was* en *is* en *bly* (Openb. 1:8, 17, 18). Van ewigheid tot ewigheid is Hy dieselfde (13:8). Hy is eenswesens met die Vader (Joh. 10:30; 14:9-11; lees hierby *Die Geloofsbelydenis van Nicea* – agter in die *Psalmboek*, bl. 2). Hy is die *afdruksel van God se wese* – Hy is volkome gelyk aan God, maar het tog ook 'n *bestaan* in Homself. Hy besit die volle Goddelike heerlijkheid, nie as beloning vir wat Hy gedoen het nie, maar van nature, kragtens sy wese (Joh. 17:5; Kol. 2:6,7).

"... en alle dinge dra deur die woord van sy krag ..." *Dra* beteken hier dat Hy *verseker* dra of onderhou. Hy doen wat die *Kategismus* die *voorsienigheid* van God noem (Sondag 10). Hy dra dit deur die *woord van sy krag*. Vir "*woord*" word hier in Grieks 'n woord gebruik wat eintlik bloot *spreek* beteken – soos 'n *mens praat* (Ps. 33:9; Luk. 8:24, 25; 7:6-10). Die manier waarop Hy die heelal dra, laat 'n mens dink aan die wyse waarop 'n mens praat. Sy krag, wat van Hom uitgaan, is soos die woord wat die menslike mond verlaat.

"... nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het ..." Hier word die hele werk van die Seun op aarde saamgevat in die resultaat daarvan. Vir ons wat glo, beteken dit reiniging van die sonde deur sy bloed (1 Pet. 1:18, 19; Openb. 5:9; 7:14). Hy het die mag van die sonde oorwin (1 Joh. 3:8). In werklikheid gaan die hoofinhoud van die boek Hebreërs oor hierdie werk van die Seun.

"... het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte ..." Sy dood en opstanding word nie genoem nie, alleen sy hemelvaart, sy verhoging tot die ereposisie (Ps. 110:1; Hand. 7:56). "*Majesteit*" is een van die name van God wat die Jode gebruik om te vermy dat hulle die Verbondsnaam, *Jahwéh* of *Jehova*, wat ons vertaal deur *HERE*, uitspreek. Ons kan aanneem dat die skrywer dit nie so wou aanwend nie, maar nadruk lê op God se groot majesteit (Ps. 103:19).

1:4. Hier word beskryf hoe die Seun by sy troonbestyging was. Hy word vergelyk met die engele en elke ander skepsel (3:3; 6:20; 10:39). Die engele is in die heerlijkheid voor die aangesig van God (Matt. 18:10). Engele word selfs gebruik in God se werk op aarde (Luk. 1:11 e.v.; Luk. 2:28 e.v.; Hand. 7:53). God gebruik hulle – en in bepaalde opsigte is hulle meer as die mens, want hulle sien God en is nie sondaars nie, al is hulle net dienende geeste. Christus is egter hoër as hulle (1:13, 14). Hy het 'n hoër Naam ontvang of geërf as die engele. Hier lê die nadruk op Christus se amptelike Middelaarswerk as gevolg waarvan Hy regmatig verhoog is. Sy Naam is bo alle name

verhef (Filip. 2:9; Openb. 19:12). Daarin word die volle heerlijkheid van sy Seunskap geopenbaar (Hand. 13: 33; Rom. 1:4).

### **Vrae: 1:1-4**

1. In watter opsig is daar wel 'n verskil tussen die Ou en die Nuwe Testament en in watter opsig nie?
2. Was Christus ook by die skepping van alle dinge werksaam?
3. Kan u uit verse 1-3 ses redes vind waarom Christus waaragtig God is?
4. In watter opsigte is die engele meer as die mense, maar waarom is ons as mense hoër bevoorreg as hulle (verse 3, 4, 14)?

### **Hebr. 1:5-14. Die Seun verhewe bo die engele**

1:5. Die skrywer gaan nou sy stelling, dat die Seun bo die engele verhewe is (1:4), uit die Ou Testament bewys. Hy haal meesal uit die Psalms aan. Dit het telkens allereers betrekking op Israel se koning – Dawid of Salomo, maar is tog nie volkome in hulle vervul nie en wys heen na die Koningsheerlikheid van die Messias, wat sal kom. Hy gaan uit van die vasstaande feit dat Christus klaar hierdie heerlijkheid ontvang het, soos ook in 12:2. "*Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê ...*" As *groep* is die engele wel "seuns van God" genoem (Job. 1:6; 2:1; 38:7; Ps. 29:1; 89:7), maar nêrens is 'n *bepaalde engel* so genoem nie.

Sy eerste bewys is Ps. 2:7: "*U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer ...*" Die Psalm sing van die onoorwinlikheid van Israel se koning wat God in sy amp gestel het. Dit is egter duidelik dat die uitspraak eers werklik op die Messias pas, veral in die lig van Ps. 2:12. Die koning is buitendien ook voorbeeld of tipe van die komende Messias. Die nadruk lê op "U" – U alleen en niemand anders nie. Die woord *geneer* in die Grieks wil aandui dat Hy in die amp gestel is en voortdurend daarin bly (Luk. 1:32, 33, 35; Hand. 4:25 kom uit Ps. 2:1, 2). "*Ek sal vir hom 'n Vader wees en Hy sal vir My 'n Seun wees*" kom uit 2 Sam. 7:14; 1 Kron. 22:10. Weer sien dit allereers op Salomo, maar is eers ten volle vervul in Christus. In 2 Sam. 7:13 word selfs gepraat van ewige koningskap (Luk. 1:32). Albei plekke dui aan dat die Christus bo die engele verhewe is.

1:6. Hier kan ons so vertaal: *En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld ingebring sal hê ...* Die skrywer wil benadruk dat dit nog in die toekoms lê vir die profeet wat dit gesê het. Toe het dit nog nie gebeur nie, maar nou (toe Hebreërs geskryf is) het dit reeds plaasgevind. "*Eersgeborene*" is een van die Name van die Christus (Rom. 8:29; Kol. 1:15). Hy is in *beginsel die Eerste*.

"*... en al die engele moet Hom aanbid ...*" Hier is dit moontlik dat die skrywer die uitspraak uit die destydse Griekse vertaling van die Ou Testament wat die *Septuaginta* genoem word, geneem het. Dan is dit letterlik 'n aanhaling uit Deut. 32:43, wat in ons Bybel egter nie so voorkom nie. In Ps. 97:7 word nie gepraat van *engele* nie, maar van *gode*. Aangesien die skrywer deurgaans uit die *Septuaginta* aanhaal, is dit hier blykbaar ook so. Selfs in die lig van Ps. 97:7 is dit duidelik dat Hy hoër as alles, ook engele, is.

1:7, 8. Hier stel die skrywer Ps. 104:4 teenoor Ps. 45:7. Weer moet ons by Ps. 104:4 in gedagte hou dat die skrywer uit die Griekse Bybel van destyds aanhaal – daarvolgens is *boodskapper* en *engel* dieselfde woord. Die engele is God se boodskappers wat in verskillende gedaantes kan verskyn. Dit staan so in die ou Griekse Ou Testament: "hy maak van die winde sy *engele*". Hoe heerlijk hulle ook al is, engele bly *diensknegte* of *boodskappers*, teenoor die Seun wat die *troon van God se heerlijkheid* bestyg het.

In vers 8 word verwys na Ps. 45:7 waar die *Seun "God"* genoem word. In Ps. 45 gaan dit om 'n bruilof van 'n koning, maar dit kan alleen ten volle vervul wees indien dit op die Messias wys; sy bruid is dan die gemeente. Hier spreek die sanger van Ps. 45 die "koning" aan as *God*, wat ons nie van 'n mens kan sê nie, veral nie uit die mond van 'n

gelowige digter uit die Ou Testament nie (Deut. 6:4; Jes. 45:5, 6). Hier gaan dit duidelik om die heerlikheid en heerskappy van Christus oor alles en almal tot in ewigheid – sy *troon* en *septer*. Dit is dinge wat alleen van God gesê kan word – daarom is die *Seun* self God (Ps. 10:16; 145:13). Sy septer is 'n *regverdige septer* – dit kan van geen menslike heerser gesê word nie. Hy is die Koning van die konings en die Here van die here.

1:9. Die skrywer gaan voort met sy aanhaling uit Ps. 45 – nou Ps. 45:8. Weer lê die nadruk daarop dat die Messias-koning as "*God*" aangespreek word – hier deur God self. Hy is waarlik regverdig en haat goddeloosheid. Dit geld ook van Christus, die sondelose *Lam van God* (Joh. 8:45, 46; Openb. 6:16, 17). Daar is wat Christus betref 'n wydverspreide opvatting dat Hy alleen die "*liewe Jesus*" is wat geen toorn teen die sonde ken nie. Ons moet onthou dat Hy beide die *Lam* en die *Leeu* uit die stam van Juda is (Openb. 5:5, 6). Hy is *gesalf* – dit sien op sy aanstelling en instelling in die amp as Middelaar en is letterlik vervul (Joh. 3:34). *Gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle*, wil benadruk dat Hy ook verhoog is (12:2) – vreugde ontvang het in die heerlikheid by sy hemelvaart. "*Metgeselle*" sien hier bepaald op "*mede-konings*" (Ps. 45), wat ons kan verklaar as "*mede-ampsdraers*" in Nuwe-Testamentiese betekenis. Ook hulle word gesalf (1 Joh. 2:20, 27). Hy staan bo die engele en bo alle aardse "*metgeselle*" omdat Hy alleen *God* genoem word.

1:10-12. Hier word verskeie plekke deurlopend aangehaal (Ps. 102:26-28 met gedagtes uit Jes. 34:4; 51:6 daarby gevoeg). Dit wil die Goddelike werke van die Middelaar na vore bring. Dit is opmerklik dat die Ou Testament in die aanhalings van God self praat en die skrywer dit hier in Hebreërs toepas op die *Seun*. Dit is die bewys dat Christus vir die Nuwe-Testamentiese skrywer self *God* is. Hoe groepe, soos die Jehovasgetuies, Hom bloot as 'n skepsel kan beskou, gaan op grond hiervan 'n mens se verstand te bowe. Die aarde en die *hemel*, waar die engele woon, is die werk van die *Seun* (Joh. 1:1-3). Hy is soos die Vader en die Heilige Gees waarlik *God*. Ja, hemel en aarde met hulle bewoners - engele en mense – is die werke van sy hande. Hulle vergaan, maar Hy bly vir ewig dieselfde (Ps. 104:28; Openb. 1:8, 11; 2 Pet. 3:10; Matt. 5:18; Openb. 21:1). God self bring die einde – Hy rol die hemel en aarde op, soos 'n mantel wat 'n mens uittrek, oprol en wegbêre (Jes. 34:4), "soos 'n boekrol wat opgerol word" (Openb. 6:14). Die gedaante van hierdie wêreld gaan verby (1 Kor. 7:31). Daarteenoor het God, en daarom ook Christus, geen einde nie.

1:13. Die vers verwys na Ps. 110:1 – 'n psalm waarna dikwels in die Nuwe Testament verwys word (Matt. 22:44; Hand. 2:34, 35). Dit is by uitstek 'n psalm wat op die Messias van toepassing is. Hier word die Messias beide as Koning en Priester geteken in verse 1, 2 en 4. God het in die ewigheid aan die Messias, met die oog op wat Hy sou volbring, gesê: "Neem die ereplek langs My in." Hy kon dit sê en die Christus kon dit doen, omdat Hy daarop geregtig is. "*Totdat*" beteken nie dat daar 'n einde sal kom aan sy posisie wanneer sy vyande oorwin is nie, maar dat Hy sy doel bereik het. Met reg kan hierdie uitspraak gebruik word om die heerlikheid van die *Seun* aan te toon.

1:14. In vraagvorm word nou gesê wat die engele wel is, om te bewys dat Christus veel hoër as hulle staan. Niks wat tot hiertoe gesê is, kan op die engele toegepas word nie. Hulle is almal *dienende geeste* (Dan. 7:9, 10; Matt. 4:11). Christus was ook die "*Kneg van die Here*", wat gekom het om te dien (Jes. 52:13 – lees daarby hoofstuk 53; Luk. 15:27; Matt. 20:27, 28), maar Hy het dit nie gebly nie (Matt. 28:18; Hand. 2:33, ens.). Die engele bly egter dienende geeste wat self s die gelowiges dien (Matt. 18:10; Hand. 5:19; 12:7).

### **Vrae: 1:5-14**

1. Om watter twee redes is Ps. 2: 7 van toepassing op Christus?
2. Hoe is 2 Sam. 7:14 ten volle vervul?
3. Beteken "Eersgeborene" dat Christus ons oudste "broer" is?

4. Hoe kan die skrywer in Ps. 104 verwys na "engele"?
5. Waarom is Ps. 45 duidelik 'n Messiaanse Psalm?
6. Is dit reg om Christus bloot te ken en van Hom te leer as "liewe Jesus", wat impliseer dat Hy Hom nie kan vertoorn nie?
7. Wat beteken dit dat Christus gesalf is? Is u ook gesalf (*Kategismus*, Sondag 12)?
8. Kan die skrywer Ps. 102 aanhaal en dit op Christus toepas, terwyl dit duidelik op *God* sien? Motiveer.
9. Toon aan waarom Ps. 110 nie, op 'n blote mens van toepassing kan wees nie.
10. Wat is die verskil tussen Christus as "die Kneg van die Here" en die dienende geeste, engele?
11. Waarom moet ons mekaar dien (Joh. 13:13, 14)?

## HEBREËRS 2

### **Hebr. 2:1-4. Toepassing van uiteensetting**

2:1. Die skrywer onderbreek sy betoog om dit toe te pas op die lesers. Hier word sy kunstenaarshand weer duidelik in die skryfwyse in die Grieks gesien. In sy vermaning sluit hy allereers by 1:1-4 aan: die openbaring van God deur die profete en die Seun. "Daarom ...", so begin hy, kyk terug na die heerlijkheid van die Seun en gee ag op wat julle gehoor het. "Moet ..." lê 'n verpligting op die lesers; ons *moet*, ondanks onself met ons eie onwilligheid en al, gehoorsaam wees aan wat ons gehoor het. Dink daaraan dat God self praat deur profete en sy Seun. Ons *hoor* dit – en *gee ag* beteken hier dat jy jou ernstig daarmee besig moet hou – dit moet werk (Rom. 1:16; 1 Thess. 2:13). Dit gaan ook nie alleen om wat die skrywer in hoofstuk 1 nader verklaar het nie, maar om *alles* wat hulle gehoor het deur die prediking van profete en apostels (2:3, 4).

"dat ons nie miskien wegdrywe nie" kan ook vertaal word: *opdat dit nie by ons verbystroom nie* ... Dit beteken dat die stroom van genade by die wat nie hoor en ag gee nie, verbygaan – hulle deel nie daarin nie. Ook die ander sy is egter waar: jy kan jou anker verloor, indien jy nie ag gee op die evangelie nie (6:4-8; 10:23-27).

2:2. Hier benadruk die skrywer die gevaar wat 'n mens loop indien hy nie ag gee op die woord van Christus nie. Die Here het die woord deur engele gebring (Hand. 7:53; Gal. 3:19) en dit was onwankelbaar (Luk. 1:11-20, veral 19, 20; Luk. 1:26-37). Dit gaan hier om die "baiekeer en baie maniere" (1:1-4). Dit was God wat gespreek het en daarom is dit vas, onwankelbaar (Joh. 10:35 – die Skrif kan nie gebreek word nie). Wie dit oortree het, is gestraf (Rom. 5:19, 20). *Regverdige vergelding* beteken dat God straf volgens sy wet, maar ook billik – na die mate van die oortreding (*Kategismus*, Sondag 4:10).

2:3. Op ons, Christene van die nuwe bedeling, rus nog 'n swaarder verantwoordelikheid. "hoe sal ons *ontvlug*" beteken dat ons van *iets* ontvlug wat hier nie genoem word nie. Dit is egter duidelik in die lig van 10:29; 12:25. In die woorde: "so 'n *groot saligheid verontagsaam*" lê iets van opsetlikheid. As 'n mens dink aan wat God doen en mense negeer of verwerp dit, is sy toorn begryplik (Matt. 22:1-7). En dit gaan om die *groot saligheid*, die reddende weldaad wat in Christus aan ons verkondig word (1:14; Rom. 1:16). Dit het die Here self verkondig – hier bedoel hy die Here Jesus (Matt. 11:28-30; Joh. 6:51, 54; 7:37; 10:27, 28, ens.). Dit is ook bevestig deur die wat dit gehoor het – bepaald die apostels (Hand. 1:8), maar ook andere (Hand. 8:4; 11:19-21).

Uit hierdie vers kan ons aflei dat beide die skrywer en die geadresseerdes nie meer van die eerste geslag Christene was nie. Hulle het die evangelie klaarblyklik nie van die apostels self gehoor nie.

2:4. God self bekragtig die evangelie as *medegetuie* deur *tekens* en *wonders* en *kragtige daade* en *bedelinge van die Heilige Gees* volgens sy wil.

*Tekens* is uitsonderlike daade (wonders) vir sover dit *iets anders* aandui, op iets anders wys. Gewoonlik bevestig of bekragtig dit die evangelie – dit openbaar die heerlijkheid van Christus (Joh. 2:11; 20:30,31).

*Wonders* is iets wat bo die gewone natuurorde uitgaan – soos genesingswonders (Mark. 16:17, 20; Hand. 3:1-7; 9:32 e.v.; 20:9,10).

"*Allerhande kragtige daade*" is gawes wat God aan bepaalde mense gegee het (2 Kor. 12:7-11). Ook dit dien om die evangelie te bekragtig.

"*Bedelinge van die Heilige Gees ...*" Eintlik staan hier *mededeling* of *uitdelinge* van die Heilige Gees. God deel die Gees uit op verskillende maniere en die gevolg is verskillende gawes en kragte (2 Kor. 12:11). En dit doen Hy *volgens sy vrymagtige wil*. Hy gee soos Hy wil en *wanneer* Hy wil en *hoe* Hy wil (2 Kor. 12:11).

### **Vrae: 2:1-4**

1. Hoe moet ons luister na die Woord van God?
2. Wat is die gevolg vir mense wat nie ag gee op die Woord nie?
3. Is dit sonde om nie te glo nie? Straf God die sonde?
4. Waarom is ons verantwoordelikheid groter as die van mense in die tyd van die Ou Testament?
5. Waarom doen God wonders en tekens en kragtige daede? Doen Hy so iets ook nog in ons tyd, ook in ons lewe?

### **Hebr. 2: 5-9. "Alle dinge het U onder sy voete gestel"**

2:5. Die skrywer sluit nou weer by sy betoog in 1:14 aan, naamlik dat Christus hoër as die engele is. "Aan die engele het Hy die toekomstige wêreld nie onderwerp nie." Aan Christus is dit wel onderwerp (Matt. 28:18; 1 Kor. 15:27; Ef. 1:10, 20-23; Filip. 2:9, 10).

2:6. Aan wie het God dan wel die wêreld onderwerp? Nou gee hy 'n aanhaling uit die Skrif om te toon dat dit eers werklik in Christus vervul is (Ps. 8:5). In Ps. 8 besing Dawid eers die grootheid van God en dan die heerlikheid van die mens – en tog is die mens 'n swakke sterweling en 'n sondaar (Ps. 144:3, 4). In Ps. 8:7 toon hy wat die mens is, wanneer God hom in guns besoek. Eindelik pas die skrywer dit op Jesus toe, nadat hy die geskiedenis van die mens in die algemeen in herinnering geroep het. Die mens – die mensdom as geheel – is nie werd dat God aan hom dink nie.

2:7, 8. "U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak" is 'n aanhaling uit die destydse Griekse Ou Testament (Ps. 8:7). Hier moet ons dan nie in die eerste plek aan *engele* as dienende geeste dink nie (1:14), maar as heerlike hemelse wesens rondom die troon van God. *God het die mens met heerlikheid en eer gekroon*, beteken dat Hy die gevalle mens weer tot heerlikheid bring. Dit pas hy op Christus toe. Hy is die tweede Adam (Rom. 5:12-15) aan Wie alles weer onderwerp word, soos dit aan Adam onderwerp was (Gen. 1:28). "Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan Hom onderwerp is nie." Dit sien ons eers met die wederkoms van Christus (Openb. 1:7; Filip. 2:9,10).

2:9. " ... *maar ons sien Hom ...*" In Hom, naamlik Jesus, sien ons reeds iets van die onderwerping van alle dinge aan Hom. Die skrywer wil daarmee benadruk dat Jesus die eerste *mens* is wat waarlik is wat in Ps. 8:7 van die mens gesê word. Ongeveer op dieselfde manier gebruik Paulus Ps. 8:7 in 1 Kor. 15:27. Vir 'n kort tydjie is Hy minder as die engele gemaak – Hy is verag en verneder (Jes. 53:3; Mark. 15:11-20). Hy is egter nou nie meer verneder nie, maar verhoog (Hand. 1:9-11; 7:55, 56). Vanweë sy lyde en dood is Hy as *mens* gekroon met heerlikheid en eer – Hy is nou alreeds Heerser oor alles (2:7, 8). Dit is merkwaardig hoe Jesus self sy lyde en dood alreeds sien as sy verheerliking (Joh. 13:31, 32; 17:4, 5). Hy het die heerlikheid en eer verdien (Matt. 28:18; Filip. 2:7-9). Pragtig en troosryk is die vrug van sy lyde: "*sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.*" Hy het die dood in sy volle werklikheid *gesmaak* – dit geheel ondergaan – en dit beteken genade vir elkeen. In die lig van "*baie kinders*" in vers 10 wil dit nie sê dat alle mense – hoof vir hoof – die genade ontvang nie, maar alleen die kinders van God of gelowiges (Joh. 3:16-18). So sal Ps. 8:7 uiteindelik vervul word ook in die gesaligde mensdom en nie in Christus alleen nie (Openb. 5:9, 10).

### **Vrae: 2:5-9**

1. Is Ps. 8:7 op die mens in die algemeen van toepassing?
2. Het dit daarmee te doen dat die mens deur sy tegniese en wetenskaplike middele gaandeweg meer en meer die aarde met sy bewonera en kragte aan hom diensbaar maak?
3. Wat, sou u sê, is die sleutelwoorde in vers 7 om die ware heerskappy van die mens te kwalifiseer?
4. Waarom sien ons in die wêreld so weinig van die heerskappy van Christus oor alle dinge?
5. Waar moet ons kyk en hoe moet ons sien om die heerlikheid en eer van Christus – ook in hierdie wêreld – te kan sien?

### **Hebr. 2:10-18. Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham**

2:10. Hier het ons te doen met die doel van Christus se verhoging. Hy het sy hoëpriesterlike werk getrou tot die dood toe vervul (Luk. 24:26). Sy dood hou egter iets bevreemdends in (1 Kor. 1:18, 22, 23). Daarom moet die skrywer iets meer sê van Jesus se dood. Die Jode het immers aanstoot daaraan geneem en ook hierdie Hebreërs sou ten minste daarvan bewus wees. Nou toon hy aan dat Jesus daarmee iets wou – ja, moes – bereik. Alleen deur die dood van die Middelaar kan alles reggestel word, ter wille van God, van Wie en deur Wie alle dinge is (Openb. 4:11; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15, 16). Omdat alles uit God is, reël Hy dit so dat alles tot sy eer moet dien. En dit is sy eer om baie kinders tot die heerlikheid te bring, langs die weg van die lyde van Christus (Hand. 2:39; Hand. 3:15; Hebr. 12:2). Met *kinders* word hier kinders van Adam, "mense", bedoel (5:8, 9). Só alleen is Hy die Bewerker van hulle saligheid om hulle ewige geluk volkome te maak. Sy kruisdood was dus die weg waarlangs God die profesie van Ps. 8 vervul in alle gesaligdes (Ps. 8:7).

2:11. "*Hy wat heilig maak*" is Jesus en "*hulle wat geheilig word*" is almal wat deur Hom verlos word (Joh. 17:19). Hier vertaal ons Bybel "Een" deur 'n hoofletter, wat dan op God sou sien. Hulle – die geheiligdes – is uit God gebore (Joh. 1:12, 13; Rom. 8:14). Ons verkies egter om. "een" te sien as hulle gemeenskaplike voorvader, Adam of eerder Abraham, want die skrywer dink verbondsmatig (vers 16). Die skrywer handel hier oor die mens wat in Christus die mens weer tot heerlikheid kom. Ook daarom dink ons liever aan sy afstamming uit Abraham, die verbondsvader van almal wat glo (2:14; Gal. 3:29). Hier word gepraat van *heilig*, reinig, om voor die aangesig van God te kan tree (4:16; 10:19-22). Teenoor die uitstralende heerlikheid (2:7, 9, 10) sien "heilig" op innerlike reinheid. "Geheilig word" beteken dan dat die wat in Hom glo, innerlik rein gemaak word (10:10, 14, 29; 13:12). Daaruit kom hy tot die slotsom dat Jesus Hom nie skaam om hulle "broeders te noem nie" (Mark. 3:34, 35; Matt. 25:40; Joh. 20:12; Rom. 8:29).

2:12. Om, wat hy pas gesê het, te bewys, kom hy met 'n Skrifbewys (Ps. 22:23). Ps. 22 is weer 'n tipies Messiaanse psalm – daarom pas Jesus dit op Homself toe (Matt. 27:46; Ps. 22:2). As *Broer* is Jesus nie alleen vleeslik aan hulle verwant nie, maar hulle is ook Sy "broers" omdat hulle deur sy bloed rein gewas is (Joh. 20:17; Rom. 8:29; *Kategismus*, Sondag 13:33).

2:13. Nou haal hy aan uit Jes. 8:17, 18. In Jes. 8 is die profeet persoonlik aan die woord. Hy persoonlik antwoord op wat die Here oor sy volk aankondig. Al trek God sy genade terug van die volk, hy sal nogtans op die Here vertrou, want die Here sal ná die gerig weer genade aan Israel betoon. Die *kinders van*. Jesaja is dan 'n teken van die oordeel en genade van die Here. So staan Jesaja reg teenoor die Here en voel hom een met sy volk. Hierdie woorde van Jesaja pas die Hebreërbrief nou toe op Jesus – hy lê dit in die mond van Jesus. Hy stel sy vertrou op God en is daarin gelyk aan die gelowiges

(2 Sam. 22:2, 3; Jes. 12:2 – vergelyk hierby Matt. 27:43). *As getroue Kneg van die Here, tree ook Hy voor God met sy "kinders"* (Joh. 17:6, 24). Die skrywer wil benadruk dat Jesus nie los staan van hulle wat aan Hom behoort nie – *hulle is vir Hom soos kinders vir hul vader is.*

2:14. Hy het nou bewys dat Jesus één met sy *broeders* (11, 12) en *kinders* (13) is, omdat hulle ook een *stamvader* het. Hy is egter ook "Seun" van God (1:1, 5) *en moes met die kinders één word deur "vlees en bloed" aan te neem.* Hy was dus nie van ewigheid af één met hulle nie, maar *moes* dit word om deur sy dood die duiwel te kon oorwin, en daarmee ook die dood (*Kategismus*, Sondag 6:16, 17 met Skrifbewyse). *Die duiwel het mag oor die dood – dit is hier die liggaamlike en ewige dood* (2 Tim. 1:10; 1 Joh. 3:8).

2:15. Jesus het nie alleen vlees en bloed aangeneem om die duiwel te oorwin nie, maar ook om mense te bevry. Die mense is eintlik *slawe* van vrees (4:15). Die slawerny het oor hulle gekom as 'n deel van die dood – hulle is alreeds hier *dood* in misdade en sondes (Ef. 2:1-5). Hulle is onderworpe aan die dood vanweë hulle eie sonde. Daarom leef hulle in voortdurende vrees onder die gees van slawerny (Rom. 8:15). Omdat Jesus die dood oorwin het, het Hy die vrees vir die dood weggeneem (1 Kor. 15:55-57).

2:16. *Pragtig! Jesus neem vlees en bloed aan om mense van vlees en bloed te red van die duiwel en die dood. Daaroor bekommer Hy Hom en nie oor die engele nie.* En dit is die mense aan wie God se beloftes toekom (Jes. 41: 8-10) – die geslag van Abraham. Hier moet ons onthou dat dit om almal wat God as die geslag van Abraham beskou, gaan (Rom. 4:11, 12; Gal. 3:29). Hy, Jesus, is hoër as die engele (1:4-6, ens.) en is dieper as die engele verneder (2:7) – nie ter wille van die engele nie. Hulle het dit nie nodig nie, maar die gevalle mens het. Oor hulle, die uitverkorenes of verbondsgeslag, bekommer Hy Hom. Ons moet wel daarop let dat Jesus self baie begaan was oor die Jode en steeds verklaar het dat Hy in die eerste plek ter wille van hulle, die kinders van Abraham, gekom het (Matt. 10:5, 6; 15:24; Luk. 19:41-44). As 'n mens daaraan dink dat die Joodse volk Hom verwerp het en hulle toe sy verbondswraak moes ondervind, is hulle voorbeeld ook vir ons 'n dringende waarskuwing (Hebr. 4:1, 2).

2:17. Hierdie vers sluit aan by vers 14. Hy moes in alles aan sy broeders gelyk word. Dit was Vir Hom 'n verpligting – *'n heilige moet* – om aan ons in alle opsigte gelyk te word, om Hoëpriester te kan wees (Hebr. 4:15). 'n Hoëpriester moes vir andere versoening kan doen en dit kon Hy alleen doen as *Mens*. Later word sy hoëpriesterlike werk breër uitgewerk (6:20-9:28). Hy moet barmhartig en getrou wees (4:15). *Barmhartig* (Matt. 15:32; Joh. 15:13) teenoor ons en *getrou* (Joh. 17:4) in die dinge wat met betrekking tot God staan. Hy staan nou as die verhewe Seun van God voor sy troon in die hemel – Hy wat as Hoëpriester die noodsaaklike offer gebring het omdat die volk voor God skuldig was (Openb. 5:6). Hy het hulle sondes versoen en so God se wil volbring op aarde. Daarom kan ook die volk of sy broeders nou vrymoediglik tot God nader (Hebr. 5:1). Die skeiding tussen ons en God – ons sonde – is versoen en daarom weggeneem en ons het vrede met Hom (Rom. 5:1).

2:18. As Hoëpriester kon Hy die versoening nie onbewoë volbring nie, maar met smarte aan liggaam en siel. Hy moes *mens* wees, eers dan kon Hy as waaragtige mens ly (Hebr. 4:15). Hy het self onder versoeking gely (Matt. 4:1–11; 16:23). Daarom kan Hy by uitnemendheid die help wat versoek word (Hebr. 4:15, 16). Hier dink hy moontlik aan bepaalde versoeking by die mense aan wie hy skryf. Die hele "volk" (17) is egter voortdurend aan versoeking blootgestel – ook ons (1 Kor. 10:12, 13).

### **Vrae: 2:10-18**

1. Waarom is Jesus se kruisdood vir mense 'n struikelblok? Is dit vir enige mens maklik om in die kruis te glo, wanneer jy besef dat "glo" beteken dat jy ook jouself moet kruisig?



2. Sou u uself "geheilig" kan noem (vers 11; 1 Kor. 1: 2)?
3. Sou u kon sê dat u 'n *broer* of *suster* van Jesus is?
4. Sou ons onself met reg "kinders van Jesus" kan noem (vers 13)?
5. Waarom moes die *Seun*, wat God is, ook die menslike natuur aanneem?
6. Is dit reg dat ons nog vrees (bang is) vir die dood en die oordeel van God? Gee redes vir u antwoord in die lig van die behandelde gedeelte.
7. Hoe kom ons enigste troos in lewe en sterwe hier aan die lig (*Kategismus*, vraag 1)?
8. Wat beteken dit vir ons dat Jesus ons enigste Hoëpriester is?
9. Die opstellers van die *Heidelbergse Kategismus* moes Hebreërs 2 in besonder in gedagte gehad het toe hulle Sondag 5-7 opgestel het. Is dit waar? Waarom?

## HEBREËRS 3

### **Hebr. 3:1-6. Jesus is meer heerlijkheid waardig as Moses**

3:1. "*Daarom*" trek 'n slotsom uit die hele voorafgaande betoog (hoofstuk 1, 2). Op grond van wat hy gesê het, vermaan hy om ag te gee op Wie ons in Jesus het. Hier spreek die skrywer die lesers die eerste keer as "broeders" aan. Hy is nie alleen één met hulle nie, maar hy wil hulle iets ernstigs op die hart druk. Hulle is ook "*broeders*" van Jesus Christus (2:12). Hulle is selfs "heilige" broeders (2:11; 1 Kor. 1:2). Hulle is deur Christus tot die eiendom van God gemaak, "geheilig", omdat Christus se heiligheid hulle toegereken word (Ef. 1:4).

"... *deelgenote van die hemelse roeping ..* ." (Hoe hoog is die gelowige bevoorreg!) Uit die hemel is hulle geroep (Filip. 3:14). Dit is 'n voortdurende roeping. Juis daarom gaan hulle roep ook gedurig uit na die hemel – hulle roep om verlossing uit die slawerny (2:15). *Roeping* beteken allereers dat die Here ons roep deur sy Woord (Ef. 4:1, 4; Kol. 3:15; 2 Thess. 2:14; 1 Tim. 6:12). Ons *roep* tot Hom is eintlik in antwoord op sy roeping (Jes. 58:9; 65:24; Ps. 4:2; 34:7, 18; 50:4 – let daarop hoe die roep steeds 'n gebed om hulp bly, wat die nood ook al is). Hulle het deel aan die gemeenskaplike roeping – is deelgenote daarvan (Ef. 4:4).

"... *let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Jesus Christus ...*" "Apostel" beteken *Gesant*. Hier is *die Gesant deur God gestuur* (Matt. 10:40; Luk. 4:43; Joh. 20:21), om 'n bepaalde opdrag te kom vervul (2:17; Joh. 20:21). Sy verlossingswerk – sy priesteramp – het sy oorsprong in God wat Hom gestuur het (Joh. 3:16). Hy is bowendien ook Gestuurde van God om met ons te praat (1:2). Dat Hy *Hoëpriester* is, wys terug na 2:17, maar word later telkens genoem (4:14, 15; 5:5, 10, ens.). "... *van ons belydenis*" wys hier op 'n algemene vaste belydenis van alle Christene. Dit is 'n belydenis gebind aan die *Persoon van Jesus Christus* (Rom. 10:9; Hebr. 4:14; 10:23).

3:2. Die Apostel en Hoëpriester, Jesus Christus, was getrou aan sy Sender (Joh. 17:4, 6, 8; Hebr. 12:2, 3). Dan vergelyk hy Jesus met Moses – die "Middelaar" van die Ou Verbond, wat deur die Jode baie hoog geskat is (Joh. 7:22, 23). As "Middelaar van die Ou Verbond" verskyn hy selfs aan Jesus (Matt. 17:3, 4). Vir die Jood was Moses die grootste mens denkbaar (Deut. 34:10-12). Hier verwys die skrywer na Num. 12:7 (Hebr. 8:6). Moses was in alle opsigte getrou. So ook was Christus in alles getrou.

3:3, 4. Christus is die *Bouer* van die *huis* – sy gemeente. Moses is 'n deel van die *huis* (Matt. 16:18; 1 Kor. 3:9). Daarom staan Christus ver bo Moses (Hebr. 1:2; Filip. 2:9). Die argitek en bouer van 'n huis is tog belangriker as die huis self. Elke huis word deur iemand gebou, dit is algemeen bekend. Maar selfs al sou Moses 'n *bouer* van die volk Israel gewees het, staan Christus veel hoër as hy, want by Jesus kom ons in aanraking met Eén, wat nie maar 'n bepaalde huis gebou het nie, maar wat die Skepper is van alle dinge, naamlik God (Joh. 1:1-3; Hebr. 1:2).

3:5, 6. Moses was wel getrou as 'n dienaar (Ex. 14:31; Num. 12:7). Hy het as dienskneg aan die volk van God gebou. Hy was egter self nie die ware Middelaar nie, maar het van Hom getuig (Deut. 18:15, 18, 19). Teenoor Hom was Moses bloot 'n dienskneg – eintlik is die Griekse woord "*slAAF*". Christus is egter die *Seun oor sy huis* (1:2, 8; 5:8; vergelyk in , 'n ander verband Gal. 4:28-31). Hy is daarom nie *in* God se huis nie, maar *oor* sy huis. Hy is nie alleen Seun (van God) nie, maar ook die *Christus* – die Middelaar, wat amptelik deur God aangestel is (Ps. 2:6, 7; Matt. 28:18). Hier pas die skrywer nou die beeld van die "*huis*" toe op die *gelowiges of kerk van Christus* (Ef. 2:19-22; 1 Tim. 3:15; 1 Pet. 2:5). En dan voeg hy by: "*En ons is sy huis as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou.*"

"*Vrymoedigheid*" is die vryheid, die vergunning van God waarop ons kan staatmaak (Rom. 5:1, 2). Daarin moet die gemeente volhard. Hiertoë word die Hebreërs vermaan (3:12; 4:1). Hou hulle nie hieraan onwrikbaar vas nie, is hulle geen huis van God nie (2 Kor. 13:5). Die vrye toegang tot God gee ons die genade om te kan *roem*, nie in onsself

nie maar in God (Rom. 5:2, 3, 11). "*en die hoop*" is ons toekomsverwagting (Rom. 5:2-5; 8:24, 25; Hebr. 6:11, 18, 19). Leef die Christen in die vaste wete van die vrymoedigheid en hoop, het hy rede om onder alle omstandighede te roem. 'n Gemeente wat gedurig kla en sug het alle rede om bekommerd oor sy anker te wees. Hieraan moet ons "*onwrikbaar vashou*" (3:14; Matt. 24:13; Openb. 2:14). Hier noem die skrywer 'n paar kenmerke waaraan die ware gemeente uitgeken kan word (Rom. 5:2).

### **Vrae: 3:1-6**

1. Om watter twee redes noem ons mekaar "broeders en susters"?
2. Wat beteken u "roeping"? Is u verseker daarvan? Hoe weet u dit?
3. Waarom word Jesus hier "*Apostel*" genoem? Is alle gelowiges in 'n bepaalde sin apostels?
4. Is ons *belydenis* van lewensbelang? Wat is altyd die hoofinhoud van ons belydenis?
5. Waarom is Jesus (2, 3) hoër as Moses? Het dit iets te doen met die feit dat Hy self God is?
6. Waarom word die kerk dikwels 'n huis of woning genoem? Dink u dat baie sogenaamde Christene in ons tyd nog 'n woning van God kan wees - innerlik en uiterlik? Motiveer en pas dit ook op uself toe.
7. Watter kentekens van die ware gelowige vind ons in vers 6? Kan u sê dat u daaraan beantwoord?
8. Wat beteken dit dat ons Nagmaalsformulier verklaar dat ons saligheid buite onself in Christus geleë is?

### **Hebr. 3: 7-19. "*Verhard julle harte nie*"**

3:7-9. Hy het die voorregte van die kinders of huisgenote van Christus opgesom. Nou vermaan hy met 'n aanhaling uit Ps. 95: "*Daarom, soos die Heilige Gees spreek...*" Ook in die Ou Testament is die Heilige Gees aan die woord (2 Tim. 3:15; 1 Pet. 2:5). Dawid se woord in Ps. 95 is ingegee deur die Heilige Gees – daarom vermaan die Heilige Gees in werklikheid (Hand. 1:16; Hebr. 9:8). Hebr. 3:7-11 is 'n aanhaling uit Ps. 95:7-11, volgens die destydse Griekse vertaling van die Ou Testament. Hierdie woorde geld in die eerste plek vir die volk in die woestyn, tot wie die Heilige Gees deur Moses gepraat het. Tweedens geld dit vir die tydgenote van die digter van Ps. 95. In die derde plek is dit bedoel vir die lesers van die Hebreërbrief in hulle tyd en uiteindelik is dit nog altyd geldig, ook vir ons. Die Heilige Gees sê ook vir ons: "Vandag as julle my stem hoor, verhard julle harte nie ..." Om die *hart te verhard* is 'n tipiese Hebreeuse uitdrukking – jy maak jou hart so hard dat die gesproke woord geen ingang vind nie. Jy weerstaan dit (Hebr. 4:2; Jes. 6:10). "*Meriba*" en "*Massa*" in Ps. 95 word nou hier weergegee, soos die ou Griekse vertaling, in wat die name beteken: *verbittering* en *versoeking* (Ex. 17:7). (Lees Ex. 17:1-7, die geskiedenis wat aanleiding gegee het tot die naamgewing.) "*Verbittering*" beteken dan dat hulle die toorn van God verwek en *versoeking* dat hulle, soos ons sou sê: "God uitprobeer" – hulle wil sien hoe ver hulle kan gaan met sy geduld. Dit is 'n gevaarlike speletjie (Hand. 5:3-5; 7:51-53). "waar julle vaders My *versoek*, My *beproof* het ..." Deur God te *versoek*, is jy daarop uit om sy toorn te verwek (Matt. 4:7; 1 Kor. 10:9). *Beproof* hou nog die hoop in dat daar iets goeds uit gebore mag word (Gen. 22:1). Hulle volhard ondanks die werke van God wat hulle vir veertig jaar in die woestyn gesien het (1 Kor. 10:1-13).

3:10, 11. Op menslike wyse word gepraat van God se toorn – Hy het *toornig* geword – anders sou ons dit nie begryp nie. God praat eers as 't ware tot Homself: "Altyd dwaal

hulle met die hart..." Die oorsaak van die kwaad lê in die *hart* – dit is die diepste innerlike van die mens (Matt. 15:17-20). Is die hart verkeerd, dan is die wandel of lewe ook verkeerd; dan ken hulle nie die weë van die Here nie (Joh. 10:25-27 – "my skape luister ... en volg...") Hulle ken sy weë nie – daarom bewandel hulle dit nie. "... sodat Ek in my toorn gesweer het..." is weer 'n mensvormige uitdrukking om ons te laat begryp dat God se besluit onwrikbaar vas is (Gen. 22:16; 26:3; Jer. 11:5; Hebr. 7:21). "*Hulle sal in my rus nie ingaan nie ...*" sien op die ingaan in Kanaän, die beloofde land (Num. 14:21-23).

3:12. Hier kom nou die eintlike vermaning van die skrywer aan die gemeente. Hy sluit hom in sy waarskuwing aan by die woorde uit Ps. 95. Die voorbeeld van Israel is die rede waarom hy waarsku. Dit kan met hulle (en ons) ook so gaan (4:1; 6:4; Rom. 11:20-22). Hy gee ons selfs 'n blik in die gemeente. Daar is sommige wat miskien besig is om op die pad van ongeloof te gaan – en dan raak dit die hele gemeente. Hy kom in sy vermaning by die wortel: "*'n bose en ongelowige hart*" Dit was ook die sonde van Israel in die woestyn (3:8, 11; 4:2). God is die "lewende God" teenoor die dooie afgode (Jes. 46:5-8). Dit wil nie sê dat hierdie gemeente tot afgodery sou verval nie, maar daar is 'n teruggang en verslapping en selfs eiewilligheid – hulle raak meer en meer los van God. *Die waarskuwing het 'n sentrale betekenis en plek in die brief.* Dit gaan hier bepaald om die kernsonde van die Hebreërs (4:1-3; 6:4-6; 10:23-31).

3:13. Hy moedig die gemeente ook aan om mekaar te vermaan (10:24, 25). Christene moet toesig oor mekaar uitoefen (1 Thess. 5:11). Doen *dit eike dag – moenie uitstel tot môre nie, is die* betekenis van "so lank as dit vandag genoem word". Indien 'n mens aanhou met 'n sonde word jy al meer daaraan gewoond en word, verhard. Die sonde is aantreklik en verleidelik (Rom. 7:11). Uiteindelik kan jy nie omdraai nie, jy is vasgegroeï aan die sonde. Dit is al die begin van die oordeel op aarde.

3:14. Teenoor die *verharding in sonde* staan die *volharding in die geloof*. "Bly in My, soos Ek in julle" (Joh. 15:4. "*Want ons het deelgenote van Christus geword ...*" (1:6, 9; Joh. 15:1-4). Dit beteken dat *ons deel aan Hom en al sy skatte en gawes het (Kategismus, Sondag 21:55)*. Nou volg 'n voorwaardelike sin. Hy wil waarsku dat uiterlike lidmaatskap van die gemeente nie genoeg is nie, maar dat jy eers waaragtig 'n lid van die volk van God is as jy standvastig bly tot die einde toe (Luk. 21:19; Rom. 2:7; 2 Kor. 12:12; 1 Tim. 4:16; Hebr. 12:1). "... tot die einde toe" kan beteken tot die dood (2 Tim. 4:6-8) of tot die voleinding toe (Openb. 2:7, 11, 17, ens.).

3:15, 16. Die skrywer kan nie ophou vermaan om tog te luister na die stem van die Here in sy woord nie (3:7, 8). Dit is uiters moeilik om aan 'n ongehoorsame tuis te bring dat hy besig is om hom teen God te verhard. Daarom verwys hy weer na Ps. 95. "Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het?" (Die antwoord kry ons in Num 12:2, 4, 11; Deut. 1:34-36, 38).

3:17. *In die* veertig jaar in *die* woestyn was God vertoornd op die wat gesondig het. Hier sien dit op 'n bepaalde sonde (Num. 14:29; 1 Kor. 10:5). Dit is hulle wat nie op die belofte van die Here vertrou het dat Hy die beloofde land aan hulle sal gee nie.

3:18. Die *ongehoorsames* het die belofte nie ontvang nie – hulle verloor die beloofde land. Hulle het hulle besondig deur ongehoorsaam te wees aan die bevele van God. Sonde is in wese altyd ongehoorsaamheid (Gen. 2:16, 17; 3:6,11).

3:19. Waarom was hulle ongehoorsaam? Omdat hulle nie geglo het nie. So is en bly dit altyd (Joh. 10:24-27). Ongeloof kan ons ook weer ongehoorsaamheid noem – mense wil nie luister nie, daarom glo hulle nie (4:6, II).

### **Vrae: 3:7-19**

1. Het die Heilige Gees al met u gepraat? Hoe en wanneer?
2. Het u al so opgetree dat u God verbitter en versoek het?

3. Waarom moet u veral waak oor u hart?
4. Wat is die verskil tussen *versoek* en *beproof*?
5. Wie beproef u en wie versoek u?
6. Waarin kom aan die lig dat 'n mens se hart teenoor God reg of verkeerd is?
7. Word God werklik kwaad en sweer Hy werklik soos 'n mens?
8. Kan ons sê dat Israel vir ons 'n waarskuwende voorbeeld is? Is hulle geskiedenis ook vir ons 'n troosryke voorbeeld?
9. Vermaan u u medemens elke dag (môre mag dit te laat wees)?
10. Loop u, of iemand wat u ken, die gevaar om verhard te word? Kan en mag 'n mens dit onverskillig aanvaar?
11. Sal u die heerlikheid, beërf indien u sê dat u *glo*, maar nie standvastig volhard in die goeie stryd nie?

## HEBREËRS 4

### **Hebr. 4:1-8. Israel het die rus nie ingegaan nie**

4:1. Die skrywer bly nog besig met Ps. 95, waarmee hy in 3:7 begin het. Nou lê hy hom egter meer toe op die betekenis van die *rus* waartoe ingegaan word. Dit is nog nie te laat nie. God kom nog met sy roepstem – vandag nog – en die wat luister, gaan die rus in. "*Laat ons dan vrees ...*" Wees bang, skrik daarvoor (Luk. 12:4, 5). Dit moet ons grootste vrees bly – vir onself en vir andere – dat iemand die belofte van God negeer en agterbly of agtergelaat word. God se belofte is oneindig genadig en staan vas, maar dit hou altyd ook die dreiging vir die ontroue in (6:4-6; 2 Tim. 3:5). Die volle belofte vind ons in 4:11. *Om die rus in te gaan* kry gaandeweg 'n breër betekenis. Vir Israel in die woestyn was dit die belofte om Kanaän binne te trek. Vir Israel in Kanaän (Ps. 95) sien dit op die rus deur te lewe na die wil van God en vry van die verdrukking van hulle vyande te bly. Uiteindelik gaan dit dan om die ewige rus – die rus van die sonde en die rus met God (*Kategismus*, Sondag 38). "*Agterbly*" kan ons ook sien as "*te laat kom*" (Matt. 25:10-13). Uit die geskiedenis van Israel in die woestyn weet ons dat daar 'n tyd kom dat God nie meer roep nie, maar straf – die genadetyd gaan verby. Almal moet daartoe meewerk dat dit niemand oorkom nie.

4:2. Aan ons is die evangelie verkondig, net soos aan hulle; daarom loop ons dieselfde gevaar as hulle (3:18). "*Evangelie*" – "*Blye Boodskap*", kan ook 'n *oordeelsboodskap* word, as dit by die hoorders nie met die geloof verenig of aanvaar word nie. Wat dit des te dringender maak, is dat nie alleen Israel in die woestyn nie, maar selfs Israel in die tyd van Dawid en Christus nie geglo het nie (Matt. 11:15, 20-24; Openb. 1:3).

4:3. Die skrywer sluit weer by die begin van vers 2 aan. Die evangelie is verkondig en ons wat *glo*, gaan die rus in. God hou sy eed (Ps. 95:11; Hebr. 3:11) – positief en negatief. "... *alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is*", dui op Gen. 2:1-3. Sedert die voltooiing van die skepping *rus* God – lank voordat die belofte van die rus tot Israel in die woestyn gekom het. Hy wil die mens in sy rus laat deel. Daaruit is dit duidelik dat die rus in Kanaän slegs 'n afbeelding of voorbeeld is van die veel ryker rus wat elke gelowige sal ontvang (*Kategismus*, Sondag 38).

4:4, 5. Wat aan die einde van vers 3 gesê is, word nou uit die Skrif bewys (Gen. 2:2). Nadat Hy sy skeppingswerk voltooi het, het God op die sewende dag gerus. Dit is merkwaardig dat die skrywer alles uit die Ou Testament bewys en hom nêrens op Jesus en die apostels beroep nie (Ex. 20:11; 31:17). Die *rus* word deur geen nuwe skeppingswerk onderbreek nie. Dan keer hy weer terug na Ps. 95:11. Daarom geld die dreiging en belofte nog, ook vir ons; omdat die psalm die eed van Num. 14:28 herhaal, geld dit vir alle tye.

4:6, 7. Met verwysing na 3:18, 19 sê die skrywer nou: Die ongehoorsames uit Israel in die tyd van Moses kon nie ingaan nie, maar ook die meeste van hulle "aan wie die evangelie eers verkondig is" het deur ongehoorsaamheid nie ingegaan nie (Rom. 9:27, 30-33). Dan verwys hy weer na Ps. 95:7, wat hy aan *Dawid* toeskryf soos die Griekse Ou Testament wat hy gebruik het. (In ons Bybel wat uit die Hebreeuse teks vertaal is, word nie gesê wie die skrywer van Ps. 95 is nie.) "*Vandag*" sien die skrywer as die tyd van Dawid (3:7). Uit sy toepassing (4:9-13) blyk egter dat hy "*vandag*" eintlik sien as *elke dag*, solank die tyd van genade voortduur.

4:8. Eindelik bereik die skrywer die einde van sy betoog uit Ps. 95. Hierna volg die toepassing op die gemeente en op ons. Josua, die opvolger van Moses, het wel mense die beloofde land binnegelei (Jos. 21:43). God se belofte sien egter verder as die *rus in Kanaän*. Daarom praat Ps. 95 weer van "*vandag*" en die *rus*, vir die mense van sy tyd. Dit was 'n andersoortige rus – *die rus in die vrese van die Here en die aanbidding van sy Naam*. Dit is die diepe betekenis van die belofte van God. Israel was 'n voorbeeld of tipe van die ware volk van God van alle tye. (In Grieks lees ons hier nie "Josua" nie, maar *Jesus*. Die destydse Griekse Ou Testament het *Josua* altyd so weergegee – die naam *Jesus* is bloot die Griekse vorm van Josua.)

### **Vrae: 4:1-8**

1. Wie word agtergelaat en wie gaan in in die rus?
2. Waarom noem ons *Kategismus* die verkondiging van die evangelie 'n sleutel van die hemelryk (Sondag 31:83, 84)?
3. Wat beteken dit dat God op die sewende dag gerus het?
4. Kan ons sê dat Num. 14:28 ook op ons van toepassing is? Waarom?
5. Hoe begryp u "vandag" in Ps. 95?
6. Sou u sê dat Josua 'n voorbeeld of tipe van Christus is, afgesien daarvan dat hulle dieselfde naam gehad het?

### **Hebr. 4:9-13. Daar bly 'n sabbatsrus oor vir die volk van God**

4:9, 10. Hierdie paar verse is van groot belang om die Bybel en sy boodskap te begryp. Die skrywer trek sy konklusie uit sy voorafgaande betoog uit Ps. 95 en dan pas hy dit op die gemeente van alle tye toe. Die belofte bly geldig. Die volk van God, wanneer hulle ook al leef, is altyd daarby betrokke. Dat Dawid die belofte herhaal, laat aan die lig kom dat dit om iets blywends gaan.

Hier noem hy die rus 'n "*sabbatsrus*". Dit bepaal die inhoud van die rus as *geestelike rus* – vrede met God (Rom. 5:1), en daarom rus in jou innerlike (Matt. 11:28-30). Ons het deel aan die rus van God op die sewende dag. Dit beteken nie dat God niks gedoen het nie, maar dat Hy Hom verlustig het in sy skeppingswerk (Gen. 2:3; Ps. 104:31). In beginsel het ons nou alreeds die rus (Matt. 11:28, 29), maar eers in die heerlikheid sal die *rus volkome wees* (Openb. 14:13; 21:3, 4). Dit beteken ook vir ons nie om niks te doen nie, want in die heerlikheid sal ons Hom dag en nag dien (Openb. 7:15). Hier op aarde bestaan dit ook daarin dat ons Hom kan dien (Matt. 11:29). Dit beteken dat ons werk sonder die "sweet van ons aangesig" (Gen. 3:19). *Sabbatsrus* is 'n blye en vreugdevolle rus. Ons verlustig ons in die werke van God (Ps. 37:3-6). Dit is ons *lewe* – die rus van die ewige lewe, wat ons nou reeds in beginsel besit.

4:11. Nou volg die finale toepassing van Ps. 95 op die kerk van alle tye. Die sabbatsrus kan by ons verbygaan indien ons ons nie daarvoor beywer nie (3:12, 18, 19). Vanselfsprekend sien die skrywer in "iemand" nie die hele gemeente nie, maar die ontroues wat hulle nie *beywer* nie (Luk. 13:24). Weer word gewys op die ontroues uit Israel wat in die woestyn *geval* of omgekom het. Die hele gemeente moet hulle beywer. Elkeen moet op homself ag gee, maar elkeen moet ook op die ander let en hulle beywer dat niemand uit die gemeente in die oordeel val nie (Gal. 6:1-5; 1 Thess. 5:5-11).

4:12. Die vers is 'n kernuitspraak oor die betekenis van die Woord van God of die Bybel. Die vermoede bestaan dat hy die woorde aanhaal uit die een of ander aan ons onbekende spreuk. Hy wil daarmee die erns van die voorafgaande vermaning onderstreep.

"die woord van God" beteken:

1. Jy het met *God* te doen – dit is sy woord (10:30, 31).
2. Hier word "Logos", die Griekse woord wat ook in Joh. 1:1-3, 14 op Christus sien, gebruik. "Woord" is ook 'n Naam van die Middelaar. Ons kan dit ook so opneem (1:1).
3. Dit sien egter hier klaarblyklik alleen op die woord wat God gespreek het, veral in die Ou Testament, in die lig van die voorafgaande betoog uit Ps. 95. Dit ontnem egter geensins van die erns daarvan nie (Joh. 6:63, 68; Joh. 15:3; Rom. 1:16; 1 Thess. 2:13; 2 Tim. 3:16). God doen gewis wat Hy gesê het; sy Woord kan nie gebreek word nie (Joh. 10:35; Hand. 7:38).

Daarom is die woord "lewendig en kragtig en skerper as enige *tweesnydende swaard*." Ook die uitdrukking "*tweesnydende swaard*" moet ons van naderby beskou. "Swaard" sien op oorlog. Daarmee word *doodgemaak* (Spr. 5:4; Jes. 49:2; Ef. 6:17; Openb. 1:16; 2:16). *Tweesnydend* beteken dat dit na albei kante sny. Dit skei mens van mens. Dit verkondig genade en oordeel. Hoe drasties dit kan skei, blyk uit die uitdrukking: "*en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en Murg*." *Siel en gees* sê eintlik dieselfde naamlik jou innerlike, die wesenlike van jou bestaan. Dit is onskiedbaar. *Siel* kan ons as die ruimere aanduiding van die *lewe* beskou (1 Thess. 5:23; Matt. 16:25, 26 – hier word die woord *siel* (*psigé*) beide deur *lewe* en *siel* vertaal). Met *gees* sou dan die engere, die eie persoonlikheid, bedoel word. Hoe deurdringend skerp die Woord van God is, word daardeur aangedui dat dit *skei wat menslik nie geskei kan word nie*. Dit skei ook *gewrigte en murg*, of *spiere en murg*. Dit is weer vir die bestaan van die menslike liggaam noodsaaklik dat gewrigte en murg nie geskei word nie. So ernstig en dringend sny die Woord van God: dit sny die menslike lewe uitmekaar. "... *en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart*." Watter mens ken die innigste gedagtes van 'n ander mens se hart? Die Woord van God dring egter daarin en ken en beoordeel dit. Hy oordeel alles, ook dit wat uit die sentrale en diepste bestaan van die mens kom, ja, wat daarin gebeur (Matt. 5:28; Openb. 2:23; Ps. 17:3; Luk. 16:15). 4:13. Niks en niemand is vir God verberg nie (Job 34:21; Ps. 33:13, 14; Spr. 15:11; Joh. 12:48; 1 Kor. 4:5). Oral werk Hy met sy Woord. Het ons te doen met sy Woord, het ons met Hom te doen – die alsiende en alomteenwoordige God, aan wie ons rekenskap sal gee van wat ons dink en sê en doen (Openb. 20:12).

#### **Vrae: 4: 9-13**

1. Wat beteken "sabbatsrus"? Besit u dit alreeds?
2. Ons glo in die uitverkiesing en weet dat ons alles uit genade in Christus ontvang, waarom moet ons ons dan beywer om "in te gaan in die rus"?
3. Wat dink u oor die stelling van Totius: "Die Christelike liefde is heilige bekommernis oor jou medemens"?
4. Waarom moet u altyd die Woord van God ernstig opneem?
5. Wat is die verband tussen 4:12 en 4:13?

#### **Hebr. 4:14-16. Ons Hoëpriester het medelye met ons**

4:14. Die skrywer het reeds verwys na die hoëpriesterskap van Christus en nou gaan hy meer in besonderhede daarop in (2:17; 3:1). Ons het 'n "*groot Hoëpriester*". So onderskei Hy Hom van die hoëpriesters van Israel (10:21; 13:20). Hy is so groot dat Hy self "*die hemele deurgegaan het*" (7:26; Ef. 4:10). Die Joodse skrywers onderskei tussen verskeie *hemele* (1 Kor. 12:2-4). "*Hemele*" kan dan wees: die *wolkehemel* (Gen. 7:11, 8:2), die *sterrehemel* (Mark. 13: 25) en die *woonplek van God en sy engele* in die heerlijkheid (Hand. 3:21; 2 Kor. 5:1). So het Christus dan met sy hemelvaart "*die hemele deurgegaan*". Soms word "*hemele*" egter gebruik om die majesteit en heerlijkheid van die hemel te beklemtoon (8:1; 9:24; 10:34). Ons groot Hoëpriester is "*Jesus die Seun van God*". Dit is sy *aardse* en sy *hemelse* Naam. Hy sit sy werk as Hoëpriester in die hemel voort – Hy bid vir ons (Rom. 8:34). Aan die ander kant sou Hy nie in die hemel ons Hoëpriester kon wees, indien Hy dit nie ook op aarde was, toe Hy eenmaal Homself geoffer het nie (7:27). Aan die belydenis moet die lesers vashou – en ons ook (10:23; 1 Tim. 6:13, 14). Sonder die belydenis is ons verlore (Gal. 1:8, 9).

4:15. Ons moet aan die belydenis vashou, omdat ons 'n Hoëpriester het wat ons *kan* en *wil help*. "*Swakhede*" sien hier op struikeling in sonde – *onopsetlike sonde* (5:2; 10:26; 1 Joh. 5:16; Lev. 4:2, 22, 27; Num. 15:27). Hy, ons Hoëpriester, het medelye – Hy bejeën ons met liefde en erbarming (Matt. 9:36). As mens op aarde is Hy self in alle



opsigte *versoek*. Ons kan sê dat die duiwel alle kragte teen Hom gemobiliseer het en Hy elke dag met helse lis aangeval is (Matt. 4:1-11; 16:22, 23; 27:39-43). Hy het egter nie, soos ons, beswyk voor die versoekinge nie – "*maar sonder sonde*". Ons kan vertaal: *sonder om sonde te doen* (2:17; 5:2; Joh. 8:46; Hebr. 7:26; 1 Pet. 2:22). Hy is gelyk aan ons in die versoeking, maar nie in die weerstand teen die versoeking nie. Ons val en struikel – Hy het dit nooit gedoen nie.

4:16. Ons kan dus met vrymoedigheid die troon van God nader, ten spyte van ons swakhede en struikelinge. Op die vraag: "Wat sal ons doen met ons sondes?" is die antwoord: "Gaan na die troon van genade!" (Hand. 2:37; 16:30; Ef. 3:12). *Vrymoedigheid* beteken dat ons dit *mag* doen en ook *moet* doen op grond van die werk van ons groot Hoëpriester (7:25; 10:22; 11:6; 12:18, 22-24). Om Christus ontwil is God se troon 'n *genadetron* vir die wat in sy Naam tot die troon nader. Vir die ongelowige bly dit egter die teendeel (Openb. 5:9; 6:15-17).

Só wys die skrywer aan sy lesers die weg. Hulle dreig om af te val van die lewende God (3:12), maar hulle kan en moet na Hom terugkeer. Dit moet hulle doen deur die gebed, wat God sal verhoor ter wille van die werk van Christus. Dit gaan egter ook om 'n dankbare lewe, deur te volhard in die stryd en vas te hou aan die geloof (Luk. 11:13; 2 Tim. 4:7, ens.).

"... *genade vind op die regte tyd ...*" sien op die *genadetyd* wat verby gaan. Vir sommige mense is die tyd van genade al verby solank hulle nog in hierdie lewe is, vanweë hulle verharding. Vir andere is dit verby wanneer die dood intree of Christus op die wolke van die hemel verskyn (6:1-6; Openb. 1:7; 14:13).

#### **Vrae: 4:14-16**

1. Waarom is Christus ons "*groot* Hoëpriester" (*Kategismus*, Sondag 12:31; Ps. 110:4).
2. Wat beteken dit dat Hy die hemele deurgegaan het?
3. Hou u persoonlik vas aan die belydenis (vers 14)?
4. Ons is almal sondaars met swakhede. Is daar tog 'n verskil tussen een sondaar en 'n ander een? Wat is die verskil tussen 'n *gelowige* en *ongelowige* sondaar? Hoe kan u – as sondaar – seker wees van u geloof (Joh. 10:27)?
5. Wat beteken dit vir ons dat Christus teen alle versoekinge staande kon bly sonder om te sondig (*Kategismus*, Sondag 6:16)?
6. Kan u met vrymoedigheid die troon van God nader? Waarom?
7. Moet u nalaat om te bid, indien u nie vrymoedigheid het nie?
8. Waarom *beveel* die Here ons so herhaaldelik om te bid?
9. Mag 'n mens maar uitstel om jou te bekeer, al weet jy dat jy verkeerd is? Motiveer u antwoord.
10. Is daar in die kerk, soos ons hom ken, ook onbekeerde mense (*Ned. Geloofsbelydenis*, art. 29; *Kategismus*, Sondag 30:81; 32:85).

## HEBREËRS 5

### **Hebr. 5:1-5. Christus deur God aangestel as Hoëpriester**

5:1. Die skrywer sluit nou weer aan by sy behandeling van Christus as ons Hoëpriester (4:14, 15). Hy begin egter by die algemene amp van hoëpriester by die volk Israel. Hy word *uit die mense geneem* – hy is self 'n mens. Hy staan in diens van die mens en werk ten behoeve van mense (8:3; Ex. 28:1; 30:30; 40:15). Sy amp raak egter die verhouding van mense tot God (Ex. 30:10; Lev. 1:1-5; 4:5-7, 20). Die priester tree met gawes en offers vir die volk by God in. "Gawes" en "offers" sien op die bloedige offers om die volk se sondes te versoen. Die skrywer handel hoofsaaklik oor die "Groot Versoendag", maar ons moet die uitdrukking "gawes en offers" sien as die samevatting van alle offers (8:3; 9:9). Die priester uit die mense is dus deur God aangewys en staan met die *offerbloed* in sy hande tussen die volk en God – hy tree op as "middelaar" om hulle sondes te versoen (1 Kor. 15:3).

5:2. Die normale Ou-Testamentiese priester kan "*saamvoel*" met die onwetendes en dwalendes ..." "Saamvoel" hier druk nie so sterk as "medelye" (4:15) sy barmhartigheid of meegevoel uit nie. Geen mens, behalwe Jesus, se *medelye* is werklik selfopofferende liefde nie (Joh. 15:13; Matt. 9:36). Die gewone hoëpriester voel allereers saam, omdat hy self ook "met swakheid bevange is". Jesus daarenteen het medelye omdat Hy ook *versoek* is en nie omdat Hy ook *gestruikel* het nie. "Onwetendes en dwalendes" wys hier weer op onopsetlike sonde (Lev. 4:3 e.v.; 5:15; 22:14; Num. 15:27-29). So sou dit gebly het – onwetendes en dwalendes en daarby 'n hoëpriester self met swakhede bevange (Sag. 3:1-5) – indien Jesus as die "groot Hoëpriester" nie gekom het nie.

5:3. Die hoëpriester *moes* ook vir homself offers bring – anders is hy ook verlore, soos die volk (Jes. 6:5; Lev. 9:7; 16:6, 15, 16). Die volk en die priester is heeltemal *gelyk* in sonde en daarom moet ook gelykelyk vir priester en volk geoffer word.

5:4. Ondanks die gelykheid tussen volk en priester, wat die sonde en die offer betref, ontvang die priester egter sy amp of aanstelling van God. Hy kan die waardigheid van die amp nie vir homself aanneem nie – God roep hom daartoe en stel hom in die amp (Ex. 28:1; Num. 16:5; 18:7; 1 Kron. 23:13; 2 Kron. 26:18). Soos Aäron is elke hoëpriester deur God geroep en in die amp gestel.

5:5. Nou wil die skrywer benadruk dat die roeping van God ook by Christus plaasgevind het. Hy het Homself nie opgedring of aangebied nie, maar God het Hom verordineer (1:5; Ps. 2:7 – vergelyk aantekening by 1:5). Hoewel dit in Ps. 2:7 gaan om Christus se koningskap, *het dit betrekking op sy instelling in sy amp as Messias*, daarom is dit ook van toepassing op sy *priesterskap*. Dit word nou duidelik benadruk in 5:6. Hy is as Koning *en* Priester deur God aangestel – en daarom deur God verheerlik (Joh. 8:54).

### **Vrae: 5:1-5**

1. In watter opsig was die Ou-Testamentiese hoëpriester 'n tipiese voorbeeld van die Middelaar?
2. Wat is die ooreenkoms tussen die gewone hoëpriester en Christus en wat is die verskil tussen hulle?
3. Sou die priester en volk van die Ou Testament se sondes versoen kon word, sonder die bloed van Jesus Christus?
4. Waarin bestaan die *waardigheid* van die Ou-Testamentiese priester? Sou u sê dat daar in die opsig 'n ooreenkoms bestaan tussen die priester en die besondere ampte – diaken, ouderling en predikant – in ons kerke?
5. Waarin bestaan die waardigheid of heerlikheid van Christus? Wat hou dit vir ons wat in Hom glo in?

### **Hebr. 5:6-10. Die orde van Melgisédek**

5:6. Die skrywer verbind nou Ps. 2 en Ps. 110. Waar die koningskap van Christus in Ps. 2 benadruk word, is die priesterskap in Ps. 110 aan die orde. Die hoofsaak is egter dat albei psalms sy Goddelike aanstelling of roeping benadruk. Oor wat die "orde van Melgisédek" beteken, kry ons later 'n breedvoeriger verklaring (7:1-17). Na Ps. 110 word dikwels in die Nuwe Testament verwys (Matt. 22: 44; Mark. 12:36; Luk. 20:42, 43; Hand. 2:34, 35; Ef. 1:20. 22; Kol. 3:1; 1 Pet. 3:22). Dit is duidelik 'n Messiaanse psalm. Die skrywer het nou uit die Skrif bewys dat Christus Koning (Ps. 2:7) en Priester (Ps. 110:4) is, vir ewig (Luk. 1:33). "Orde" beteken hier dat Hy volgens dieselfde "rang" of "wyse" as Melgisédek priester is (6:20; 7:1-7). Onder Israel is priesterskap en koningskap skerp geskei. In Jesus is dit saamgevoeg volgens Ps. 2 en 110. Tot dusver sou die leser aan Christus se priesterskap net dink in die lig van die hoëpriester van Israel – Aäron en sy nakomelinge. Nou toon hy dat Christus tot 'n *ander orde as hulle behoort*. Dit kan ook verwag word, want *Hy is sonder sonde* (4:15). Hy is ook nie uit die geslag van Aäron nie (Matt. 1:1-17; Mark. 12:35-37; Luk. 1:27; 18:38).

5:7. Christus was op aarde in die vlees – Hy het die menslike natuur aangeneem (Luk. 1:31, 35; Filip. 2:6-8). Hy het toe gely – dit blyk uit sy "*gebede en smeking en sterk geroep met tranen*" (Matt. 26:39, 44). Die Griekse woord wat hier deur "offer" vertaal word, kan ons ook vertaal deur "opstuur tot" – Hy het gebede "*opgestuur* tot Hom wat Hom uit die dood kon red ..." Christus het gesterf, nie omdat God nie magtiger as die dood is nie, maar Hy *moes* sterf om Homself as ons groot Hoëpriester te offer vir ons sondes. God kon sy dood verhoed, maar Hy wou nie. Vir Christus is niks gespaar nie (Jes. 53:3-5; Matt. 16:21; Luk. 24: 26; 1 Pet. 4:1). "... *verhoor is uit sy angs*" kan ook vertaal word: *verhoor is vanweë sy vrome vrees ...* Hy was dit waardig en het verdien dat Hy verhoor word (7:27; 9:12-14).

5:8. Die skrywer benadruk dat Christus, al is Hy so diep verneder, nog steeds die heerlike Seun van God is (3:1-6). Omdat Hy ook die ware menslike natuur aangeneem het, het Hy "*gehoorsaamheid geleer*" (Luk. 2:52 – Hy het "toegeneem in gehoorsaamheid". Hier moet ons dit nie so opneem dat Hy 'n *beter* mens geword het nie, maar dat Hy sy *amp of taak* beter begryp het – vandaar sy gebed in Getsémané (Mark. 14:36). Hy sien sy taak steeds duideliker en vervul dit volkome – Hy is gehoorsaam tot in die dood aan die kruis (Filip. 2:8).

5:9. "... *en nadat Hy volmaak is ...*" beteken eintlik *nadat Hy tot die hoogtepunt gebring is ...* Die hoogtepunt van sy gehoorsaamheid was sy lyde – sy kruisdood. Hy leer ten volle en gee Hom ten volle oor aan die wil van sy Vader tot in die dood (Luk. 22:37). Die volheid van sy gehoorsaamheid bring verlossing aan hulle wat aan Hom gehoorsaam is (Jes. 45:17). *Die wat aan Hom gehoorsaam is*, verwys na die voorafgaande vermaninge (3:12, 18, 19). 'n Mens het geen deel aan die soenlyde van Christus indien jy nie aan sy evangelie gehoorsaam is en in Hom glo nie. Hy alleen kan die ewige saligheid of redding gee, nie Aäron of Melgisédek nie. Hulle was bloot tipes of voorbeelde van die ware Hoëpriester wat die ware offer eenmaal gebring het (7:26-28).

5:10. Wat die skrywer wil tuisbring is, dat Christus Hoëpriester is volgens 'n tweërlei orde: die van Aäron en die van Melgisédek (5:4, 6). Soos Aäron is Hy geroep of aangestel om 'n bloedige offer te bring. Maar Hy is meer as Aäron. Hy is selfs nie volgens die orde van Aäron gebore uit die geslag van Aäron nie. Van ewigheid af is Hy aangestel *vir sy besondere en uitsonderlike roeping* – soos Melgisédek. Die twee hoofgedagtes word nou in die volgende hoof stukke meer in besonderhede uitgewerk.

### **Vrae: 5:6-10**

1. Lees Ps. 110 en die aangewese uitsprake in die Nuwe Testament wat daarna verwys, en toon aan hoe dit op Christus van toepassing is.
2. Wat beteken dit vir ons dat Christus, soos Melgisédek, beide Priester en Koning is

(*Kategismus*, Sondag 12)?

3. Hoe kan Christus ons groot Hoëpriester en tegelykertyd die "Lam van God wees, wat vir ons sondeskuld geslag is" (Joh. 1:29; Openb. 5:6; 7:14)?
4. Wat beteken Rom. 12:1 vir ons met die oog op Christus se eenmalige offer (*Kategismus*, Sondag 12:32)?
5. Waarom praat die skrywer (5:9) van die *gehoorsames* as ons tog niks aan ons saligheid kan doen nie (Hand. 2:37, 38; 16:30, 31)?
6. Kan u die leer van die uitverkiesing en die eis tot geloofsgehoorsaamheid in verband met mekaar bring (*Dordtse Leerreëls*, hoofstuk 1:1-5)?

### **Hebr. 5:11-14. "Sielemaerte"**

5:11. Die skrywer is van plan om meer te sê oor Christus en die orde van Melgisédek. Maar gaan die gemeente dit verstaan? Dit moet deur hom oorgebring word. Só is dit met die Bybelskrywer en die prediker. Hy *moet* praat, hy mag nie swyg nie, al is dit swaar om te verstaan of uit te lê (Jer. 4:19; 20:9; Eseg. 33:7-9; Amos 3:8). Hier gaan dit egter nie in die eerste plek om *onbegryplike dinge* nie – dan sou die skrywer nie verder geskryf het nie – *maar om hulle traagheid om hulle in te span om te verstaan*. Soms *wil* mense nie verstaan nie, omdat hulle hul nie *wil* bekeer nie. Daarom moet ons 6:4-6 in die verband in gedagte hou. Uiteindelik gaan dit nie om *onbegrip* nie, maar om *onbekeerlikheid*.

5:12. *Die traagheid om te hoor* (11) is 'n sondige toestand in die gemeente. Dit is hulle skuld dat dit is soos dit nie moet wees nie. Die hele gemeente behoort teen die tyd al in staat te gewees het om andere te leer of onderrig, "vanweë die tyd" – omdat hulle al lankal Christene is. 'n Mens dink aan Moses se versugting (Num. 11:29). Hulle ken miskien nog die eerste beginsels (6:1), maar hulle gaan nie voort op die pad van kennis en heiligmaking nie. Die ellende is dat 'n mens wat by die eerste beginsels wil bly, dit ook verloor. Dan word dit nodig dat 'n mens hulle weer die eerste beginsels van die woord van God moet leer. Dit is die evangelie wat deur Christus en die apostels gebring is. Hulle het weer behoefte aan melk, want hulle kan vaste spyse nie verdra nie (1 Kor. 3:1-3; 1 Pet. 2:1-3). Hulle moet kom tot volwassenheid (2 Tim. 3:16, 17).

5:13. Die skrywer gaan voort met sy beeld van *melk* en *vaste spyse*. Vaste kos is vir 'n groot mens. Soos 'n mens se maag gewoon moet raak aan vaste spyse, só is dit ook met die dinge van die koninkryk van God. 'n Mens moet ervare wees in die woord van geregtigheid. Dit kan beteken: *insig in geregtigheid*. Het jy geen insig nie, is jy nog 'n kind wat op melk moet lewe. Dit is 'n vreeslike toestand as dit so met 'n gemeente gesteld is. In die normale lewe bly 'n mens tog nie 'n kind nie, dan is jy verstandelik vertraag. Vanselfsprekend moet ons *kind* hier anders begryp as dat jy *kinderlik* moet glo en vertrou op die Here (Matt. 11:25; 18:1-4). Die mens wat kinderlik glo, het juis 'n insig in die geregtigheid.

Ons dink onwillekeurig aan Israel in die woestyn (Hos. 11:1, 2; Ps. 106:13-15 wat verwys na Num. 11:4, 5, 31-33). Daar het die volk Israel hom soos 'n stout kind gedra. Dit is letterlik wat gebeur met mense wat geen "insig in die geregtigheid" het nie – hulle ly dan aan sielemaerte. 5:14. 'n Mens moet tot geestelike volwassenheid kom, dan kan jy vaste spyse eet. Hulle is geoefen *deur die gewoonte*. Dit beteken dat hulle voortgaande besig bly om te oefen; hulle volhard daarin (Hand. 2:42 – let daarop dat die eerste gemeente in Jerusalem allereers volhard het in die "*leer van die apostels*".) Daarom het mense geoefende waarnemingsorgane om te kan *onderskei tussen goed en kwaad*. Dit kan 'n kind nie doen nie (1 Kor. 2:6; 14:20). Ons moet steeds onthou dat die Heilige Gees met die Woord werk. (Joh. 6:63; Ef. 6:17; 2 Tim. 3:16, 17). Om te kan onderskei tussen goed en kwaad moet jy die Woord ken. Ons moet ten volle toegerus wees met die wapenrusting van God (Ef. 6:11-19).

**Vrae: 5:11-14**

1. Waarom mag 'n Christen nie swyg oor dinge nie – al is dit swaar om te begryp?
2. Sou dit reg wees indien die bedienaar van die Woord die moeilik aanvaarbare dinge vermy?
3. Ondersoek uself – behoort u vanweë die tyd 'n leraar te wees en is u dit werklik? Waarom is u soos u is?
4. Sou u sê dat die gewone "kerkvolk" in ons tyd in staat is om vaste spyse te nuttig?
5. Wat is u taak in die verband?
6. Kan u onderskei tussen *goed* en *kwaad* op die volgende terreine: kuns en literatuur; vermaak soos dinge wat oor die televisie en radio en in die teaters aangebied word; sport en partytjies; arbeid en besittings; trek dit maar deur tot alles wat u bedink en doen. Die onderskeiding tussen goed en kwaad is altyd aktueel.

## HEBREËRS 6

### **Hebr. 6:1-8. Dit is onmoontlik om so 'n mens weer tot bekering te vernuwe**

Dit is geen wonder dat die skrywer praat van dinge wat swaar is om te verstaan nie. Hier het ons een van die moeilikste gedeeltes in die Bybel om te verstaan. Dit is goed om hiermee saam vooraf die volgende gedeeltes te lees: Matt. 12:31, 32; Mark. 3:28-32; 1 Joh. 5:16, 17.

6:1. Die skrywer benadruk hoe noodsaaklik dit is om deur eie inspanning en oefening te kom tot begrip en die ware lewe uit die Gees (Rom. 8:5, 11-14; Ef. 5:14-21; Joh. 15:1-4). Hy skerp hulle op om self te sorg om die eerste beginsels hulle eie te maak. Hy bly self nie by die begin van die prediking van Christus nie, maar moet kom tot die "*volmaaktheid*", wat hier beteken "*toppunt*" of "*volheid*". Hulle moet self werk om hulle toe te rus en voort te beweeg. Hy praat nou van "ons", waarby hy homself insluit. Hy stel homself nie bokant hulle nie, maar wil hulle taktvol lei om voort te gaan. Daarom noem hy ook nog in die verbygaan 'n paar van die eerste beginsels (6:2). Ons moet egter strewe na die volmaaktheid (Filip. 3:8-17). 'n Mens kan nooit die eerste prediking van Christus mis nie, maar dit is verkeerd om daarby te bly staan.

"... *die prediking aangaande Christus ...*" kan ook wees: ... *die prediking van Christus ...* Dit hou eintlik albei in: wat Christus van Homself gesê het en wat die apostels aangaande Hom verkondig het (2:3). 'n Mens lê nie gedurig net die fondament van 'n gebou nie, maar bou voort op die fondament. Die fondament noem hy dan die *bekering en geloof*.

Elke prediking het *begin* met die oproep tot *bekering* (Matt. 3:1, 2; 4:17; Hand. 2:37, 38). *Bekering* is in elk geval "*metanoia*" wat beteken dat '*n mens innerlik tot oortuiging kom*. Mense sien die dinge verkeerd en moet dus innerlik tot 'n verandering van insig kom. Hier word die verkeerde insig "*doeie werke*" genoem. Dit is werke wat niks oplewer nie (Rom. 7:4; Ef. 2:1, 5; 5:11; Kol. 2:13; Jes. 55:2). So begin elke prediking ook met die oproep tot *geloof in God*. *Geloof* beteken allereers *vertroue*, soos die van 'n kind (Matt. 11:25; 18:3). Dit is geloof in God, wat die geloof in Christus nie uitsluit nie (Joh. 14:1; 17:3; Hand. 26:20; 1 Thess. 1:9).

Met *bekering* en *geloof* het die Christelike prediking begin (Mark. 1:15; Hand. 20:21).

6:2. Op die bekering en geloof volg die *doop* (Hand. 8:22; 16:31). "*Leer van die doop*" beteken dat die bekeerdes daarin onderrig is. Die "*handoplegging*" gee uitdrukking van gemeenskap met die bekeerling - hy word beskou as één met die gelowiges. Dat die tekens van die Heilige Gees soms daarmee gepaard gegaan het, wil nie sê dat die Heilige Gees daardeur meegedeel is nie (Hand. 8:17, 18; 9:17; 10:44; 19:6; 1 Tim. 4:14).

Ook *die opstanding uit die dode* was 'n deel van die eerste prediking (Hand. 2:31, 32) en *die ewige oordeel* (Hand. 10:42; 17:31; 24:25). Al hierdie dinge is *aanvangsprediking*. Daarby mag geen Christen bly staan nie. Hy moet van daaruit beweeg tot die kennis van 'n volwasse man.

6:3. Die skrywer self sal voortgaan na die volkomenheid en hy vertrou dat sy lesers dit ook sal doen, vandaar die "ons". Daar is egter 'n onsekerheid of dit sal kan, God mag dit verhoed. Die rede waarom God dit nie mag toelaat nie, vind ons in die volgende vers.

6:4. Hierdie moeilike uitspraak (4-6) moet ons sien teen die agtergrond van wat pas gesê is. Dit waarsku teen die gevaar om by die eerste beginsels te wil bly. Die mense is *verlig* - hulle het verstandelik helderheid of insig ontvang (Joh. 9:41; Ef. 1:18; 3:9). Hulle weet goed waarom dit gaan en sou op die grondslag kon voortbou (Hos. 10:12; 2 Kon. 12:2). Hulle het "... *die hemelse gawe gesmaak ...*" beteken dat hulle besonder innig daarmee omgegaan het, sodat hulle dit in hulle opgeneem het. Die hemelse gawes is dit wat Christus uit die hemel aan sy gemeente skenk (Hand. 2:33). Hulle het ook die "*Heilige Gees deelagtig geword*." Dit sien op die besit van gawes van die Heilige Gees (1 Kor. 2:14; Matt. 7:22, 23), sonder om die Gees self te besit. Hier dink 'n mens aan die

voorbeeld van koning Saul (1 Sam. 10:6, 10) wat tog uiteindelik verwerp is.

6:5. *Die mense het selfs die goeie woord van God gesmaak.* Hier sien "woord" op die openbaring van God deur sy gesproke woord (1:1; Matt. 4:4). *Die kragte van die toekomstige wêreld* sien op buitengewone kragte – "charismatiese gawes" soos genesingswonders (1 Kor. 12:10; Hebr. 2:4; vergelyk ook Matt. 7:22, 23; 24:24).

6:6. *"... en afvallig geword het ..."* Dit beteken dat die mense ondanks alles uitval en buite die genade van God te staan kom – hulle gaan verlore. Tereg kan 'n mens die vraag stel: *Is die genade dan verliesbaar? Kan 'n mens wat waarlik tot bekering gekom het, verlore gaan?* Kyk wat leer die Bybel: Luk. 22:32; Joh. 6:39, 40; 10:28, 29; 17:2, 6, 11; Rom. 8:30; 11:29; Filip. 1:6; 1 Thess. 5:23; 2 Thess. 3:3; 1 Pet. 1:4, 5; 1 Joh. 3:9. En wat lees ons in Hebreërs self (6:17, 7:20; 9:15-17; 13:20, 21)?

Die vorm van die Griekse werkwoorde wat hier gebruik word, dui die *begin* van 'n handeling aan en nie die *voltooiing* daarvan nie. Dit mag derhalwe gesien word as 'n *begin* waarin nie volhard is nie. *Van die grootste belang is egter dat hier nie gesê word dat sommige gelowiges werklik afvallig geword het nie, maar wat die gevolge sou wees, indien dit wel sou gebeur.* Die skrywer waarsku teen enige verslapping by die lesers. Die woorde wat hier gebruik word, kan ook die beste verklaar word indien dit sien op *verstandelike* verligting, waarby die hart of diepste innerlike nie betrokke is nie. By onbekeerde mense kan wel blyke van God se genade voorkom (Bileam: Num. 22-24; Joh. 11:49-52; Matt. 12:31, 32; 2 Pet. 2:20; Luk. 8:13; Joh. 2:23-25; Rom. 3:2; 9:4; Matt. 7:21-23).

Een ding is duidelik, dat die skrywer skerp waarsku dat God se genade nie lig geskat moet word nie. Sluit 'n mens jou hart vir die waarheid, *waartoe jou verstand instem*, kan jy op die weg van ewige verlorenheid beland. Dit is dan onmoontlik om weer tot *bekering* vernuwe te word. So 'n mens kruisig die Seun van God opnuut, deur sy kruisdood te verag (10:29). Hulle maak Hom openlik tot skande en pleeg die onvergeeflike sonde (Matt. 12:31, 32; Hebr. 10:26).

6:7. Deur 'n beeld verduidelik hy nou wat hy pas gesê het. 'n Stuk land wat goed reën kry en vrugbaar is, bring nuttige plante voort. Die volop reën en vrugbaarheid is 'n seën van die Here wat die bewerker of bewerkers ten goede kom (Ps. 65:10, 11; Gen. 27:27; Deut. 28:8; 33:13; Jos. 6:26).

6:8. Dieselfde land kan onder dieselfde seën egter dorings en distels voortbring (Jes. 5:6; Gen. 3:17). Dit beteken dat die vloek daarop rus (Luk. 13:6-9); *"... die einde daarvan is verbranding."* Die groot saak wat die skrywer wil tuisbring, is dat die mens wat ondanks die genade of seën van die Here, onbekeerlik bly, beslis verlore gaan. Daarom moet ons so dringend waarsku teen die uitwendige verbondsopvatting. God kyk na die vrugte en wat ons met sy genade maak. Die boom word aan die vrugte geken (Matt. 7:17, 18).

### **Vrae: 6:1-8**

1. Kan u sê dat u 'n bekeerde mens is en waaruit weet u dit?
2. Waarin kom die feit dat u waarlik glo aan die lig?
3. Waarom is bekering en geloof die begin van die prediking?
4. Beteken die feit dat u met water gedoop is, dat u salig is?
5. Het u die Heilige Gees ontvang en hoe weet u dit?
6. Het ons in vers 4-6 te doen met ware gelowiges?
7. Het vers 4-6 vir u as gelowige niks te sê nie?
8. Wat is ons verantwoordelikheid wanneer die genadegawes van God ons aangebied word?

### **Hebr. 6:9-12. Die toenemende hoop!**

6:9. In die vorige gedeelte is skrikwekkende dinge gesê. Dit dien as 'n waarskuwing van wat kan gebeur. Dit wil egter nie sê dat die skrywer so iets van die lesers verwag nie. Hy het wel berigte oor die Hebreërs ontvang wat hom onrustig stem (5:12-14), maar hy het ook gehoor van beter dinge by hulle. Hy waarsku tereg, omdat hy onrustig is, maar hy waarsku juis omdat hy weet dat hulle die goeie najaag en daarom sy waarskuwinge ter harte sal neem (12:6). Die liefde vir hulle saligheid dring hom daartoe.

6:10. God sien hulle werke en liefdesarbeid. Hy is regverdig en sal dit beloon (Matt. 10:42). Werke en liefdesarbeid is juis 'n bewys van God se genade, 'n vrug van die Gees (Gal. 5:22). Dit lyk asof die Hebreërs in baie opsigte ooreenkom met die gemeente van Efese (Openb. 2:1-4). Hoewel hulle in vele opsigte vermaan moet word, is die ware vrugte van die geloof nog aanwesig (10:32-39; 11:14-16). Hulle hoef dus nie te vrees vir God se oordeel nie (vers 6, 8; 2 Thess. 1:6, 7). Hulle werke is liefdesbetoning, omdat hulle God liefhet (1 Thess. 1:3; Kol. 1:4). Hulle liefdesbetoning is bepaald gerig tot "heiliges" buite hulle eie gemeente – 'n liefdesbetoning wat nog voortduur (Rom. 15:25; 2 Tim. 1:18). "*Heiliges*" wil aandui dat die mense aan Christus verbonde is; hulle is sy eiendom. Daarom is dit 'n openbaring van hulle eie liefde vir Christus (Matt. 25:40).

6:11. Lees hierdie vers in verband met 5:12-14. Hulle moet ontwikkel en groei om te kom tot die volkome sekerheid van die hoop tot die einde toe (3:6). *Ons kan sê die ware Christelike idealisme ontbreek*. Hulle lewe is gelykmatig en hulle is selftevrede. Hulle jaag nie na die doel om dit te kan gryp nie. Hulle het wel die geloof en die liefde, maar die hoop is gebrekkig (1 Kor. 13:13; 1 Thess. 5:8). Die drie hoort egter bymekaar. *Die hoop op ons toekomsverwagtinge werk juis liefde en ywer*. Dit is die beleving van die ware geloof in Jesus as die Koning wat regeer en weer sal kom om sy heerlikheid te openbaar.

6:12. Die skrywer se vrees is dat hulle traag sal word (5:11). Dit blyk daaruit dat hulle by die eerste beginsels bly en weer met melk gevoed moet word (5:12). Hulle moet kyk na ander gelowiges wat wel voortgang getoon het (13:7; 1 Kor.- 4:16; 11:1; 1 Thess. 1:6). Die mense het volhard in die geloof; daarom is hulle erfgename van die belofte. Omdat hulle vertrou het en doelgerig volhard het, het hulle as erfgename ontvang wat in Christus beloof is (Rom. 8:17; 2 Tim. 4:7, 8). *'n Mens moet leef en stry met die belofte voor oë – dit is die "volkome sekerheid van die hoop"* (vers 11).

### **Vrae: 6:9-12**

1. Trek die skrywer, wat die betrokke gemeente betref, sy vorige skerp waarskuwing terug? Of staan hulle ook bloot aan die gevaar in vers 4-6 behandel?
2. Beloon God ons goeie werke? Waarom (*Kategismus*, Sondag 24:63)?
3. Hoe ver strek u liefdesbetoning? Hou dit op by die grense van u eie gemeente?
4. Dien ander Christene vir u tot 'n inspirasie? Is u vir ander 'n inspirasie?
5. Wat is die uitwerking van die hoop op Christus se wederkoms op u? Is dit vir u 'n besieling wat u die hande uit die moue laat steek?

### **Hebr. 6:13-20. Belofte met 'n Goddelike eed bevestig**

6:13. Kan 'n Christen dit waag met die belofte van God, al sien hy baie wat dit bemoeilik? Die skrywer bewys dit met 'n voorbeeld, liever as om daarvoor te redeneer. Deur Abraham te noem, word hulle ook voorberei op 7:4. Abraham het *gehoop* en dit kom ook duidelik in sy lewe uit waarom hy kon *hoop*. Hy begin die sin met "Want" omdat dit alles wat hy in hierdie hoofstuk gesê het, bewys. In Grieks staan *Abraham* voorop as 'n "opskrif" omdat Abraham "die vader van die gelowiges" is (Rom. 4:11, 12; Gal. 3:29).



Abraham het die belofte ontvang en hy het dit geglo (Gen. 15:6). God het die belofte met 'n eed bekragtig (Gen. 22:16, 17). By die eed word God, die *Alwetende*, as Getuie bygeroep, wat die mens wat vals sweer, straf. Maar daar is niemand bokant God nie; daarom sweer Hy by Homself (Matt. 23:16-22).

6:14. Hier het ons die inhoud van God se beëdigde belofte. Dit is 'n kort samevatting van Gen. 22:16, 17. Die belofte volg op Abraham se geloofsgehoorsaamheid, toe hy vir Isak, op bevel van God, wou gaan offer (Gen. 22:1-3). Dit bewys juis Abraham se *hoop* op God (11:17-19). Daarom is Abraham so 'n treffende voorbeeld van 'n gelowige wat nie by die *begin* bly staan het nie; *wat nagevolg moet word* (12).

6:15. God se belofte en eed was nie vir Abraham waardeloos nie. Hy het geglo, gehoop en geduldig gewag op die belofte – en dit verkry (Gen. 12:2, 3; Gen. 15:1-6; 17:1, 2, 17-21; 21:1-5). Hy het nie moed opgegee toe hy moes wag nie. Dit het ook nie alleen gegaan om die belofte dat Isak gebore sou word nie (Hebr. 11: 13-16).

6:16. Die eed is geldig want God kon nie anders as om by Homself te sweer nie. Daar is niemand bokant Hom nie (Ex. 22:11). God se eed is die einde van alle teëspraak. As Hy nie sy eed sou hou nie, is ook elke ander eed waardeloos. Dit is sy waarborg en gee sekerheid en niemand kan dit weerspreek nie.

6:17. Hier gaan dit nog om die onveranderlikheid van die raad van God, wat Hy met 'n eed bevestig het, maar ook oor die *erfgename* van die belofte (11:9; Ps. 110:4; Joh. 8:39; Rom. 4:13-25; 8:17). Die skrywer wil by Christus en sy lesers kom (18, 20).

6:18. Nou kom hy by "ons", waarin hy allereers dink aan homself en sy lesers, maar ook aan alle Christene wat dieselfde hoop as Abraham besit. Die twee onveranderlike dinge is die *belofte* en die *eed*. Eintlik was die eed, uit God se oogpunt, onnodig, want sy belofte is onveranderlik. God kan nie lieg nie (1 Sam. 15:2; Ps. 110:4; Spr. 19:21; Tit. 1:2). Ons mag dus nie twyfel aan God se beloftes en verslap in die hoop op wat Hy beloop het nie. Daardeur ontvang ons kragtige *bemoediging*. Eintlik wil die Griekse woord twee elemente tuisbring: *vermaning* en  *vertroosting*. In die beloftes van die Here is vir ons *sterk troos* geleë: Hy maak dit waar. Maar dit *vermaan* ons ook tot volharding en ywer. Wie word hier aangespreek? "*ons wat ontvlug het ...*" 'n Joods-Christelike gemeente kan maklik verval in die sonde van Israel dat hulle vanselfsprekend verbondskinders is en daarom begenadig is (3:6; Joh. 8:39-42; Rom. 9:6, 7). Dit is die groot gevaar vir alle Christene wat "in die verbond gebore is" – ook ons (2 Kor. 13:5). Ons moet steeds onthou dat "*ons ontvlug het*". Ons het ontvlug van die toorn van God en gevlug na Christus en ons moet met alle mag vasgryp aan "*die hoop wat voorlê ...*" Voor ons lê iets gereed om te gryp. God se belofte van 'n skone toekoms lê voor ons. Dit is ons krag en inspirasie, die vermoë van 'n volwasse mens wat idealisties leef omdat hy 'n heerlike vooruitsig het. Hy bly nie by die eerste beginsels nie. Hy aanvaar nie maar gelate die onvermydelike lewensloop nie, maar leef tintelend en bly uit die *hoop*.

6:19. Nou word die heerlijkheid van die *hoop* beskryf. Die hoop is '*n anker van die siel*. Dit is nie geanker in ons wisselvallige harte nie, *maar in die belofte van God* – objektief, buite onself. En die belofte is bevestig met die eed van God self. Die ware gelowige gryp dit vas, omdat God hom vasgegryp het (Joh. 10:28). *Dit is veilig en vas*, soos die anker van 'n skip in die bodem van die see. Die verskil is alleen dat ons anker in die *hemel* vas is. Die ankergrond is die plek waar die versoening bewerk is: "*binnekant die voorhangsel*" (Ex. 26:33; Lev. 16:2, 12). In die heiligdom uit die Ou Testament het die heerlijkheid van God gewoon binnekant die voorhangsel op die versoendeksel van die ark. Waarom dit vir ons so 'n vaste anker is, sê hy in vers 20.

6:20. Ons anker is buite onself in Christus in die hemel: "*waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het...*" Eintlik: *waar Hy as voorloper ten behoeve van ons ingegaan het. ..* Dink daaraan Wie Jesus is (2:10; 12:2). Hy het ons vooruitgegaan as *wegbereider* (Joh. 14:2, 3). Daarmee is verseker dat almal wat aan Hom behoort, Hom sal volg (Joh. 17:24). Hy is volgens die orde van Melgisédék hoëpriester vir ewig. Hy kon dus ingaan agter die hemelse voorhangsel en verskyn voor die troon van God as Hoëpriester wat die

eenmalige offer gebring het (7:26, 27). (Oor die orde van Melgisédek word in hoofstuk 7 breedvoerig gehandel). Die hoofsaak is dat ons geen ydele hoop het nie, maar 'n hoop wat geanker is in die offer van Christus, wat volkome versoening gedoen het. Daarop rus ons *hoop*. Ook ons sal aan die binnekant van die voorhangsel in die hemel kom. *Leef uit die hoop!*

**Vrae: 6:13-20**

1. Is u 'n kind van Abraham?
2. Wat sê Abraham se hoop op God vir u persoonlik?
3. Watter twee redes maak God se belofte aan Abraham so vas en seker?
4. Leef ons geslag "kerkmense" oor die algemeen uit die Christelike *hoop*? Motiveer u antwoord. Hoe staan u self daarteenoor?
5. 5 Watter verskil is daar tussen die mens wat kan sê "ek het ontvlug" en die een wat vertrou op sy geboorte uit verbondsouers?
6. Wat is die anker van u siel?
7. Loop mense wat vertrou op tekens en gesigte en die sintuiglike "ontvangs" van die Heilige Gees gevaar om die anker van die siel binne hulself in plaas van in Christus te lê?
8. Kan ons persoonlik binnekant die voorhangsel in die hemel kom – ook nou terwyl ons nog in hierdie lewe is?

## HEBREËRS 7

### **Hebr. 7:1-3. Melgisédek se priesterskap**

7:1. Die skrywer kom nou terug op wat hy al in 5:10 en 6:20 genoem het. Dit gaan om die vraag: Wat bedoel Ps. 110:4? Waarom is Jesus priester volgens die orde van Melgisédek? Nou sluit hy aan by die geskiedenis in Gen. 14:18-20. Melgisédek was allereers *koning*. Só het hy ook in 5:5, 6 eers aangehaal uit die konings-psalm en daarna uit Ps. 110 waar van die koningskap gekom word tot die priesterskap. Melgisédek was koning van *Salem* – waarmee Jerusalem bedoel word. Volgens die sogenaamde *Amarna-briewe* het Jerusalem alreeds in die tyd van Abraham bestaan en volgens Jos. 10:1, 3 het die stad konings gehad waarvan die name met "Sedek" saamgestel was. Jerusalem word soms ook afgekort tot "Salem" (Ps. 76:3).

Melgisédek was egter ook "*priester van God, die Allerhoogste*" (Gen. 14:18; Mark. 5:7 – waar die duiwel ook van God as die Allerhoogste praat). Sommige verklaarders meen dat Melgisédek maar 'n afgodspriester was en ook 'n *hoogste Wese* erken het. Dan sou dit onverklaarbaar wees waarom Abraham aan hom 'n tiende gee en hy, en ook andere, van God praat as die "Allerhoogste" (Gen. 14:22; Deut. 32:8; 2 Sam. 22:14; Ps. 18:14, ens.). Die Bybel bedoel sonder enige twyfel dat Melgisédek 'n priester van die ware God was.

Melgisédek gaan Abraham tegemoet, nadat hy die vier konings verslaan en vir Lot bevry het (Gen. 14:1 e.v.). Daarmee het Abraham getoon dat hy die magtigste in Kanaän is. Hy het sy meerderheid bo die ander bewys. Maar Melgisédek kom ook aan Abraham sy *meerderheid "as priester van God, die Allerhoogste"* toon en Abraham erken dit. Hy gee aan hom 'n tiende van die buit. Wat God toekom, gee Abraham aan die priester van God. En dan seën Melgisédek vir Abraham in die Naam van God as sy priester.

7:2. Nadat hy vertel het dat Abraham aan Melgisédek 'n tiende gegee het, begin hy met sy eie verklaring van die geskiedenis. Wat beteken dit? *Melgisédek* se naam beteken: "*koning van die geregtigheid*". Maar hy is ook koning van *Salem*, wat "*vrede*" beteken. Die wyse waarop die skrywer dit in die oorspronklike taal stel, wil sê *dat Melgisédek is wat sy naam sê hy is*. Dit is 'n gewone wyse van verklaring van name by Bybelskrywers (Ps. 76:3). Dit is ook duidelik 'n heenwysing na Jes. 9:5, 6. Deur God se voorsienige bestel het Melgisédek selfs 'n naam gedra en oor 'n stad regeer, wat hom 'n tipe van Christus gemaak het. Soos Jesus was hy koning van geregtigheid en koning van vrede (Jer. 23:5, 6; Sag. 9:9). Die vrede is die vrug van die geregtigheid (Jes. 32:17).

7:3. Indien ons die vers letterlik sou opneem, beteken dit dat Melgisédek geen mens was nie. In Gen. 14 word hy egter duidelik geteken as 'n gewone mens. Hy het dus wel 'n vader en moeder en geslagsregister gehad. Sy vader was egter geen priester nie en hy het nie nodig gehad om aan te toon dat hy uit die geslag van Aäron en die stam van Levi was, om 'n priester te kan wees nie (Ex. 28:1). Hy het nie nodig gehad om sy afkoms te bewys nie (6, 9, 10). Hy verskyn soos 'n verskietende ster – verskyn as priester en verdwyn weer uit die gesigsveld. Hy het ook as mens 'n begin en 'n einde gehad, maar die heerlikheid van sy tweevoudige amp – *koning en priester* – skyn nog steeds. In die opsigte is hy gelykgestel aan die Seun van God. In sy uitsonderlike en eenmalige optrede *bly hy priester altyddeur* – soos Christus. *Sy beeld vertoon allerlei tekens wat uiteindelik net in die Seun van God volkome verwesenlik is*. Christus is Seun van God en daarin alleen kan sy ewige priesterskap verwesenlik word. Soos Melgisédek is Christus priester, maar nie volgens die orde van Aäron nie. Na die mens was Hy uit die stam van Juda en sou Hy nooit priester kon wees nie. God het dit egter só beskik dat daar wel vir Hom 'n ware voorloper was in Melgisédek.

### **Vrae: 7:1-3**

1. Baie mense glo in ons tyd dat daar "'n Allerhoogste" of 'n "God" bestaan, sonder dat hulle juis in die God van die Bybel glo. Kan sulke mense salig word (Joh.

8:19, 24)?

2. Waarom het Abraham aan Melgisédek 'n tiende gegee? Aan wie moet ons ons "tiendes" gee? Waarom (Rom. 12:1)?
3. In watter twee opsigte was Melgisédek 'n duidelike tipe van Christus? Waarom word ons Christene genoem (*Kategismus*, Sondag 12:32)? Is u die naam waardig?
4. Gesien die afkoms van Melgisédek, sou u sê dat enige mens se afkoms van belang is? Waarom wel en waarom nie?

### **Hebr. 7:4-10. Melgisédek groter as Abraham en Aäron**

7:4. Die volk het die Levitiese priesterskap besonder hoog geag. Nou vergelyk die skrywer die priesterskap van Melgisédek met die van Aäron. Selfs Abraham, die aartsvader van Israel en die vader van die gelowiges, het Melgisédek as sy meerdere erken. Hy het aan hom 'n tiende van die oorlogsbuit gegee – toe sy aardse mag op sy hoogtepunt was. Gee jy 'n tiende dan erken jy dat die ander persoon eintlik reg op al jou besittings het (Mal. 1:6, 7; 3:8-10).

7:5. Die priesteramp kom uit die seuns van Levi, uit die geslag van Aäron (Num. 28:21, 26; 2 Kron. 31:4, 5). Hy noem alleen Levi, omdat Levi nader aan Abraham is as Aäron. Verder is die tiendes verskuldig aan die hele stam van Levi en nie alleen aan die priesters nie. Dit gaan hier egter nie alleen om die tiendes nie, maar hy wil die Levitiese *priesterskap* met Melgisédek vergelyk – daarom noem hy die *priesterskap*. Hy wil ook nog bewys dat Melgisédek groter as Abraham is. Die priesters het 'n bepaalde gebod van God ontvang om die tiendes van die volk te ontvang. Hulle besit nie van nature die bevoegdheid nie. Waarom God Levi juis daartoe uitgekies het, kan nie verklaar word nie, dit is volgens sy welbehag. Daarteenoor kan wel gesê word waarom Melgisédek reg op die tiendes het: omdat hy in besonder sin Abraham se meerdere is (vanselfsprekend ook omdat God hom daarvoor uitgesonder het). Die Leviete is volkome gelyk aan hulle broers; almal stam van Abraham af. Hulle voorreg berus uitsluitlik op die gebod van God.

7:6. Melgisédek se posisie is uitsonderlik. Hy stam nie van Levi af nie en het ook nie volgens die bepaling van die wet reg op die tiendes nie. *Die reg het hy "van nature" of volgens 'n buitengewone roeping.* En Abraham erken die reg, hoewel geen wet hom daartoe verplig het nie. Die reg van Melgisédek kom nog sterker na vore wanneer hy Abraham seën, terwyl Abraham tog alreeds die geseënde van die Here was (Gen. 12:2, 3; 13:14-16). Hy bevestig daarmee die seën wat Abraham reeds ontvang het en daarmee gee hy aan God die eer. Ook dit verskil selfs van die seën van die Levitiese priesters – hulle seën die volk volgens die wet.

7:7. Nou gee die skrywer 'n algemeen geldende uitspraak. Dit staan vas: 'n meerdere seën 'n mindere en nie andersom nie (Gen. 32:26, 29). Daarom staan Melgisédek bokant Abraham.

7:8. Hierdie vers kan ons só omskryf: Hier – by die latere volk – neem wel mense wie se amp ophou die tiendes. Met hulle dood sterf ook hulle amptelike priesterskap. Melgisédek het ook gesterf, maar hy behou sy priesterskap. Niemand neem dit van hom oor nie, dit bestaan voort. Hier het die skrywer bepaald Ps. 110:4 in die oog.

7:9, 10. Ten slotte kan selfs gesê word dat Abraham voor Melgisédek as hoof van die verbondsgeslag staan, waarvan Levi later 'n deel was. Hy gee tiendes – of bewys eer – aan Melgisédek ook namens sy nakomelinge, waarby Levi ingesluit was. Hoewel Christus ook uit die geslag van Abraham gebore is, wil die skrywer benadruk dat dit gaan om die amptelike priesterskap wat by beide Melgisédek en Christus voortbestaan. Die verhouding tussen Abraham en Christus is nie hier ter sprake nie, maar ons kan dit verklaar in die sin van Matt. 22:41-46. *Dit gaan om die eenmalige en voortbestaande*

*amp by beide Melgisédek en Christus.* Daarom is albei groter as Abraham en in hulle priesteramp as die Levitiese priesters.

### **Vrae: 7:4-10**

1. Wat beteken die gawe van die tiendes? Gee ons kerklike bydraes om dieselfde rede?
2. Waarom het Abraham vir Melgisédek geëer? Was dit omdat hy as *mens* hoër as Abraham was? Geld dit ook van bepaalde mense onder ons (1 Tim. 5:17)?
3. Wanneer 'n leraar 'n gemeente seën, doen hy dit as hulle "meerdere"? Indien nie, wat beteken die seën dan (2 Kor. 13:13)?
4. Kan u nou bepaalde redes noem waarom Christus 'n priester vir ewig is volgens die orde van Melgisédek? Wat beteken Christus se priesterskap vir ons?
5. Is die Roomse kerk reg wat Christus "*nog elke dag onbloedig offer*" by die bediening van die mis?

### **Hebr. 7:11-25. Christus alleen kan volkome red**

7:11. Nou wil die skrywer aantoon dat die Levitiese priesterskap nie kon bereik wat werklik nodig is nie (8:7). Daarom kon die Levitiese priesterskap maar verdwyn. Hy keer weer terug na Ps. 110:4 en laat die nadruk val op die uitdrukking: "*vir ewig* Hy stel eers 'n vraag, wat veronderstel dat die lesers nou begryp dat 'n ander priester, volgens die Skrif, noodsaaklik is op grond van Gen. 14:18, 19 en Ps. 110:4. Die Levitiese priesterskap was nie volkome nie (8:4, 5), hoewel die volk dit volgens die wet as volkome kon verwag. Die Levitiese priesterskap was immers die middelpunt van die wet – om versoening te bewerk. Dat God dit egter as 'n skaduwee van die werklike Priester wat sou kom, beskou het, blyk uit Ps. 110:4. Waarom was dit dan nodig dat 'n ander priester sou kom volgens die orde van Melgisédek? Omdat die orde van Aäron nie voldoende was nie.

7:12. 'n Andersoortige priester as die Levitiese was dus nodig, "Verandering van die wet" beteken nie dat die wet verkeerd was nie, maar dat die wet tot sy vervulling gekom het. Beide die orde van Aäron en die orde van Melgisédek is in Christus vervul. Die letter van die wet, dat alle priesters van Aäron moes afstam, geld egter nie van Christus nie. In die opsig is die Skrif nogtans vervul, want die Skrif praat ook van die "orde van Melgisédek".

7:13. Niemand twyfel daaraan dat Ps. 110 profeteer van die Messias nie (Matt. 22:41-44; Hand. 2:34-35; 1 Kor. 15:25). Dawid sing daar van die ewige Koning en Priester. Jesus, die Christus, behoort egter nie aan die priesterstam nie, maar aan die stam van Juda (Luk. 1:27, 32). Uit Juda mog niemand die altaar bedien nie (2 Kron. 26:16-19).

7:14. Hier bewys hy nou wat hy in vers 13 gesê het (Jes. 11:1; Miga 5:1; Matt. 1:3; Sag. 3:8). Hy stam nie van Levi af nie en tog is Jesus 'n priester – Josua die hoëpriester is 'n sinnebeeld van "*my Kneg, die Spruit*", uit die geslag van Dawid (Jes. 11:1).

7:15, 16. Jesus het nie op grond van afstamming priester geword nie (vers 13). Dit kon Hy nie volgens Ps. 110:4, maar dit word nog duideliker uit die feit van sy geboorte. Die Psalm is dus in Hom vervul. Hy vertoon die beeld van Melgisédek, soos Ps. 110 profeteer. Hy het nie priester geword kragtens "die wet van 'n vleeslike gebod nie" – dit het nie gegaan om sy afkoms van Aäron nie. Jesus het nie priester geword kragtens 'n gebod of wet op grond waarvan andere Hom moes erken, soos die Levitiese priesters nie. Hy kom voort uit *die krag van die onvernietigbare lewe* (Joh. 1:4, 14; 14:6; 1 Joh. 1:1-3). In Homself is krag – die onvernietigbare lewe (Luk. 1:35). Daarom kon Hy selfs die dood oorwin, soos die Hebreërs baie goed weet (Joh. 10:17, 18). Uit die *krag* – ons kan sê sy eie krag – kon Hy priester word volgens die orde van Melgisédek en was Hy

nie onderworpe aan die wet wat die priesterorde volgens afstamming van Aäron gereë het nie.

7:18, 19. Nou sluit hy weer aan by vers 11. Die ou gebod – die Levitiese priesterskap – kan maar verdwyn. Dit is swak en het nutteloos geword. Dit bring nie tot die volkomeheid nie, dit bewerk nie die saligheid nie. Dit is 'n "afbeeldsel en skaduwee" (8:5) van wat in Christus die werklikheid is. Die wet van Moses bring niks tot sy volkome einde nie, dit roep om vervulling in Christus (Matt. 5:17; Rom. 3:21-24; 2 Kor. 1:20). Die wet gee egter hoop aan Israel op iets beters. Dit lei na 'n beter hoop, met die wete dat die hoop eenmaal vervul sal word (11:13-16; 39, 40). Daarom kan ons alleen deur Christus tot God nader (4:16; Hand. 5:12).

7:20, 21. Nou kom die skrywer terug op die eedswering. Die gewone priester het sy amp sonder eedswering ontvang, Jesus egter met eedswering (Ps. 110:4). Ons moet dit ook sien in verband met God se besluit in die ewigheid (Ps. 2:7). Ook 6:17, 18 het alreeds gewys op die groot betekenis van die eed van God. Dit is *onberoulik* – dit geld niemand anders nie en kan ook op niemand anders oorgaan nie as op Jesus.

7:22. Ook as gevolg van die eed van God staan Christus hoër as Aäron. Daarom het Christus borg van 'n beter *verbond* geword. Die begrip "*verbond*" speel in die brief 'n baie groot rol. In die Grieks beteken dit eintlik "*Testament*" (9:15-17).

Die Griekse Ou Testament, waaruit die skrywer aanhaal, vertaal die woord "*verbond*" uit die Ou Testament (Gen. 17:7, 10), só dat die klemverskuiwing plaasvind, sodat die gedagte van *testament* meer na vore kom. Hiervan maak die brief gebruik deur dit aan die dood van Christus te verbind. So word benadruk dat die verbond 'n genadige beskikking of erflating van God deur die dood van sy Seun is. Tog word die Ou-Testamentiese gedagte van die verbond nie heeltemal losgelaat nie (8:6; 9:18). Op die "*twee verbonde*" gaan hy breedvoerig in hoofstuk 8 in. (Vergelyk aantekeninge aldaar.)

Ook die woordjie "*borg*" is van groot belang. God is hier die *Borg* dat die testament of verbond deur sy eed uitgevoer sal word. Tog blyk dit later dat die *dood van Christus* van Hom die Borg gemaak het (8:6; 9:15-17; 12:24).

7:23, 24. In die Ou Testament was wel baie priesters – eintlik bedoel hy hoëpriesters – naamlik die seuns van Aäron. Elkeen het gekom en gegaan en moes by hulle dood deur 'n ander een opgevolg word. Daarom moes daar reëls van opvolging wees. Christus bly egter vir ewig; Hy het geen opvolger nie. Hy leef tot in ewigheid soos Ps. 110:4 voorspel het. Die priesterskap kan nooit weer van Hom weggeneem word nie (Rom. 8:34).

7:25. Op grond van Ps. 110:4 het die skrywer nou klaar bewys dat Christus se priesterskap beter as die van Aäron is. Daaruit maak hy nou sy gevolgtrekking. Dit raak die persoonlike lewe van die lesers en alle Christene. *Hy kan volkome red* – iets wat die priesters in die Ou Verbond nie kon doen nie. Hulle moes telkens weer optree en kon nie volkome saligheid gee nie (10:1, 2). Omdat Jesus die Seun van God is, bestaan Hy vir ewig en kan Hy volkome red. Wie word deur Hom gered? "*Hulle wat deur Hom tot God gaan*" (Matt. 11:28; Joh. 14:6). Omdat Hy vir ewig priester bly, kan Hy voortdurend as priester intree vir hulle wat aan Hom behoort (Rom. 8:34; 1 Joh. 2:1).

### **Vrae: 7:11-25**

1. Indien die Levitiese priesterskap onvolkome was, wat was dan die betekenis daarvan (*Ndl. Geloofsbelydenis*, art. 25)?
2. Waarom is in Christus self *krag* en wat beteken dit vir ons?
3. Waarom kan ons alleen deur Christus tot God nader?
4. Wat beteken dit dat Christus ons Borg is?
5. Hoe word die verlossing in Christus werklikheid in ons?
6. Wat beteken dit dat ons aan die *verbond* van God behoort?
7. Wat beteken dit dat ons erfgename is kragtens die Testament van God?

### **Hebr. 7:26-28. Ons Hoëpriester – heilig... onbesmet...**

7:26. Die skrywer kan nie uitgepraat raak oor die grootheid van ons Hoëpriester nie. Hy het die tema van Melgisédek en Aäron nou uitgeput – en tog laat hy dit nie heeltemal los nie. Hy gaan egter oor tot 'n nuwe betoog: *Christus se sondeloosheid* (in 4:15 reeds genoem). In die opsig is nie alleen Aäron nie, maar selfs Melgisédek nie met Hom vergelykbaar nie. Hy gaan nou sê hoe ons enigste Hoëpriester daar moet uitsien (8:1). Hy gaan uit van die gedagte dat dit vir die lesers vasstaan dat Jesus die Seun van God is (1:1-3).

Weer praat hy van "ons" – hy vereenselwig homself met die lesers. Hy het dieselfde as hulle, en elke Christen, nodig.

Jesus is vir ons *gepas*. Hy verrig nie alleen die werk van sowel Melgisédek as die Levitiese priesters nie, maar Hy is anders as albei. Hy styg bo hulle uit. Juis vir ons, wat dreig om uit te val (5:12-6:8), is Hy alleen gepas, want:

Hy is *heilig*. Hier gaan dit nie om "heilig" soos die volk of ander priesters "heilig" is, omdat hulle vir God afgesonder is nie (Ex. 19:6; 28:36; Lev. 22:32; 21:6), maar om innerlike *reinheid*. Hier kan die Griekse woord ook vertaal word deur "vroom". Hy het met die sonde op aarde hoegenaamd geen verband nie (Joh. 8:46).

Hy is *onskuldig*. Ons is van nature bedorwe met 'n bose hart. Dit is Hy nie. Hy is volmaak, heilig (Luk. 11:39; Joh. 7:7; Joh. 14:6; 15:1; 17:3-5).

Hy is *onbesmet*. Geen besoedeling het enige smet op Hom gelaat nie. Die aanslae van die duiwel het geen vat op Hom gehad nie (Matt. 4:1-11; 16:23).

*Hy is afgeskeie van die sondaars*. Alle mense is van nature *sondaars*. Jesus is egter anders (4:15; 9:14, 28). Moontlik word hier gedoel op sy ontvangenis van die Heilige Gees (Luk. 1:35). *Hy het hoër as die hemele geword* (1:3; 6:19, 20). Hy moes hoër as die hemele word (Ef. 4:10). Op die feit dat Hy in die hemel is, lê die skrywer baie nadruk (1:3, 4; 4:14; 8:1). Alleen omdat Hy daarbo is, kan Hy ons enigste Hoëpriester wees (6:20; 12:2).

7:27. Hy hoef nie meer te offer nie. Hy het dit self nie nodig nie op grond van wat in vers 26 gesê is (10:11; 5:3). Selfs met die oog op die gelowiges het Hy nie nodig om elke dag te offer nie (Dan. 8:11, 12; Amos 4:4). Dit het Hy *net een maal* gedoen. Hy het wel 'n offer – soenoffer – gebring, maar net een maal. Dit was egter nie omdat Hy dit self nodig gehad het nie, maar om 'n gepaste Hoëpriester vir ons te kan wees. Dit is toe Hy Homself geoffer het (Rom. 6:10; Hebr. 9:12, 14, 28; 10:28). Hy was priester en offer tegelyk (Ef. 5:2; Hebr. 10:12).

7:28. Dit kon alleen omdat Jesus die Seun van God is (1:2; 7:3). Die priesterskap kon mense met swakhede – sondes – nie vervul nie. Teenoor die wet van Moses, wat mense met swakhede aanstel, staan die eed van God (Ps. 110:4; Ps. 2:7), wat sy Seun aangestel het. Omdat Hy self vir ewig volmaak is, is sy offer ook volmaak en hoef dit nie herhaal te word nie (2:10; 10:14; Joh. 17:4). Hy alleen kon volkome aan die eis van God se geregtigheid voldoen (Rom. 3:25, 26; 5:1, 6).

### **Vrae: 7:26-28**

1. Hoe 'n Middelaar het ons nodig (*Kategismus*, Sondag 5:15-6:17)?
2. Waarom is Christus vir ons die gepaste Middelaar of Hoëpriester?
3. Waarom het ons nie meer priesters en offers en selfs enige bloedige tekens soos die paaslam en die besnydenis nie?
4. Hoe word ons Christus se offer deelagtig (*Kategismus*, Sondag 1:2)?

## HEBREËRS 8

### **Hebr. 8:1-5. Hemelse en aardse tabernakel en priesterskap**

8:1. Die hoofsaak van sy betoog, sê die skrywer, is: "Ons het so 'n Hoëpriester ..." Christus is alles wat Hy in die vorige gedeelte oor ons groot Hoëpriester gesê het (4:14-5:11; 7:1-28). "*Ons het...*" is vir die lesers en vir ons van groot belang – dit raak elkeen van *ons* se saligheid. Omdat Hy aan al die vereistes beantwoord, kon Hy die troon bestyg. Hy was Hoëpriester op aarde (9:11) en Hy sit sy werk as sodanig, op 'n ander wyse, in die hemel voort. Hy het op sy troon gaan sit omdat Hy die reg daartoe het (Matt 28:18; Openb. 5:5, 6; 12:5). Hy doen sy werk *sittende* in koninklike rus. So gaan sy werk voort (7:25), "aan die regterhand". Dit is die ereposisie, maar ook die hand waardeur God werk en regeer (1:3; Ef. 4:10; Hebr. 4:14). Vir "Majesteit" raadpleeg aantekening by 1:3.

8:2. Nou word die *aard* van sy priesterlike werk in die hemel beskryf. Hy is "*n Bedienaar*". Die woord hou die gedagte in dat Hy dien in 'n amp waartoe Hy geroep is. Daarom sien dit hier op sy priesteramp (Filip. 2:17). Hy bedien die heilige dinge in die ware tabernakel, waarvan die aardse 'n afbeelding of skaduwee is (8:5; 9:11, 24). Die heiligdom is ook deur God self gemaak en nie deur Moses nie (Ex. 26).

8:3. Hier kry ons 'n algemene beskrywing van Christus se dienswerk. Hy moet doen wat elke priester moes doen (5:1). 'n Priester se werk is om te *offer*. Daarom moes Hy ook *offer*. Om die feit van die offer gaan dit hier. Nie om wat geoffer is of hoe dit gedoen is nie. Later sê hy wat die offer was (9:12).

8:4. Christus verrig sy priesterwerk finaal in die hemel. Hy het op aarde wel sy bloed geoffer, maar die offer is eers werklik effektief in die heiligdom in die hemel (Openb. 5:6). Dit is opmerklik dat die Satan – die aanklaer van die broeders – uit die hemel neergewerp word, wanneer Christus met sy offer daar aankom (Openb. 12:5, 7, 9, 10). Hy het in die hemel geen grond meer om mense aan te kla nie (Job 2:3-5; Sag. 3:1). Christus se eenmalige offer bly vir altyd effektief in die hemel. Volgens die wet sou Hy op aarde nie eens priester kon wees nie, behalwe volgens die orde van Melgisédék (7:1-17). Die aardse priesters moes afstam van Levi en Hy was uit die stam van Juda (7:13, 14). Hieruit kan ons nie aflei dat Hy op aarde geen priesterwerk kon doen nie. Dit bedoel die skrywer nie. Hy wil alleen aantoon dat sy priesterwerk *anders* is. Hy kan in die hemel sy priesterwerk voortsit, wat die aardse priesters wat volgens die wet aangestel is, nie kon doen nie. Hy was nie op aarde 'n priester in die aardse betekenis van die woord nie (9:27, 28).

8:5. Hy roep nou die priesterlike diens in herinnering. "*Diens*" sien bepaald op die diens in die erediens. Dit het sy hoogtepunt bereik op die groot versoendag wanneer die hoëpriester die allerheiligste van die tabernakel of tempel binnegaan om die offerbloed op die versoendeksel te sprinkel (Lev. 16:13, 14). Tussen hulle diens op aarde en Christus se diens in die hemel is 'n verband. Christus se diens is geheel enig. Dit is die eintlike offerdiens. Die priesterdiens op aarde is 'n afbeelding daarvan (9:23). Die hemelse diens van Christus is die oorspronklike diens, waarvan die aardse slegs 'n swakke nabootsing is (10:1; Kol. 2:17). Dit is maar die "skaduwee" van die werklikheid wat in die hemel plaasvind. Dit bewys hy nou weer uit die Ou Testament (Ex. 25:40). Selfs die tabernakel en die diens daaraan verbonde het sy oorsprong vanuit die hemel. Aan Moses is 'n *voorbeeld* getoon van hoe die aardse heiligdom moet lyk. Selfs die afbeelding van die tabernakel wat Moses gesien het, was nie die werklikheid nie. Dit was bloot 'n *voorbeeld* – tipe – daarvan (Ex. 33:18-23; 26:30; 27:8; Num. 8:4). Die werklikheid kon Moses nie sien en bly lewe nie.

### **Vrae: 8:1-5**

1. Waarom is Christus ons enigste Hoëpriester?



2. Wat doen Hy in die hemel en wat beteken dit vir u?
3. Waarom word hier net gepraat van Christus se priesterwerk in die hemel?
4. Wat is die verband tussen die diens van die aardse priesters en die van Christus in die hemel? (En selfs op aarde?)
5. Het alle Christene ook priesterwerk op aarde (Rom. 12:1)?

### **Hebr. 8:6-13. Christus die Middelaar van 'n beter verbond**

8:6. "Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry ..." "Nou", in hierdie tyd – die tyd van sy bediening. Sy priesterlike werk bring 'n wesenlike verandering ook in die tyd. Die tyd van die "Ou Testament" is verby en die tyd van die "Nuwe Testament" het aangebreek. Waarom is sy bediening voortrefliker (7:25)? Hy is "Middelaar" van 'n beter "verbond" of "testament" (9:15; 12:24; 7:22; Ps. 110:4). As "Middelaar" is Hy die *Borg* wat die uitvoering van die testament of verbond *waarborg*. Alle seën daal neer vanaf die Vader *alleen* deur Christus (Matt. 11:27; Joh. 3: 35; 13:3; 14:6; 17:2). *Dit is juis daarom wetlik op beter beloftes gegrond* (9:11, 12; 1 Pet. 1:18, 19). Alreeds in die Ou Testament word gepraat van die "nuwe tyd", of nuwe wyse, waarop God sy genade sal betoon (Jer. 7:32; 23:5, 7; 30:3; 31:27, 31; 33:14; 48:12).

8:7. Waarom was die eerste verbond of testament nie goed genoeg nie? "Onberispelik" dui daarop dat die fout nie inherent by die verbond gelê het nie, *maar by die volk* (8:8). Die volk het die verbond nie gehou nie. Selfs by 'n testament moet 'n erfgenaam aan bepaalde voorwaardes voldoen, voordat hy sy erfenis in besit kan neem (Deut. 28:1 e.v., teenoor Deut. 28:15 e.v.). Die hooforsaak in die Nuwe Testament waarom die Here sy volk verwerp het, is *omdat hulle Christus verwerp het* (Matt. 22:1-7; Luk. 19:42-44).

Tot dusver het die skrywer gepraat oor drie dinge wat *verbygegaan* het: die *priesterskap* (7:11); die *wet* wat dit gereël het (7:12) en nou die *verbond of testament*.

8:8. Nou bewys die skrywer uit die Skrif waarom die ou verbond nie onberispelik was nie. Dit was 'n *berisping* of *vermaning* toe God gesê het: Jer. 31:31-34. Hier haal hy weer aan uit die destydse Griekse Ou Testament – vandaar die verskil met ons Bybel. Met die koms van Christus kom die *nuwe verbond* (1:1, 2; 7:22; 8:6).

8:9. Die skrywer vergelyk voortdurend die erediens van Israel met die van Christus, wat vanuit die hemel verrig word. Met die oog daarop kies hy die uitspraak van Jeremia. Die Here het Israel as 't ware met die hand gegryp en uit Egipte gelei. By Sinai in die woestyn sluit Hy dan sy verbond met die volk (Ex. 24:1-8). Israel het belowe: "Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister" (Ex. 24:7). *Hulle het egter nie by die belofte gebly nie*. Hulle het sy verbond verbreek. Daarom ag God Hom ook nie meer gebonde aan die verbond nie. Sy tere liefde en sorg maak Israel se sonde des te groter (Matt. 27:25).

8:10. Die skrywer werk nog steeds met Jer. 31. Hoewel God se volk ontrou was, sal Hy tog 'n nuwe verbond met hulle oprig. By die nuwe verbond verdwyn die *nasionale* karakter daarvan, wat met die *uitwendige* saamgaan. Die *nuwe verbond* raak die *inwendige, die hart*. Dit beteken ook dat hulle sy wette sal *verstaan, deursien en liefhê*. Die *hart* is die *sentrum* van 'n mens se wese en van daaruit word jou hele bestaan beheers. God se nuwe verbond sal nie kom met 'n stelsel van nuwe geboorte nie, maar die ware nakomelinge van Abraham sal self die wet van God volbring, omdat *dit in hul hart geskrywe is*. So staan Christus se werk as geheel voor ons. Jeremia onderskei nie tussen sy *eerste* en *tweede koms* nie. Ons het nou alreeds groot en heerlike voorregte in Christus as verlostes en besit in beginsel die gehoorsaamheid, maar die volmaaktheid sal ons eers bereik by sy wederkoms (*Kategismus*, Sondag 44:114, 115 met Skrifbewyse). "... Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees" (Gen. 17:7). Só word eers werklik bereik wat God met Abraham en sy nageslag ten doel gehad het (Rom.

4:16-25).

8:11. Waar vers 10 handel oor die volk as geheel, kry ons nou in vers 11 te doen met *enkellinge*. Met die wet van God in die hart ken 'n mens hom *sonder onderrig*. Vanweë die sonde is dit nodig dat ons mekaar moet onderrig en vermaan, maar die toestand sal verbygaan. Dit sal weer word soos dit in die Paradys was (Gen. 3:8; Jes. 54:13; 1 Joh. 2:20; Openb. 21:3, 7).

8:12. Die skrywer haal nog steeds uit Jer. 31:34 aan. Die *sonde* maak skeiding tussen God en mens (10:19-27). Die profesie van die *nuwe verbond* is die belofte van die *sondevergewing* wat *Christus alleen kan bring* (9:11). Ondanks die sonde is Hy barmhartig of genadig – *Hy vergewe dit*. En dit hou in dat Hy dit *vergeet* – *Hy dink nooit meer daaraan nie* (*Kategismus*, Sondag 21:56 met Skrifbewyse). Maar was dit dan nie in die Ou Verbond ook maar so wat die sondevergewing betref nie? Miskien moet ons dit sien in die lig van die uitstorting van die Heilige Gees teenoor die seremoniële erediens van die Ou Testament. In beginsel is alles verlê na die inwendige – die hart, hoewel die Ou Testament tog ook al praat van die besnydenis van die hart (Deut. 10:16).

8:13. Hier kry ons die slotsom van die skrywer op die belofte van die Here (2 Kor. 5:17 – waar dit geld van die "nuwe mens"). Die skrywer sien sy slotsom vanuit die tyd van Jeremia. Toe het die nuwe bedeling nog nie aangebreek nie, maar die oue was reeds naby die verdwyning; dit was bestem om te verdwyn. Daarom moet ook die lesers van die brief – Hebreeuse Christene – hulle losmaak van die ou verbond. Dit is vir altyd verby (Gal. 3:24-29).

### **Vrae: 8:6-13**

1. Waarom is die nuwe verbond beter as die ou verbond?
2. Dink daaroor na wat dit vir u beteken dat u aan die nuwe verbond behoort (*Kategismus*, Sondag 1).
3. Waarom was die eerste verbond nie onberispelik nie? Kan dit om die rede ook vir ons in die nuwe verbond geld?
4. Het God sy liefde aan Israel bewys? Hoe het Hy dit aan ons bewys?
5. Gedagtig aan Israel se belofte, wat het u belowe toe u belydenis van geloof afgelê het? Staan ons voor dieselfde moontlikheid as Israel om verwerp te word?
6. Is die wet van die Here in u hart geskrywe? Doen u nog sonde? Waarom?
7. Is Bybelstudie en Bybelonderrig in die lig van vers 11 nodig? Waarom?
8. Is daar 'n verskil tussen God se barmhartigheid in die Ou en Nuwe Testament?

## HEBREËRS 9

### **Hebr. 9:1-8. Die tabernakel in die Ou Verbond**

9:1. Om die voorafgaande toe te lig, beskryf hy nou eers die tabernakeldiens. Dit spreek vanself al van die onvolmaaktheid daarvan. Daar was reëls om die erediens te beoefen en 'n aardse heiligdom (blaai net vlugtig deur Ex. 25-31; 36-40 en Lev. 1-9; 16). Alles is noukeurig voorgeskryf – beide die heiligdom en die diens daarin. Die tabernakel was die aardse afbeelding of sinnebeeld van die hemel as woonplek van die HERE (Hand. 7:44, 48-50; Hebr. 8:5; 9:11-24; Openb. 11:19).

9:2. "Die tabernakel is so ingerig ..." Die wyse waarop dit in die oorspronklike taal gestel word, hou alreeds iets van die verbygaande aard daarvan in (2 Kor. 5:1). Ook die tabernakel was maar 'n "tentwoning". "Die eerste" is voorhof of eintlik "voortent" (Ex. 25:23, 31; 26:1, 35). Dit word die "Heilige" genoem (2 Kron. 26:16-19).

9:3. Agter die tweede voorhangsel was die Allerheiligste (Ex. 25:30).

9:4, 5). Hier word die toebehore binne die Allerheiligste beskryf (Ex. 25:10; Ex. 26:33; Num. 17:10; Ex. 25:16; Ex. 25:18; Lev. 16:2-4).

9:6. Nou kom hy by die diens van die priesters. Die gewone priesters kon alleen in die Heilige diens doen (Num. 18:1-7).

9:7. Hier word vertel dat alleen die hoëpriester, een maal in 'n jaar, die Allerheiligste kon binnegaan. Dit is met die "groot versoendag" (Ex. 30:10; Lev. 16). *Met nadruk word bygevoeg dat die hoëpriester alleen met bloed* mog ingaan. Die bloed word *geoffer* (Lev. 16:14, 15). Op die groot versoendag slag die hoëpriester twee offerdiere – 'n bul vir *homself* en 'n bok vir die *volk*. Eers moes hy dan vir *homself* as priester die bloed op die versoendeksel van die ark in die Allerheiligste sprinkel. Dan keer hy terug en kom weer binne om die bloed van die bok op die versoendeksel te sprinkel vir die sondes van die volk. Die versoendag is 'n dag van verootmoediging (Lev. 16:31, 34). Op die dag word versoening gedoen vir die sondes wat die volk in *onwetendheid* begaan het (5:2; Luk. 23:34 – vergelyk ook Matt. 12:31, 32; Hebr. 6:4-6; 10:26,27; Joh. 5:16, 17).

9:8. Die beskrywing van die tabernakel kom uit die Skrif – daarmee praat die Heilige Gees (3:7; 2 Pet. 1:20, 21). Die weg na die ware heiligdom was nog nie oop nie. Een keer per jaar kon die priester binnegaan met bloed. Sy eie sondes en sy volk se sondes moes elke jaar versoen word. En nie alleen die sondes bly nie. Ook die voorhangsel bly *toe*. Niemand behalwe die hoëpriester kon binnegaan nie. Die seremoniële handeling op aarde wys dus simbolies heen na iets wat moet kom en in die hemel gedoen moet word (8:5; 10:19, 20; Matt. 27:51; Joh. 14:6).

### **Vrae: 9:1-8**

1. Wat was die betekenis van die tabernakel vir Israel? Het dit ook iets vir ons te sê?
2. Waarom is alles in die tabernakel en die diens van die priesters, volgens die wet, so in besonderhede gereël?
3. Sou dit op sigself uitwendige vertroue en werkheiligheid in die hand werk, indien die volk (en priesters) waarlik besef het wat dit beteken (Sag. 3:1-8 – let veral op vers 8)?
4. Hou ons sakramente, die doop en Nagmaal, nie ook die gevaar in dat ons op die tekens mag vertrou en die werklikheid waarom dit gaan uit die oog verloor nie?
5. Wat is die betekenis van die doop en Nagmaal vir ons?

### **Hebr. 9:9-14. Christus is Hoëpriester in die ware tabernakel**

9:9. Die tabernakel en sy diens was dus 'n *beeld* of *gelykenis* wat na iets anders verwys (7:19). Dit wys op die *teenwoordige tyd* – die tyd waarin die beeld of sinnebeeld vervul is in die werklikheid (2 Kor. 1:20). Selfs die priester wat dit bedien het, kon daardeur in sy gewete nie tot volkome kom nie. Hy kan ander mense se gewetes ook nie volkome tot rus bring nie. God het daardeur egter aangehou om te preek van die volkome vergewing en gewetensrus wat Christus gebring het (11:40). "*Volkome*" moet ons sien in die betekenis dat dit iets tot sy hoogste doel bring. Dit kon alleen Christus doen (7:28). Die hoogtepunt in die erediens is *toegang tot God* (vers 11, 12), wat Christus alleen kon bring.

9:10. Hier sê die skrywer nou waarom die tabernakeldiens die gewete nie volkome kan maak nie. Die offers bestaan in spys en drank en verskillende wassing en vleeslike verordeninge (Lev. 11:2-47). Dit is alles reëls in verband met stoflike dinge (Hebr. 7:16). Hulle is opgelê – van Godsweë vereis – met 'n *bepaalde doel*. Dit geld so tot met die tyd dat God self dit sal verbeter, naamlik *die tyd van herstelling* (Deut. 18:15-18).

9:11. Nou sê die skrywer hoe dit in die nuwe verbond of testament gaan. Christus is Hoëpriester van 'n *beter verbond* (7:22; 8:6). Die grootste teëstelling tussen die Ou en Nuwe Testament lê in die *priester* (10:1; 9:26). Volgens die voorbeeld van die hoëpriester van Israel, betree Christus ook die *Allerheiligste* (vers 7).

By Hom gaan dit egter om 'n tabernakel wat nie met hande gemaak is nie en wat nie aan hierdie skepping behoort nie. Hy betree die *hemelse Allerheiligste*. In Openb. 4, 5 het ons te doen met die hemelse heiligdom en daar staan die Lam wat geslag is voor die troon van God (5:6). Dit is die hemelse tabernakel. Dink in die verband ook aan Hebr. 8:5, 6.

9:12. Geweldig en heerlik is die werk van Christus. Hy gaan die heiligdom binne met sy eie bloed – nie met die van bokke en kalwers nie. Daarom bring Hy 'n *ewige verlossing* (1 Kor. 5:17 [?? Jes. 45:17]; Hand. 20:28; Hebr. 10:10; 10:19-22). Christus is die voorloper wat vir ons die weg na die hemel gebaan het; *na die ewige heerlikheid*.

9:13, 14. In die werk van Christus bereik God sy doel. Nou sê hy waarom dit so is. Hier verwys hy na die groot versoendag (Lev. 16). Selfs die offers het wel iets bewerk (9:7). Dit kom nie tot volkome of die ware doel nie, *maar dit maak heilig tot reiniging van die vlees* – dit bewerk *Levitiese reiniging* (Joh. 2:6; Hand. 21:23-24). Dit bly egter by die uitwendige en die soort reiniging beteken nie dat die hart altyd rein is nie (Matt. 15:11, 17-20). "*Hoeveel te meer* sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien." Christus kon Homself vrywillig offer. Hy is offer en priester tegelyk. *Deur die ewige Gees* beteken dat Hy 'n vermoë besit het om dit vrywillig en wetend te doen – uit eie beslissing – wat die stomme diere nie besit het nie. Deur die ewige Gees is Hy ewig God (Luk. 1:35). Hulle is teen wil en dank gedood. Daarom kan Christus waarlik reinig (Openb. 7:14; Tit. 2:14; Hebr. 10:22; Openb. 1:5). Die offerdier moes *sonder gebrek* wees. So was Christus *innerlik sonder smet* – sondeloos (4:15). Hy het Homself op aarde geoffer en deur sy bloed die hemel binnegegaan. So 'n offer kan nie kragteloos wees nie en reik veel hoër as die vleeslike of Levitiese reinheid. Sy offer *regverdige* (Rom. 5:1) en *heilige* (1 Kor. 1:2). Dit bring tot werke wat nie waardeloos of dood is nie, omdat dit waarlik gereinig is deur die bloed van Christus (Tit. 2:14; 1 Pet. 1:18, 19; 1 Joh. 1:7; Openb. 1:5).

### **Vrae: 9: 9-14**

1. Wat bedoel *teenwoordige tyd* (9)? Wat doen Christus as Priester in die tyd? Hoe moet ons eie reaksie wees (Ef. 5:1-11)?
2. Het ons persoonlik toegang tot God? Waardeur?

3. Gee Christus se dienswerk in die hemelse tabernakel aan u enige sekerheid (*Kategismus*, Sondag 1 met teksverwysings)?
4. Waarom sê die Bybel dat vir ons *duur* betaal is?
5. Wat was die waarde van die offers in die Ou Testament? Wat sou u sê is Levitiese reinheid?
6. Hoe moes Christus deur Levitiese reinheid en die offerdiere afgebeeld word? Waarom is Hy, wat reinheid en offerande betref, beter as die ander – eintlik die enigste ware?
7. Doen u dooie of lewende werke? Waaraan weet u dit?

**Hebr. 9:15-22. Wat beteken die Testamentmaker se dood?**

9:15. 'n Testament kry eers werklik betekenis by die dood van die testamentmaker. Christus is Middelaar van 'n Nuwe Testament (8:6, 8; 7:22). Die verbond waarby Moses opgetree het, was van groot gewig. Daarom moes daar gewigtige redes wees om dit te vervang. Christus moes dus tot groter dinge in staat wees as Moses se wette en seremonies en priesters en offers. Dit gaan nou vir die skrywer beslis om "*testament*" en nie meer om "*verbond*", waardeur die woord ook vertaal kan word nie. Die dierebloed by die vroeëre verbondsluiting het ook al in die rigting gewys (Gen. 15:9-12; Ex. 24:4-8; Hebr. 9:18, 19). Christus maak die bestaan en uitvoering van die testament moontlik deur sy *dood* (vers 16), maar Hy het ook gesterf as *offer* (vers 14). Hy het derhalwe volkome voldoen omdat sy bloed die volmaakte offer is teenoor die skadu-offers in die ou verbond, maar ook omdat sy dood die testament, wat ons die "nuwe testament" noem, in werking stel (8:12, 13). Dit geld ook die oortredinge of oortreders van die ou of "eerste" testament. Hulle het die verpligtinge van die verbond oortree – daartoe was die nuwe testament nodig (8:9; Hand. 13:38, 39). So is die belofte (8:8) vervul aan die *geroepenes*, wat hier kan sien op gelowiges uit die Ou en Nuwe Testament. Hulle almal ontvang die belofte van die ewige erfenis (11:13-16, 39, 40), hoewel almal dit nog nie in hulle leeftyd vervul gesien het nie.

9:16. Hier het ons 'n algemeen geldige uitspraak – daarmee sal almal dadelik instem: 'n testament tree altyd eers in werking by die dood van die testamentmaker.

9:17. Die skrywer doen moeite om ons te laat begryp dat die dood van Christus die waarborg is dat ons met 'n werklike testament te doen het. Christus kon nie alleen in ons plek die wet in sy lewe vervul nie, maar moes ook sterwe om die testament geldig te maak, sodat ons waarlik ons erfenis kan ontvang (8:8; Rom. 8:17; Gal. 3:13-15).

9:18. Hier sê hy dat die verbondsluiting by Sinai in werklikheid 'n testament was (Ex. 24:4-8; Jer. 31:31, 32). Ook daar was bloedstorting, hoewel dit dierebloed was. Dit het heengewys na die bloed van Christus waarin dit vervul is (1 Kor. 5:7).

9:19. Nou word die voorafgaande stelling bewys uit die Ou Testament (24:3-8). Die vereiste van bloed geld vir almal wat deel het aan die verbond. Dit sluit aan by Ex. 24 en tog gee dit ook 'n *vertolking* daarvan, want nog die woorde, nog die feite is 'n noukeurige weergawe van wat in Ex. 24 verhaal word. Ons moet dit saamlees met Lev. 14:4, 49, 51 en Num. 19:6. Die skrywer is tot in besonderhede op hoogte van die Ou Testament en daarom skryf hy opsetlik op die wyse. Hy verbind Ex. 24:3-6 ook met wat by die groot versoendag vereis is (Lev. 16:14, 15, 16). Hy wil nie 'n bepaalde gebeurtenis aandui nie, maar duidelik maak dat ook in die ou verbond, waarvan die tabernakel die heiligdom was, terdeë bloed gevloei het, soos by 'n testament vereis word.

9:20, 21. Hier verwys hy na Ex. 24:8. Die bloed is die uitwendige bewys van die verbond, "wat God met die oog op julle *verorden* het." Die volk het egter nie die *verordeninge* van God onderhou nie. Daarom was die nuwe testament nodig. Ook die

tabernakel moes met bloed besprinkel word om dit te reinig. Die sonde van die volk sou dit anders onmoontlik maak vir die heilige God om daarin te woon (Ex. 24:6; Lev. 8:15, 19; 16:14). 'n Nuwe testament moes dus ook met bloed bevestig word (Matt. 26:28).

9:22. *Byna* alles word met bloed gereinig; soms is water voorgeskryf (Lev. 17:11; Ef. 1:7). Die gedagtegang van die skrywer is: By 'n *testament* hoort iemand wat *sterf* (16); by sterwe vind *bloedstorting* plaas (18) en nou wys hy op die *reinigende krag* van die bloed (22). Vergewing van sondes of reiniging is noodsaaklik vir elke mens (Rom. 3:23, 24, 25). Daarom word niemand buite Christus se bloed geregverdig nie (15).

### **Vrae: 9:15-22**

1. Waarom gaan die begrip "verbond" in die Ou Testament by Hebreërs oor in "testament"?
2. Hoe kan die gelowiges uit die Ou Testament gered word, indien die offers onvoldoende was?
3. Kan enige gelowige uit sowel die Ou as die Nuwe Testament ooit die verbond ten volle onderhou?
4. Kan u dan seker wees van u saligheid? Waarom?

### **Hebr. 9:23-28. Christus het een maal die volkome offer gebring**

9:23, In die voorafgaande verse is veral benadruk dat Christus as Testamentmaker moes sterwe om die testament te waarborg. Nou kom hy weer by Christus se priesterlike werk – Hy moes 'n offer bring (11, 12). Hierop brei hy uit en bepaal die aard van die offer wat Christus gebring het. Hy moes vervul wat deur die aardse tabernakel afgebeeld is (8:5). Soos in die aardse tabernakel moes ook in die hemel 'n *reiniging* plaasvind. Daarvan was die groot versoendag op aarde 'n tipiese afbeelding. Die volk sou onrein voor die aangesig van God in die hemel verskyn, indien hulle nie gereinig word nie (Sag. 3:3-5; Openb. 7:14). Dit gaan nie daarom dat die hemel op sigself onrein is nie, maar dat 'n sondige mensdom dit onrein sou maak (10:19-22).

9:24. Christus het in die hemel verskyn – dit is 'n feit (1:4; 6:20; 9:12). Hy sê nou wat die *aard* en *uitwerking* daarvan is. Waarom moes en het Hy in die hemel verskyn? Ook dit is 'n aansluiting by en uitbreiding van vers 11, 12. Hy gaan die hemelse heiligdom binne, "wat nie met hande gemaak is nie" (Hand. 7:48, 49; 17:24, 25). Die aardse heiligdom is gemaak volgens 'n *voorbeeld* wat Moses gesien het (8:5). Christus het ingegaan tot in die middelpunt van die hemel en voor God self – sy aangesig – verskyn (4:14-16). Hy verskyn daar *vir ons* of *ten behoewe van ons* – dit blyk uit verse 23 en 26 en 6:20. Wie agter Hom ingaan, verskyn ook voor die aangesig van God (6:20; Openb. 22:4). Hier lê die nadruk op die *tydstip* waarop Christus die hemel binnegegaan het (Hand. 1:9; Openb. 12:5).

9:25. Hier sê hy nou waartoe Christus nie in die hemel verskyn het nie. Hy kom wel daar as Hoëpriester met 'n offer van bloed, maar nie soos die aardse hoëpriester wat elke jaar – by die groot versoendag – weer met dierebloed die allerheiligste betree nie (vers 7). Daarom was die hoëpriester se offer nie voldoende nie. Hy moes naamlik elke jaar offer en hy offer nie sy eie bloed nie (24, 26, 28).

9:26. Indien dit nie so was nie (24, 25), sou Hy herhaaldelik moes ly. Dit impliseer ook dat Hy herhaaldelik gebore en gedood sou moes word. "Van die grondlegging van die wêreld af" beteken hier: "van die aanvang van die dinge af" – dit is vanaf die skepping en sondeval. Hy sou van toe af moes ly en aanhou ly, solank daar sondaars is. Sy werk moet immers vir alle tye geldig wees – ook vir die gelowiges uit die Ou Testament. Nee, Hy het net een maal verskyn en vir sondaars van alle tye versoening gedoen (1 Pet. 3:18). "die voleinding van die eeue" beteken hier dat God sy einddoel bereik het in die

tyd van Christus se koms om te ly (Gal. 4:4; 1 Kor. 10:11). Dit staan teenoor die moontlike herhaling van die lyde en benadruk dat so iets onmoontlik is. Hy het een maal verskyn voor die aangesig van God in die hemel om vir altyd die sonde deur sy offer weg te neem (1 Joh. 3:5). Die *sonde* is die groot mag wat die gemeenskap met God verhinder en dit is weggeneem (10:19-22).

9:27. Hoe heerlik Christus ook al is, dit gaan met Hom soos met alle mense. Sy ware *menswees* word nie aangetas nie. Vir alle mense staan dit vas: hulle sterwe eenmaal en daarna kom die eindoordeel. Dit spring niemand vry nie. Dit is ons almal se bestemming en aan die bestemming het Christus ook deel. Die verskil is egter dat Hy die oordeel, in ons plek, klaar gedra *het en die dood* klaar oorwin het.

9:28. So is Christus as ampsdraer – priester – aan die mens gelyk. En tog word die aard van Christus se dood en die oordeel hier beskryf as anders as die van alle ander mense. Sy sterwe is 'n offer *met 'n* bepaalde doel en sy wederkoms – die oordeel – is eg menslik, maar daarin word sy heerlikheid as priester geopenbaar (Jes. 53:12; Matt. 20:28; 1 Pet. 2:24). Hy verskyn die tweede maal sonder sonde aan die wat Hom verwag tot saligheid (1 Kor. 1:7-9; Matt. 26:28). Sy heerlikheid by sy wederkoms is sy wettige loon op sy offer. "sonder sonde" beteken hier dat Hy by sy wederkoms nie meer gebuk gaan onder die sondelas wat Hy op aarde vir ons gedra het nie (2:9, 10, 14, 15). Dit is opmerklik dat hier nie van die *oordeel* gepraat word nie, maar alleen van die seënryke gevolge vir hulle wat Hom verwag (1 Kor. 1:7-9; Joh. 3:16, 18). Sy wederkoms beteken vir ons die *eindverlossing* van die ellende en alle mag en smet van die oorblywende sonde (Filip. 3:20; 1 Thess. 1:10).

#### **Vrae: 9:23-28**

1. Hoe kan die skrywer sê dat "die dinge in die hemele gereinig moes word" (23)?
2. Kan ook ons voor die "aangesig van God" verskyn?
3. Waarom moes Christus nie, soos die priesters, gedurig offers bring nie? Is die Roomse kerk reg wanneer hulle Christus daagliks "offer" in die bediening van die mis?
4. Waarin kom Christus se dood en die oordeel ooreen en waarin verskil dit van die van alle mense?

## HEBREËRS 10

### **Hebr. 10:1-10. Christus se eenmalige offer maak volkome heilig**

In hierdie verse kom die skrywer eintlik net terug op stof wat hy alreeds in die vorige gedeelte behandel het. Dit is net 'n samevatting van wat hy van Christus as priester gesê het.

10:1. Dieselfde gedagtes vind ons reeds in 8:5; 9:9-11 (Kol. 2:17). Die wet is 'n skaduwee van die toekomstige weldade, maar is nie self die werklikheid nie (7:19; Rom. 8:3, 4). 'n Skaduwee is die bewys van die bestaan van die ding wat dit afbeeld. Dit gee eintlik net die buitelyne van die werklikheid weer. Die wet het dus wel betekenis, maar dit is profetiese betekenis. Dit wys heen na wat nog moet kom. Daarom moes die offers jaar na jaar herhaal word, sonder om ooit tot volkomenheid te kom of die einddoel te bereik (9:9). Dit het geroep om vervulling.

10:2. Die bewys van die onvolkomenheid van die offers volgens die seremoniële wet, lê in die herhaling daarvan. Sonde kan nie stuk vir stuk versoen word nie, omdat alle sonde die reg van toegang tot God verhinder. "geen bewussyn van sondes" beteken nie dat almal dan rein van elke sondesmet sou wees nie, maar dat alle sondes so volkome vergewe is dat ons rus in ons gewete het (Kategismus, Sondag 21:56; 23:60).

10:3, 4. By die groot versoendag word die volk jaar na jaar herinner aan die sondes. Die herinnering aan die sonde bly, ondanks die offer van die vorige jaar. Daar bly steeds onversoende sondes. Dit kan ook nie anders nie – dierebloed kan onmoontlik die sonde wegneem (9:13). Bloed is stoflik en sonde is onstoflik (Matt. 15:15-20; Jes. 27:9; Rom. 11:26, 27). Dit roep om vervulling van die werklikheid, waarvan dit 'n skaduwee is.

10:5. Selfs die Ou Testament wys aan dat die seremoniële wet nie voldoende is nie (Ps. 40:7). Die digter spreek hier profeties van Christus (1:6). Die woorde van Ps. 40 word in die mond van Christus gelê (Joh. 16:28; 18:37), toe Hy in die wêreld gekom het. Die aanhaling uit Ps. 40 is weer uit die Griekse Ou Testament wat die skrywer gebruik het – vandaar: "maar U het vir My 'n liggaam berei..." Daar was meer as diereoffers nodig om die sonde te versoen (1 Sam. 15:22; Ps. 50:8; 51:18, 19; Spr. 21:3; Jes. 1:11; Jer. 6:20; Amos 5:22; Miga 6:7).

10:6, 7. Nog 'n tweetal offers word genoem wat nie voldoen nie. En dan volg 'n teëstelling – iets wat wel voldoen aan die eis van God: "Kyk, Ek kom ..." God wil wel 'n offer hê, maar nie elke offer is goed genoeg nie. Daarom sê Christus: "Kyk, Ek kom ... om u wil te doen, o God!" Dit het Hy gedoen (Joh. 17:4; Luk. 22:42). Sy offer is sy hele optrede op aarde met inbegrip van die offer van sy eie bloed. So moes Hy ook kom, omdat dit in die boekrol – die Heilige Skrif – so van Hom geskryf is (Joh. 5:39; 1 Kor. 1:18-20).

10:8, 9. Die aanhaling word nog nader verklaar en toegepas. Slagoffers of watter soort offers ook al, bevredig God nie. Daarom moes Christus kom om iets anders te doen. Met sy koms word die eerste weggeneem, dit is die seremoniële offers volgens die wet. Eintlik het Hy dit vervul (Matt. 5:17) en daarom is dit in die vorm nie meer nodig nie. Dink hierby aan Paulus se houding teenoor die besnydenis, ook 'n bloedige teken (Gal. 5:2).

10:10. "Deur hierdie wil" beteken die wil van God, in teëstelling met die offers. Volgens sy wil gee Hy aan Christus 'n liggaam (5) om dit te offer om sondaars te red (Rom. 3:21–25). Dit was 'n eenmalige volmaakte offer (Joh. 17:19; Joh. 6:51; Rom. 6:10; Hebr. 7:27).

In die gedeelte het veral na vore gekom dat Christus se offer in staat was om te doen wat God eis – die volkome heiliging van die sondaar, waartoe die seremoniële wet nie in staat was nie.



### **Vrae: 10:1-10**

1. Wat is die betekenis van die seremoniële tabernakeldiens met die oog op Christus? Sê dit ook iets vir ons?
2. Waarom kan die herhaling van offers nie volkome rus gee nie?
3. Is die bewering reg dat die herhaalde "onbloedige offer van Christus" in die Roomse mis nie tot die ware vrede met God bring nie, maar dat dit 'n mens hoogstens aan die Roomse kerk bind en nie aan Christus self nie (*Kategismus*, Sondag 30:80).
4. Is Christus se offer meer as 'n "stoflike" of "liggaamlike" offer (*Kategismus*, Sondag 15, vraag 44 [?? So. 16:44])?
5. Beteken die uitdrukking "om u wil te doen" (7) bloot die offer van Christus aan die kruis?

### **Hebr. 10:11-18. Christus hoef nie opnuut 'n offer te bring nie**

10:11. Die priester bly voortdurend, dag na dag, in sy *dienskneg-gestalte*. (Christus was as Priester ook "die Kneg van die HERE", maar Hy het langs die weg van gehoorsaamheid tot sy Konings-heerlikheid gekom. Daarom geld vir Hom die orde van Melgisédék (7:2, 3). Die priester bring dikwels dieselfde offers wat tog nooit waarlik die sondes kan wegneem nie (10:1-4).

10:12. Christus, as die Seun van God (1:3), het nie Kneg gebly nie. As Seun van God kon Hy sy werk doen en die heerlikheid ingaan (Ps. 110:1, 2). In 5:6 is Ps. 110 die uitgangspunt om tot sy besondere priesterskap te kom. Hier, by die afsluiting van sy priesterwerk, dien dieselfde Psalm om te toon dat Hy as Koning tot heerlikheid moes kom.

10:13. Weer word na Ps. 110:1 verwys. Hoe groot sy heerlikheid ook al is, die toppunt daarvan is nog nie bereik nie (9:28). Sy wederkoms op die wolke van die hemel is 'n triomf oor sy vyande (*Kategismus*, Sondag 19:52 met Skrifbewyse). Daarvoor werk en wag Hy in die hemel, en Hy werk ook daartoe op aarde (Matt. 28:18, 20).

10:14. Christus se werk is afgehandel (10:12). Die sin is so saamgestel dat die nadruk feitlik op elke woord val. Dit is vir die skrywer 'n belangrike samevatting van Christus se hele werk. Hy het die *een* offer gebring. Daardeur het Hy "volmaak" of tot sy volle doel gebring, wat nodig was vir die wat geheilig word. 'n Mens dink aan sy uitroep aan die kruis: "Dit is volbring!" (Joh. 19:30). Sy werk is afgehandel (7:25). Nooit is daar weer 'n offer vir die sondes van die mens nodig nie. "Die wat geheilig word ..." staan in 'n vorm wat wys op die verlede, maar ook deurloop na die toekoms. Niemand vir alle eeue is uitgesluit by die eenmalige offer van Christus nie. Dit geld vir elke gelowige van alle tye.

10:15. Van die volle werk van Christus gee die Heilige Gees getuïenis aan ons. Ons kan daarop reken dat Christus se offer vir altyd "tot volmaaktheid" bring (14). Die "getuïenis van die Heilige Gees" het die skrywer oorfloediglik laat spreek uit die Ou Testament (3:7).

10:16. En dan haal hy weer aan wat die Heilige Gees in Jer. 31:33 gesê het (8:10). Dit spreek van die nuwe tyd of verbond – die tyd van die koms van Christus. Dan gaan dit nie om uitwendige seremoniële wette wat mense moet onderhou nie. Dit gaan om die hart – die diepste innerlike van die mens wat die hele mens in sy bestaan raak (Joh. 1:32, 33; 3:3, 5; 6:63). Ook *verstand* beteken hier nie bloot om intellektueel te *ken* nie, maar *gelowig* te ken. Kyk wat sê die *Kategismus* van *geloof* (Sondag 7; vergelyk hierby ook die aantekeninge by 8:10).

10:17. Ook by hierdie sin kan u gerus weer die *Kategismus* raadpleeg (Sondag 21:56; 23:60). Wanneer God vergewe, is dit gewis en totaal – Hy vergeet ons sonde, omdat

Christus se offer die sondes volmaak uitwis.

10:18. Hier kry ons nou die finale konklusie op Christus se werk as priester. Wanneer God nie meer aan die sondes dink nie, is daar geen plek vir enige verdere offers ter wille van die sondes nie. Daarom gee die offer van Christus – en dit alleen – aan ons ware gewetensrus. Klem altyd daaraan vas (1 Joh. 2:1, 2)!

### **Vrae: 10:11-18**

1. Waarom moet ons Middelaar waaragtig God wees (11, 12)?
2. Waarom geld Christus se versoeningswerk vir mense van alle tye?
3. Wat beteken dit dat die *Heilige Gees getuig* van die volkome offer van Christus?
4. Wat is 'n ware geloof wat betref die *hart* en *verstand*?
5. Kan u sê dat u eie sondes vergewe is? Waarom alleen?

### **Hebr. 10:19-25. Laat ons toetree!**

Dit gaan vir die skrywer nie alleen daarom dat hy Christus se heerlike werk en ons genadige verlossing tuis wil bring nie, maar hy gaan nou doelbewus vermaan. Daarmee begin hy hier.

10:19. Vroeër het hy vermaan teen die afval van die lewende God (3:12). Nou begin hy positief: *gaan in tot God*. Vir *onrein* mense is dit nie moontlik om tot God te nader nie (9:9, 12, 14, 15, 22, 26, 28). Hy spreek die lesers direk aan as "broeders" – dit raak hulle persoonlik. Hulle moet ook onthou, wanneer hy hulle skerp aanspreek, dat hy dit in liefde doen. Hy praat met hulle as broeders. Ook hy self is daarby betrokke. Daarom praat hy van "ons" (2:1; 4:1; 6:1). Ons het *vrymoedigheid* om tot God te nader, nie omdat ons in onself (subjektief) rein is nie, maar buite onself in Christus. Ons gaan in die heiligdom deur die bloed van Christus (Ef. 3:12). Die *vrymoedigheid* vat, soos 'n jubeling van blydschap, al die weldade wat ons in Christus besit saam, in skerp teëstelling met 9:8. Die heiligdom – en daarby die hemelse heiligdom – is nou oop, terwyl die aardse allerheiligste vir die volk gesluit was en selfs die priester kon net een maal per jaar ingaan en dan nog maar met dierebloed.

10:20. Ons gaan in die heiligdom op die weg van genade (Ef. 3:11, 12; Hebr. 6:20; Joh. 14:6). Dit is 'n *nuwe en lewende weg*. Die woord "nuwe" kan ons vertaal deur "vars", soos ons praat van 'n "*vars geslagte dier*", wat bepaald gekies is om te wys op die offer van Christus. Dit bly egter altyd vars of nuut. Dit is ook 'n "*lewende*" weg, wat aandui dat van die pad self aksie of werking uitgaan op elkeen wat dit bewandel – die pad help hom voort (4:12; 1 Pet. 1:3). Christus baan nie alleen die weg nie, maar Hy hou en help ons ook voort op die weg (Joh. 10:27, 28; 14:6; Hebr. 7:25). Die *voorhangsel* voor die allerheiligste in die tabernakel versper die weg na die verbondsark, waar God in sy heerlikheid te midde van sy volk woon. Dit dien hier as beeld om die skeiding tussen sondaarmense en God in sy hemelse woning aan te dui. Christus het egter die pad oopgemaak deur sy vlees (1 Pet. 2:24; Jes. 53:12).

10:21. Ons het 'n groot Priester (Ps. 110:4). Daar was geen ander priesters by betrokke nie. Hy is ook *groot* omdat Hy die ware heiligdom binnegegaan het. "Huis van God" sien die Skrif gewoonlik as die volk van God (3:6; Num. 12:7; 1 Pet. 4:17), wat hier ook van pas kan wees. Ons gaan die heiligdom binne omdat ons oor en bo ons 'n groot Priester het.

10:22. Nou word gesê waarom ons met *vrymoedigheid* die heiligdom wat die hemel en die aarde omvat, kan binnegaan en hoe ons dit moet doen (4:16; 7:25). "*Laat ons toetree*" is die sentrale vermaning van die hele brief. Ons tree toe tot God self in die heiligdom in die hemel, terwyl ons nog op aarde is (10:22, 23, 28). Ons moet leef in

gemeenskap met God; in besonder in *gebedsgemeenskap* (Ps. 141:2). Dit is 'n lewe van *hoop* (6:19, 20). Dit is egter geen wankelmoedige hoop nie, maar geanker aan die offer van Christus, beteken dit sekerheid (Rom. 8:38, 39). Die hart – die sentrum van die lewe – moet *gereinig* wees. Hier gaan dit om jou eie gesindheid – hoe dit in jou eie innerlike gesteld moet wees (Jes. 38:3; Hebr. 3:12). "Volle geloofsversekerdheid" wil sê dat die geloof oorfloedig moet wees en die hele hart vervul (11:1). Die hart is besprinkel of gereinig deur die bloed van Christus (9:13, 14; 1 Joh. 3:20, 21). In die seremoniële erediens van die Ou Testament is die priesterlike reiniging deur water altyd sterk benadruk (Ex. 29:4; 30:20; 40:30; Lev. 16:4). In die nuwe bedeling word *alle gelowiges gewas soos priesters wat voor God verskyn* (12:24; 1 Pet. 1:2). Hier is die doop bedoel (Ef. 5:26; Tit. 3:5). In ons teks word beide die hart of gewete en liggaam genoem – dit is die hele mens, wat na liggaam en siel aan God behoort en met Hom in gemeenskap lewe (Rom. 12:1; 1 Kor. 6:11).

10:23. Die wyse waarop hier gepraat word van "belydenis" dui aan dat daar destyds reeds een of ander vaste vorm van belydenis bestaan het. So 'n *belydenis* moet onwankelbaar vasgehou word (4:14). By die doop moes 'n belydenis afgelê word (Matt. 3:6; Hand. 8:36, 37). Dit is ook opmerklik dat die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels) duidelik ontstaan het deur 'n uitbreiding van die doopbevel (Matt. 28:19). Dit is die belydenis van die *hoop* (3:6; 6:11, 18; 7:19). Klaarblyklik was dit 'n groot tekortkoming by die gemeente dat hulle toekomstverwagtinge (*hoop*) vervaag het. Daarom het hulle weer behoefte gehad aan melk en kon vaste spyse nie verteer nie (5:12-6:2). Hulle moes leer om vas te hou aan God se beloftes en daarvolgens te lewe (Rom. 8:24; 1 Pet. 1:3; Hebr. 3:14; 6:11; 11:1; 12:3).

10:24. Teenoor God moet ons vashou aan die belydenis van die *hoop*, maar ons het ook 'n verpligting teenoor mekaar. Hier gaan dit nie om die optrede van die gemeente as geheel nie, maar van elke lidmaat afsonderlik (3:13; 13:1). Ons moet mekaar aanspoor tot *liefde*. Dit is die wortel waaruit ons lewe en wat die goeie werke as vrug voortbring (6:10). Agtereenvolgens het hy nou geloof (22), *hoop* (23) en *liefde* genoem (1 Kor. 13:13). Geloof, *hoop* en *liefde* kan ons die samevattende vrug van die Heilige Gees noem (Hand. 16:14; Ef. 2:8; Gal. 5:22; Rom. 8:24, 25).

10:25. "... en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim ..." Hier noem die skrywer 'n sonde wat voorkom by die gemeente en hy vermaan duidelik en sterk. "Versuim" beteken eintlik dat die mense die onderlinge samekoms *skuldig in die steek laat*. Dit word duidelik verbind met vers 26; *dit is 'n opsetlike sonde*. "Byeenkoms" is die geleentheid waarby God se volk byeen gebring word (Matt. 23:37; 24:31). Dieselfde woord word ook gebruik vir die finale samekoms van Christus met sy volk (2 Thess. 2:1). Dit is 'n onderlinge of *eie* samekoms van die gemeente. *Die mense laat moedswillig die samekoms van die gemeente in die erediens, waar hulle behoort te wees, in die steek*. Dit word nie gesê of hulle êrens of nêrens heen gaan nie, *maar dat hulle moedswillig wegbly, is 'n ernstige sonde*. Dit openbaar 'n gesindheid van hoogmoed of eiegeregtigheid en hulle is moedswillig ongehoorsaam aan 'n uitdruklike bevel van God (3:12). Sulke mense moet in *liefde vermaan* word (die oorspronklike woord kan beide *vermaan* en *vertrous* beteken). Die vermaning is des te dringender omdat *die dag naderkom* (1 Kor. 3:13; 1 Thess. 5:4; 10:28, 29). *Dit mag te laat word om te vermaan*.

### **Vrae: 10:19-25**

1. Waarom kan ons met vrymoedigheid bid al is ons sondaars? Is dit sonde om die gebed na te laat wanneer jy nie voel om te bid nie?
2. Wat is die nuwe en lewende weg – of Wie?
3. Behoort u aan die huis van God? Hoe weet u dit?
4. Hoe moet ons bid (*Kategismus*, vraag 117).
5. Waarom het ons 'n belydenis en selfs belydenisskrifte nodig (Rom. 10:9, 10)?

6. Is dit u persoonlike roeping om andere te vermaan? Waarom?
7. Is dit sonde om weg te bly van die eredienste? Waarom?

**Hebr. 10:26-31. "Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God."**

10:26. Hier het ons weer een van die moeilike uitsprake wat staan in verband met Matt. 12:31, 32; Hebr. 6:4-6; 1 Joh. 5:16, 17. Ons kyk eers wat die teks sê. "*Want as ons opsetlik sondig ...*" Teen jou *beterwete in hou jy aan om te sondig*, is wat die skrywer eintlik bedoel. Omdat hy praat van "ons" gee hy te kenne dat die toestand nog nie in die gemeente bestaan nie. Alreeds by 5:2 en 9:7 onderskei die skrywer tussen bepaalde sondes (Num. 15:30; Lev. 5:18). Die opsetlike sonde gaan hier oor 'n *sondetoestand*. Dit is 'n toestand wat lei tot af val van die lewende God.

"*nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het...*" Die *waarheid* is hier die openbaring van God wat sy wet insluit (1 Tim. 2:4; 4:3; 2 Tim. 2:25; 3:7). Dit gaan nie alleen om *verstandelike kennis* nie, maar ook innerlike toestemming dat die openbaring die waarheid is. Normaalweg sou dus alleen "kerk-mense" hulle aan die sonde skuldig kan maak (1 Kor. 10:12).

"... *bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie ...*" Uit die wyse waarop dit in die Grieks gestel is, blyk dat hier bedoel word dat *sondes van die aard* nie meer versoen kan word nie (28, 29).

10:27. Is die offer van Christus verwerp, bly net dit (oordeel) oor vir die mens. Vir hom wag daar niks anders nie (Matt. 22:13; 25:41; Openb. 14:9, 10; 20:10, 14, 15). Die oordeel is vreeslik (Jes. 26:11).

10:28. Hier verwys hy weer na die Ou Testament (Deut. 17:2, 6). Dit geld as 'n algemene reël in die wet van Moses (Num. 35:30; Deut. 19:15; Hebr. 2:2, 3).

10:29. Die openbaring van die waarheid (26) is veel heerliker in die Nuwe Testament. Groter voorregte bring groter verantwoordelikheid. Ons leef nie meer in die tyd van die skaduwees (8:5) nie, maar van die werklikheid, die vervulling. Daarom is ook die straf nie alleen swaarder nie, maar ook meer intensief. Dit is nie liggaamlike dood nie, maar ewige dood in die helse vuur. Wat is die sonde waarom dit gaan? "... *die Seun van God is vertrap*" (2:3, 4). Hier is dit anders as met die mense wat Hom gekruisig het (Luk. 23:34). Hier word die sonde opsetlik en wetend gedoen (26). Met "Seun van God" noem Hy Christus se hoogste Naam; dit word vertrap en daarmee word Hy ten diepste verneder met die grootste minagting (2 Kon. 9:33). Daarby het Christus met sy eie bloed die heiligdom binnegegaan om ons van ons sondes te reinig (9:12). Ook dit word deur die mens as onrein – eintlik *profaan* – geag. Dit is niks werd nie en onbruikbaar vir hom (1 Kor. 11:29), *hoewel hy daardeur geheilig is*. Die vorm van die Griekse werkwoord wil hier uitdruk dat by hom 'n *begin* van die heiliging was, maar dat dit nog nie tot die volle werklikheid gekom het nie. Hy het begin om te glo (Hand. 8:13 e.v.). Van finaal geheilig wees is hier geen sprake nie. Dit is hier anders as by 10:10. Die skrywer leer tog duidelik die onverliesbaarheid van die genade (10:14, 17).

10:30. Weer word verwys na twee uitsprake in die Ou Testament dat God verseker sal oordeel. God laat Hom nie bespot nie (Deut. 32:35, 36). God het geen geheim gemaak van sy oordeel oor sulke mense nie. Ons weet dit duidelik uit die Skrif. Hy self behou die reg om te oordeel en niemand kan dit uit sy hande neem nie. Daarom is sy oordeel ook gewis en seker.

10:31. "Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God" (3:12; 12:29). *Om in sy hande te val*, beteken om deur Hom geoordeel te word.

**Vrae: 10:26-31**

1. Vir uitsprake soos hierdie skrik ek – en u?
2. Waarom staan alleen kerkmense skuldig aan hierdie sonde?
3. Is dit 'n sonde waarin 'n ware gelowige kan verval?
4. Wat is die verskil tussen 'n toestand van sonde en 'n daad van sonde? Beteken dit om te volhard in sonde en te val in sonde? Watter een van die twee is opsetlik en wetend?
5. Waarom, sou u sê, is die oordeel oor die sonde swaarder in ons tyd as in die Ou Testament?
6. Is by die soort sonde nog 'n moontlikheid van bekering?

### **Hebr. 10:32-39. "Onthou die vorigedae..."**

Hulle is "*verlig*" omdat hulle by die Lig van die wêreld uitgekom het (Joh. 8:12; Kol. 1:13). Hier gaan dit gewis om hulle bekering (Hand. 2:38; 3:19). Dink terug aan die begin (12:1-4)!

10:32. Na verloop van tyd raak 'n kerk egter gewoon aan die dinge en die nuwe glans verdwyn. Die gemeente is vroeër vervolgd, hulle het lydensworsteling geken. Nou beleef hulle blykbaar 'n periode van rus. Ook dit werk verslapping in die hand.

Hierdie uitspraak laat ons dink aan Openb. 2:4, 5. (6:10.) Eintlik bly dit steeds die ervaring en die gevaar in die kerk. Waar mense uit die Jode of heidene tot geloof in Christus kom, leef die ware vreugde en blydskap in die Here (Hand. 2:41-47; 1 Thess. 1:6, 7). Dit was ook so tydens die Kerkhervorming van die sestende eeu. As bewys daarvan dien ons *Drie Formuliere van Eenheid* wat nog, na al die eeue, onveranderd as ons belydenisskrifte aanvaar word. Die mense het die nuwe blydskap en verdieping geken, toe hulle vrygemaak is van die slawerny van die Roomse hiërargie en seremonies en die vryheid in Christus leer ken het.

10:33. Die *lydensworsteling* van die gemeente in die begin word nou nader aangedui. Hulle is self vervolgd vanweë hulle geloof en hulle het andere wat vervolgd is, bygestaan. *Eie nood maak ook die oë oop vir die van andere*. Hulle het 'n "skouspel" geword. Hulle is in die openbaar, selfs in die skouburge, gemartel (Hand. 14:19-22; 1 Kor. 4:9). Hulle was ook gewillig om hulle mede-gelowiges in nood by te staan. Hulle het hulself nie "onbetrokke" gehou nie, maar ingespring en gehelp waar andere vervolgd is – al sou dit vir hulself gevare inhou (Filip. 4:14, 15).

10:34. Nou noem die skrywer 'n paar voorbeelde van hoe hulle met andere in nood meegeleef het. In daardie tyd het 'n mens nie "*gevangenisstraf*" ondergaan nie. Jy is alleen maar in die gevangenis aangehou as *verhoorafwagende*. Indien jy nie vrygelaat is nie, was die straf gewoonlik doodstraf of slawerny. Daarom kon gevangenes normaalweg vry besoek en van lewensmiddele voorsien word (Matt. 25:36; Hand. 23:16; 24:23; 27:2, 3; 2 Tim. 1:8, 16; 4:9 e.v.). Daarby pas die vermaning (13:3). Hulle het *saamgevoel*, beteken meer as blote woorde of 'n gebaar. Dit beteken daadwerklike offers ten behoeve van die gevangene. Hieruit blyk dat die skrywer self by geleentheid in die tronk was vanweë sy geloof. Hulle is selfs van hulle besittings beroof of geplunder, maar het dit met blydskap aanvaar (Hand. 5:41; Rom. 5:1-5; 8:36-39). Hulle kon dit met blydskap aanvaar omdat hulle 'n beter en blywende besitting in die hemel het (Matt. 6:19-21; Mark. 10:21; 2 Kor. 4:16-5:1). As ons dit tog maar altyd onthou!

10:35. Weeg nou die skatte teen mekaar op! Kom tot juisself en dink daaraan hoe dit nou is en hoe dit vroeër was (Luk. 15:17-19). Gooi julle *vrymoedigheid* nie weg nie. *Vrymoedigheid* is die voorreg of vryheid om tot God in te gaan (4:16). Dit hou 'n groot *beloning* in – "die skat in die hemel" (Matt. 6:19-21). En die skat word ook al op aarde geniet deur in gemeenskap met God te kan lewe (1:14; 2:10; 5:9; 7:25; 9:28). Dit is 'n *genadeloon* (11:6).

10:36. Wat kom die lesers kort? *Lydsaamheid!* Dit is dieselfde lydensworsteling wat hulle vroeër besit het (32). *Lydsaamheid het 'n mens altyd nodig.* Dit is die vermoë om te kan aanhou en uithou onder druk en nood (Rom. 5:1-4). In vredestryd wanneer geen vervolging plaasvind nie, het 'n Christen dit ook nodig – soms selfs in baie groter mate (Ef. 6:10-12). Die geestelike aanslae is dan selfs erger as wanneer uitwendige nood ondervind word (*Kategismus*, Sondag 52:127; Openb. 12:12). Daarom kan hy die gemeente oproep tot lydsaamheid, al gaan dit rustig by hulle, moontlik te rustig. *Sonder lydsaamheid doen 'n mens nie die wil van God nie* (Luk. 9:23; 13:24; 2 Tim. 4:7). Ons is verlos om God te dien. Daarom wag die verkryging van die belofte op ons, nadat ons sy wil volbring het (2 Tim. 4:7, 8). Vanselfsprekend *verdien* ons nie saligheid nie, maar 'n goeie boom dra goeie vrugte (Matt. 12:33).

10:37. Die belofte word finaal verkry (36) wanneer die Messias weer kom (9:28; Hab. 2:3, 4). Die profesie van Habakuk word hier op Christus toegepas (Ps. 118:26; Matt. 21:9), soos dit telkens in die Nuwe Testament gedoen is. In die Ou Testament is die dinge van God gesê.

10:38. Vir die gelowige is die koms van Christus egter geen oordeel nie (Hab. 2:4). In vers 36 het ons gelees dat *hy wat die wil van God doen* die belofte sal ontvang (12:9). Hier staan "*die regverdige sal uit die geloof lewe*". Dit beteken dat hy die belofte geheel en al *uit genade* ontvang (Ef. 2:8, 9). Die regverdige ontvang nie die lewe of die belofte omdat hy die wil van God doen nie, maar omdat hy uit die *geloof* op die weg van die wil van God lewe. Omdat hy glo, leef hy uit dankbaarheid volgens die wil van God (*Kategismus*, Sondag 32). Hy gaan dan voort met sy aansluiting by Hab. 2:4, maar haal nou die eerste deel van die vers aan soos dit in die destydse Griekse Ou Testament vertaal is. Dit beteken dat iemand wat hom onttrek of afvallig word van die lewende God, verlore sal gaan. God het geen welbehag in hom nie (Openb. 21:7, 8; 2 Pet. 2:20).

10:39. Hierdie vers herinner aan vers 32. Wie volhard tot die einde toe, sal gered word (Matt. 24:13; 1 Pet. 1:9). Hulle behou die geloof, wat hulle in staat stel om die voorbeeld van Christus na te volg (12:2, 3).

### **Vrae: 10:32-39**

1. Al sou u nie met "dag en datum" u bekering kan aandui nie, kan u vir uself wel tye van blydskap in die Here in herinnering roep? Is dit nog so?
2. Is u bekommerd oor uself en u kerk? Doen u iets daaraan?
3. Dink u in eie nood ook aan die nood van andere en doen u iets daaraan?
4. Het u vrymoedigheid om tot God in te gaan? Waarom?
5. Indien u tot God ingegaan het, beteken dit dat u – en ek – dan maar kan bly soos ons was?
6. Wat beteken lydsaamheid? Beoefen u dit?
7. Waarom kan die Skrif sê dat die mense wat die wil van God doen die belofte sal ontvang, terwyl ons tog alleen uit genade, sonder enige verdienste van ons kant, gered word?

## HEBREËRS 11

### **Hebr. 11:1-7. Die geloof en geloofshelde – Abel tot Noag**

Ons kom nou by die klassieke hoofstuk oor die geloof. Nadat hy die aard van die geloof verklaar het, haal hy 'n reeks voorbeelde aan van mense wat uit die geloof gelewe het (10:38).

11:1. Wie Hebr. 11 lees, moet toestem dat die *geloof 'n allesbeheersende krag is*. Die skrywer laat duidelik, uit die lewe van gelowiges uit die Ou Testament, sien dat dit die moeite werd is. Hy wil sy lesers deur die voorbeelde kragtig aanspoor om te volhard in die geloof. Ons kan hier praat van 'n galery van geloofshelde.

*Wat is geloof?* Vir die skrywer is die geloof *die wortel van trou en standvastigheid* teenoor die ongeloof (10:36; 12:1). Soos hy geloof sien, is dit wel 'n deel van wat ons "saligmakende geloof" sou noem. By Paulus staan op die voorgrond dat ons deur die geloof deel kry aan die versoening in Christus (Rom. 3:21-24), maar in Hebreërs word die nadruk gelê op die *geloof as die krag wat ons dryf om goeie werke te doen* (3:12, 13; 6:1, 2, 15; 10:36). Die krag ontvang die mens egter van God (12:7, 8; 11:39, 40; 13:20, 21). Agter alles staan die onveranderlike raad van God

(6:17).

"Die geloof dan is 'n *vaste vertroue* op die dinge wat ons hoop ..." (2 Kron. 19:9; Hab. 2:4). Dit is die standvastigheid wat die gelowige besit om deur alle lyde heen aan God vas te hou. Die Griekse woord wat ons deur *geloof* vertaal, word selfs van Jesus gebruik (12:2) om aan te toon dat Hy vasgehou het aan die beloftes van God. "*Vaste vertroue*" kan ons ook vertaal deur "*grondslag*" of selfs "*eiendomsbewys*". Dit is dus *sekerheid* dat die dinge wat ons hoop waar is (6:18, 19). Dit sal vervul word.

"... 'n *bewys van die dinge wat ons nie sien nie*." *Bewys* het hier die betekenis van *bewys dat iets bestaan*. Die gelowige is derhalwe *oortuig* van die waarheid – sy *geloof bewys dit*, al sien hy dit nie (Joh. 20:29). Dit plaas die geloof *buite* die sintuiglike waarneming, omdat dit gerig is op dinge buite die sinlike skepping (*Ndl. Geloofsbelydenis*, art. 1).

Maar juis omdat die geloof die *sekerheid* inhou, is dit 'n *krag wat, in hierdie lewe, mense in staat stel om te volhard deur die grootste nood heen* (Rom. 8:24, 25). Dit bewys die skrywer nou met voorbeelde uit die Ou Testament.

11:2. Hier verwys hy nou na mense wat in die ou tyd die geloof beoefen het (Gen. 15:6). Vir hulle was die geloof wat vers 1 daarvan sê en dit is ook in hulle lewe bekragtig – hulle het getuienis ontvang dat dit so is. Daarmee ontvang ook ons getuienis wat geloof is en kan vermag (12:1).

11:3. Voordat hy by die mense uit die ou tyd kom, praat hy eers van "ons". Dat God alles geskape het, is ook vir ons 'n voorwerp van geloof. Dit is een van die dinge wat onomstootlik vir ons vasstaan. Ons *verstaan* dit – ons het *kennis* daarvan. Ons weet dit en verwerk dit met ons verstand, maar dit weet ons alleen uit die geloof. Dit is vir ons *gelowige wetenskap* (Jes. 40:25, 26). "*deur die woord van God...*" sien hier nie allereers op sy skeppingswoord nie (Gen. 1:3: "En God het *gesê* . . ."; Ps. 33:6, 9). Hier lê die nadruk daarop dat Hy deur sy *skeppingsdaad spreek* – sy woord praat daardeur (Rom. 1:20). Hy *openbaar Homself* by die skepping op 'n manier wat die beste deur "*spreek*" afgebeeld word. Die onsienlike dinge word dus in die sienlike dinge geopenbaar, en dit verstaan ons (Openb. 4:11).

11:4. Dat Abel 'n *beter* offer aan God gebring het, kan ook vertaal word dat hy "*meer*" gebring het (Gen. 4:7). Kaïn het ook geglo dat die onsienlike God bestaan (Gen. 4:6, 9-15, Jak. 2:19). Hy het egter nie in sonde en genade geglo nie, Abel wel. Daarom het hy van die eerstelinge van sy kleinvee gebring. Abel se *geloof was 'n werkende krag* en hy het bowendien daarop getuienis ontvang dat hy regverdig is (Jak. 2:14, 20). God self het ook oor sy gawes getuienis *gegee*. Kon dit hier ook 'n sigbare getuienis gewees het

(Gen. 15:17; Lev. 9:24; 1 Kon. 18:38; 2 Kron. 7:1)? God het in elk geval aan Abel groter sekerheid gegee deur 'n bykomende getuienis. Ook Kaïn moes daarvan bewus gewees het (Gen. 4:4, 5). Deur sy voorbeeld gee Abel vandag *nog getuienis van sy geloof* (12:1). Só moet ook ons geloof werk.

11:5. Henog het deur die geloof die *dood nie gesien nie*. Hy het nie met die dood *kennis gemaak* nie (Luk. 2:26; Joh. 3:36; Gen. 5:24). Hy is nie *gevind* nie, omdat God Hom *weggeneem* het (Gen. 5:24). Waarheen God hom weggeneem het, word nie gesê nie. Hy het God *behaag* deur te leef uit die krag van die geloof en daarom aan God vas te hou – hy het met God *gewandel*. Daarom het hy ook die einde van die aardse lewe deur die geloof bereik. Dit moes klaarblyklik 'n onverwagte wegneming gewees het, want hy is gesoek en nie gevind nie. Dit wys op 'n direkte ingrype van God.

11:6. Hier word 'n rede genoem waarom Henog God behaag het, maar dit is ook 'n algemene uitspraak. *Sonder geloof kan geen mens God behaag nie* (Rom. 1:17). Leef 'n mens uit die geloof, dan leef jy deur die Gees in gehoorsaamheid aan God en dit is Hom welbehaaglik (Rom. 8:6; 1 Kor. 2:14). 'n Sondaarmens is vleeslik en kan uit homself God nie behaag nie (10:22) want

hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is ..." Ons geloof moet ook inhoud hê. Jy kan nie glo in 'n onbestemde *iets* nie, maar die geloof is gerig op die lewende God van die Skrifte. God beloon die wat Hom soek (Jes. 55:6; Matt. 7:7). *Dat jy God soek, is 'n bewys van geloof*. Eintlik soek jy omdat God jou lankal soek en jou "beloning" is dat jy Hom vind. God *beloon* wel, nie uit verdienste nie, maar uit genade. Waar van *geloof* sprake is, is alles *alleen genade* (Ef. 2:8, 9).

11:7. Noag se geloof kom uit in die *daad* dat hy die ark bou. Dit is 'n uitnemende toepassing van vers 1 (Gen. 6:13, 14). God *waarsku* en Noag *glo* dit. God *beveel* en Noag *glo* en *bou die ark*. Hy bou op die woord van God en daarom bou hy in die geloof. Hy glo wat hy nog nie gesien het nie (11:1). Hy het ook in die geloof volhard in die lang tyd waarin die ark gebou is (2 Pet. 2:5). Ook Noag ontvang sy "beloning". Sy huisgesin word gered, omdat hy geglo het. Daarteenoor gaan die wêreld verlore wat hulle nie wou laat waarsku nie (1 Pet. 3:20). Vir Noag self was die sondvloed en sy redding duidelik 'n getuienis van God self dat "hy 'n erfgenaam geword van die geregtigheid wat volgens die geloof is (10:38).

### **Vrae: 11:1-7**

1. Besit u ook die geloof van Hebr. 11:1?
2. Is daar 'n teëstelling tussen wetenskap en geloof? Is dit byvoorbeeld *onwetenskaplik* om te glo dat God die Skepper is.
3. Waarom was Abel se offer beter as die van Kaïn? Hoe staan dit in die verband met u eie offers?
4. Behaag u God deur u lewe? Hoe weet u dit (Jak. 2:14-16)?
5. Waarin moet 'n mens glo?
6. Ontvang u enige getuienis van God ten opsigte van u geloof?

### **Hebr. 11:8-19. Abraham se geloof**

11:8. Hier word Abraham se *roeping* beskryf. Dit beantwoord duidelik aan 11:1 (Gen. 12:1, 4). God roep Abraham uit die heidene (Jos. 24:2, 3). Geloof is die *antwoord* op die *roeping* (Joh. 10:3, 26, 27). Hoewel hy nie geweet het waarheen hy sou gaan nie, het hy nogtans gehoorsaam en getrek op bevel van God (10:23). Hy trek weg, onseker wat die aardse betref, maar in die *sekerheid* van die geloof (Rom. 8:38, 39).



11:9. Abraham se geloof tree ook duidelik aan die lig in *volharding*. Hy kom in die beloofde land, maar besit self geen sentimeter grond daarin nie (Hand. 7:5). Hy sien dit as die land van die belofte, maar bly daarin as vreemdeling. Hy woon in tente en het geen vaste woning nie. Selfs Isak en Jakob bly as vreemdelinge in die beloofde land. Hulle, Abraham se kinders, erf niks meer as die *belofte* van God nie. *Dit is geheel en al 'n lewe uit die geloof* (11:1).

11:10. Waarom kon Abraham vashou aan die belofte, hoewel hy die vervulling daarvan nie gesien het nie? Omdat sy geloof was wat vers 1 van geloof sê. Hy weet nie alleen verseker dat sy nageslag die land Kanaän sal besit nie, maar in die geloof het hy ook die *ware Kanaän* gesien – die stad wat fundamente het" (Jes. 54:11-13; Openb. 20:10 e.v.; Hebr. 13:14). Abraham het sekerheid van die volle belofte al het hy dit op aarde nie gesien nie. Geen wonder dat hy die voorbeeld is vir alle ware gelowiges en die "*vader van die gelowiges*" genoem word nie (Rom. 4:16, 17; Gal. 3:29; 4:26-31).

11:11. Selfs Sara, wat vroeër nie geglo het nie (Gen. 16:1, 2; 18:12), het in haar ouderdom "*deur die geloof*" krag ontvang om moeder te word (Gen. 21:1, 2, 6, 7). Sy het God getrou geag wat dit belof het. Ook haar geloof was werksaam – sy het deur die geloof geweet wat sou kom (10:23). Moontlik het daar by Sara alreeds in Gen. 18:12-15 die vaste wete ontstaan dat die *HERE* sy belofte sal uitvoer.

11:12. Abraham en Sara se geloof het vrugte gedra. God het aan hulle presies gedoen soos Hy belof het, al het hulle dit nie alles self belewe nie (Rom. 4:19; Gen. 15:5; 22:17).

11:13. Hierdie vers is nie alleen 'n toepassing op die aartsvaders nie, maar ook op die volk. Die Hebreërs, aan wie die brief gerig is, is ook vreemdelinge in 'n vreemde land en sou dit ook op hulleself kon toepas. "Hulle het in die geloof gesterwe" sien nie alleen op die "gelowige sterwe" nie, *maar die volharding in die geloof tot hulle dood toe*. In hulle lewe het hulle die belofte nie ontvang nie, maar die geloofsoog het in die verte gesien – die verre toekoms (Matt. 13:17; Ps. 29:13 [??]; Ps. 119:19; 1 Kron. 29:15). Hulle het dit selfs *begroet*, so asof hulle dit reeds ontvang het; so seker was hulle dat God sy belofte sal uitvoer. Ook ons is vreemdelinge en bywoners op aarde wat wag op die belofte (1 Pet. 2:11).

11:14. Die aartsvaders en almal wat sulke dinge sê of "bedoel", verklaar dat hulle 'n ander vaderland soek. Dit gaan dan gewis nie om Kanaän nie, maar om die ewige tuiste (2 Kor. 5:1-5). Dit geld van elkeen wat glo (11:1).

11:15. Hier roep die skrywer weer vir Abraham in herinnering. Hy kon terugkeer na sy vorige land. Hy het egter op God se belofte vertrou en in Kanaän gebly. Sy verblyf in Kanaän was egter ook 'n beeld dat hy afsien van die aarde en uitsien na die hemel (16). Dit sien nie alleen op Abraham nie, maar op almal wat glo soos hy geglo het (Matt. 6:19-21). Dink aan Jesus se dissipels (Joh. 6:67-69).

11:16. Hulle verlange na 'n beter vaderland, is of moet ook die verlange van die Hebreërs in die tyd van die skrywer wees (7:3). Daarom praat hy van "*nou*" – in sy tyd. Dit geld vir elkeen wat glo. Hierdie "hemelverlange" maak dat God Hom ook na hulle uitstrek (2:11; Ex. 3:6; Jes. 40:1; 41:8, 9; 43:1). *Hy skaam Hom nie om hulle God genoem te word nie*. En tog lê die begin of oorsprong by Hom. Hy het immers vir Abraham uit die heidendom geroep en later vir Israel uit Egipte. En Hy het vir hulle 'n stad toeberei (Openb. 21:9, 10; Joh. 14:2).

11:17-19. Nadat hy in die algemeen van die geloof van die aartsvaders gepraat het, verwys hy nou na 'n besondere geleentheid. Ook hier is "*deur die geloof*" die bron van krag – daarom staan dit voorop (Gen. 22:1-9). Hy is "beproof" wat ook "versoek" kan beteken, nie om hom te laat struikel nie, maar juis sy geloof te versterk (Gen. 22:12; Rom. 5:1-5; Jak. 1:12-14). Eintlik betoon Abraham hier die lydsaamheid op sy mooiste (Rom. 4:18). Die belofte was aan Isak verbonde (Gen. 21:12). Daarom word hy sy *eniggeborene* genoem (Gen. 22:2). Hy het Isak bowendien *liefgehad*. Die verhaal in Genesis bied ons 'n blik in die sielsworsteling van Abraham. Drie dae lank loop hy saam

met Isak, met die wete wat hy moet gaan doen. Selfs Isak se vrae is vir hom 'n versoeking. Dit is *Isak* uit wie God sy nageslag sou bou – en hy moet hom gaan slag! Daarmee is ook die koms van die Messias op die spel (Gen. 12:3; 21:12).

En tog gehoorsaam Abraham *deur die geloof*. Hy glo in die belofte van God wat in Isak waargemaak sal word, want Hy is die Almagtige, wat selfs uit die dood kan opwek (Rom. 4:17-22). Dink daaraan hoe groot Abraham se geloof is! Voor sy tyd weet ons van geen dooie wat opgewek is nie. Hier blyk alreeds die geloof in die opstanding. Vir Abraham was Isak klaar dood – hy het hom oorgegee – daarom het hy hom uit die dood terugontvang. Die Griekse woord wat ons deur "om so te spreek" vertaal, kan ook vertaal word deur "gelykenis" of "tipe". As ons in gedagte hou dat Abraham werklik 'n offer in Isak se plek gebring het, lyk dit asof die skrywer hier tog dink aan die heenwysing na Christus se offer en opstanding. Daardeur word ons uit die dood gered (Gen. 22:13), en ook ons opstanding gewaarborg.

### **Vrae: 11: 8-19**

1. Is u deur God geroep? Hoe?
2. Hoe het Abraham uit die geloof geleef in Kanaän? Leef ons ook só?
3. By die geboorte van Isak dink 'n mens aan die kinderseën. Beskou u dit in ons tyd ook as 'n seën om kinders te hê?
4. Is u seker van die "nuwe vaderland" waarop ons wag?
5. Het die verlange na die hemel iets te doen met ons geluk op aarde?
6. Kan 'n beproewing, ook 'n versoeking wees? Wie *beproof* en wie *versoek* 'n mens?
7. Waarom is Abraham vir ons almal 'n voorbeeld van wat 'n mens se geloof behoort te wees?

### **Hebr. 11:20-31. "Deur die geloof" -van Isak tot Ragab**

11:20. Van Isak word net een geloofsdaad vermeld. En die voorbeeld lyk bowendien nog twyfelagtig. Indien hy sy sin kon kry, sou hy nie vir Jakob nie, maar vir Esau geseën het (Gen. 27:1-4, 18-29). Tog blyk sy geloof daaruit dat hy wel later aan Jakob die seën van Abraham gee (Gen. 28:3, 4). Hy het nie teruggetrek wat hy in sy onkunde aan Jakob gesê het nie, maar die wil van God erken. "*met die oog op die toekoms*" moet ons sien in verband met 2:5; 6:5; 9:11; 10:1; 13:24. Dit sien op die toekomstige heerlijkheid. Jakob het immers 'n vreemdeling in Kanaän gebly en in Egipte gesterf (Gen. 49:29-33). Op aarde het hy 'n vreemdeling en bywoner gebly (13).

11:21. Ook Jakob word gou afgehandel. Vir die skrywer is Abraham en Moses meer op die voorgrond as beoefenaars van geloof en lydsamheid. Ook die keuse uit die lewe van Jakob lyk vir ons vreemd – so asof dit nie sy geloofshoogtepunt was nie. En tog lê die nadruk daarop dat Jakob nie vir Josef seën nie, maar elkeen van sy twee seuns (Gen. 48:5). Hulle word stamhoofde in Israel. Daardeur gee Jakob aan Josef 'n dubbele erfdeel – hy maak hom eintlik sy eersgeborene (Deut. 21:15-17). Die daad van Jakob word deur God bevestig in die latere verloop van die geskiedenis. En dan noem hy nog 'n geloofsdaad van Jakob: hy het die Here aanbid (Gen. 47:31; Gen. 48:21, 22). Jakob se gebed staan in verband met die einde van sy lewe – sy begrafnis. Hy dank die Here en dink aan die belofte van God dat Kanaän aan hom en sy nageslag sal behoort. Daarom wil hy daar begrawe word. Ook hierin beantwoord Jakob se geloof aan 11:1. Vanweë ouderdom en swakheid moes hy op sy staf leun om te kon aanbid, maar hy hou vas aan die belofte van God.

11:22. Net soos Jakob het Josef ook vasgehou aan die belofte van die Here (Gen. 50:24, 25). Dit is merkwaardig van Josef wat in Kanaän net ellende geken het – hy is as slaaf

deur sy broers verkoop, wat hom gehaat het (Gen. 37:19-28). In Egipte het hy tot voorspoed en roem gekom – en tog wou hy nie daar begrawe wees nie, al sou hulle aan sy lyk veel eer bewys het.

11:23. Moses se ouers het iets besonders aan hom gesien – deur die geloof (Ex. 2:2; Hand. 7:20), Hulle kon daarvan aflei dat die Here iets met hom voor het. Dat sy moeder hom later in 'n mandjie tussen die riete in die Nyl plaas, maak die geloofsdaad nie kleiner nie. Hulle het nog steeds gehoop op die belofte van God (Ex. 2:3,4).

11:24-26. Moses het onthou dat hy 'n kind uit die volk van God is. Sy ouers se geloof het by hom nie verlore geraak nie. Hy toon in sy begeerte om by sy volk te wees dat hy weier om 'n Egiptenaar te wees. Dit was by Moses 'n bewuste keuse wat hy met die daad bevestig het (Ex. 2:11, 12). Hy hou vas aan die onsienlike belofte. Hoe weinig sou hy nou daarvan kon sien, want sy volk was 'n verdrukte slawevolk in Egipte. En tog voeg hy hom by hulle omdat hulle die belofte van God besit. So gee Moses getuienis aan sy eie volk, wat al gedwee hulle lot as slawevolk aanvaar het en tuis geraak het in Egipte (Ex. 17:2, 3; Num. 11:4-6). Hy kies vir die slawevolk en wil liever saam met hulle sleg behandel word as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê. Die skatte van Egipte was op sigself nie sondig nie, maar aan die Egiptiese hof was daar baie geleentheid tot sondegenot. Ook wat die besittings betref, moet die geloof die deurslag gee (Rom. 14:23). Op sigself sou hy ook sonde doen indien hy vir Egipte sou kies, teen sy volk.

Moses het egter van groter rykdomme geweet as die wat Egipte aanbied. Christus is aan Israel belowe en die smaad in Egipte was alreeds 'n smaad wat Hom aangedoen is. Hy wou liever die smaad dra, soos Christus dit later sou dra. Daarmee was hy één met die kerk van die nuwe bedeling (Matt. 25:34-36). Al die dinge moet in verband met Christus gesien word (12:2). Nie alleen die tabernakel en priesterdiens wys na Hom nie, maar ook die geskiedenis van sy volk (Kol. 1:24). So val die smaad van Christus ten slotte saam met die smaad wat om sy Naam ontwil gedra word (10:32, 33; 13:13; 1 Pet. 4:14). Hy het uitgesien na die *beloning* – dit is die vervulling van die belofte van God.

11:27. "*Deur die geloof het hy Egipte verlaat ...*" Hier kan dit nie sien op sy vlug uit Egipte na Midian nie. Dit was nie 'n geloofsdaad nie. Ons moet dit in die lig van vers 28 sien, Dan is dit die uittoeg uit Egipte met die volk Israel (Ex. 2:14, 15; 11:1). Hierby kom Moses se roeping te pas (Ex. 3:2 e.v.). In sy hele optrede teenoor Farao en selfs die tien plae – waarin hy altyd onbevrees was – is die bewys dat hy geglo het. Die geloof was die krag wat hom só kon laat optree, onbevrees vir die magtige Farao (Ex. 5:1; 6:9-12, ens.). Sy geloof kom nog verder aan die lig dat hy 'n groot volk – met vroue en kinders en ou mense – die onherbergsame woestyn inlei, alleen met die belofte van die Here in sy hart (Hand. 7:35, 36). Hy het die "Onsienlike" in die geloof gesien (11:1; Joh. 1:18; Kol. 1:15; 1 Tim. 6:16).

11:28. Hier gaan dit nie alleen om die instelling van die pasga (Ex. 12) nie, maar om die gereelde onderhouding daarvan (Ex. 12:47, 48). Moses het egter as eerste en voorbeeld van die volk opgetree. Daarmee tree sy geloof aan die lig. "die besprenkeling van die bloed" sien selfs op meer as die bestryking van die deurkosyne met die bloed by die pasga (Ex. 12:7). Dit gaan ook om die bloed van die offers in die algemeen (Ex. 24:6). Die "verderwer" wys op Ex. 12:23. Ook daarin het Moses sy volk in die geloof voorgedaan. Die instelling van die pasga – en ander offers – was egter veral 'n geloofsdaad omdat dit ook wys op die finale verlossing deur die Messias wat sou kom (8:1-5).

11:29. Nou praat die skrywer van die volk as geheel. Israel is die volk van God deur die geloof. Dit was die ware Israel se onderskeidingsteken. By die deurtog deur die Rooi See kom die volk se geloof ook tot openbaring. Dit moet ook dien as voorbeeld van die gemeente as groep tot wie die brief gerig is, en tot die kerk van alle eeue (Ex. 14:21, 22). Die Egiptenaars word egter verswelg deur die see, omdat hulle nie die geloof besit nie (Ex. 14:26, 27). Daarin ontvang diegene wat nie die geloof besit nie 'n dringende waarskuwing (1 Kor. 10:1-5, 11, 12).

11:30. Ook hier was die geloof van die volk die *krag* wat gewerk het, sodat die mure van Jerigo geval het. Die sterk stad Jerigo sou Israel nie deur wapengeweld kon inneem nie. Die oorwinning het Israel deur die geloof alleen verkry. God het dit gedoen (Jos. 6:20). Die geloof van die volk kom in die besonder daarin uit dat hulle, in gehoorsaamheid aan die bevel van God, sewe dae lank daaromheen getrek het. Dit is menslik vreemd en onlogies om so op te tree (11:1).

11:31. Met Ragab, die heidenvrou, se geloof sluit die skrywer sy voorbeelde af. Haar geloof was inderdaad iets besonders. Sy was nie alleen heidens nie, maar het selfs 'n sedelose lewe gelei (Jos. 2:1-14). Die skrywer noem ook haar sonde om te toon waaruit sy deur haar geloof gered is (Jak. 2:25). Haar geloof dat sy vir die God van Israel gekies het, het ook gelei tot die *volharding*. Sy het ook met die sonde gebreek (Matt. 1:5; Hebr. 3:18, 19; 4:11). Dat dit by haar nie alleen om selfbehoud gegaan het nie, blyk uit haar geloofsbelydenis (Jos. 2:11). Dit was vir haar gewis gevaarlik om die spioene weg te steek, maar sy het dit gedoen *deur die geloof* (11:1).

### **Vrae: 11:20-31**

1. Hoe kan die skrywer sê dat Isak vir Jakob en Esau deur die geloof geseën het?
2. Sou u sê dat die dade van Jakob wat genoem word, die *geloofshoogtepunte* in sy lewe was? Wat sou u keuse wees?
3. Sou u ook soos Moses kan kies?
4. Moet ons ook, soos Moses, "Egipte" verlaat? Of het ons dit alreeds verlaat?
5. Waarom is die pasga vir Israel en vir ons van belang?
6. Waarom word die doop aangedui deur die deurtog deur die Rooi See? In watter opsig troos dit ons en hoe waarsku dit ons?
7. Sou u sê dat die geskiedenis van die inname van Jerigo ook vir ons van betekenis is?
8. Waarom is Ragab slegs één van die vier vroue wie se naam in die geslagsregister van Jesus genoem word (Matt. 1:5)?

### **Hebr. 11:32-40. Geloofshelde en dade**

11:32. Volgens die skrywer het hy nou genoeg voorbeelde genoem, genoeg om die gemeente te oortuig dat hulle moet volhard in die geloof. Verder noem hy nou 'n aantal bekende name en voorbeelde van geloofsdade om te toon dat die geskiedenis van Israel so voortgegaan het. Hy wil nie verder breedvoerig daarop ingaan nie. Die geloofsdade van Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid en Samuel is ook aan die lesers goed bekend.

Tog kan 'n mens 'n vraagteken plaas agter die naam van Barak (Rigt. 4:8, 9). Dat sy aanvanklike ongelooft egter verdwyn het, blyk uit Rigt. 5:1 – hy sing saam met Debora 'n loflied. Lees vir *Gideon*: Rigt. 6, 7; *Jefta*: Rigt. 11; *Simson*: Rigt. 13-16; *Samuel*: 1 Sam. 3 e.v.; *Dawid*: vanaf 1 Sam. 16.

11:33, 34. Hier kry ons 'n opsomming van verskillende geloofsdade. Hy noem baie meer dade as persone (32) omdat dit vir hom om die *werke* van die geloof gaan. Sommige dade wys op duidelike gebeurtenisse in die Ou Testament, terwyl andere meer algemene aanduidinge van die geloof is. Die lesers wat dreig om afvallig te word, word daardeur bemoedig. Hy lê ook nadruk op die gevolge wat telkens bereik word, omdat die geloof beoefen word: koninkryke is oorweldig of "verkry" (1 Sam. 1:1-5); geregtigheid is uitgeoefen (2 Sam. 8:15); beloftes verkry (2 Sam. 7:12, 13); bekke van leeu's toegestop (Rigt. 14:5, 6); die krag van vuur uitgeblus (Dan. 3:25); die skerpte van die swaard ontvlug (1 Sam. 20:1, 2); krag in die oorlog het talle uit Israel ontvang en selfs leërs

van vreemde indringers op die vlug gedryf (Rigt. 7:21; 15:8,15; 1 Sam. 7:51 e.v. [?? 1 Sam 17:51-58], ens.).

11:35. Hier word na die opwekking van dooies verwys (1 Kon. 17:23; 2 Kon. 4:36). Dit het gegaan om die geloof van die vroue en nie van die profete nie (1 Kon. 17:15; 2 Kon. 4:21 e.v.) Mense is vir hulle geloof gemartel, lees ons ook in die geskiedenis van die "Makkabeërs" (apokriewe boeke). Hulle was bereid om te sterwe omdat hulle 'n "beter opstanding" of "beter lewe" in die hemel verwag het (7:19, 22; 8:6; 9:23).

11:36-38. Hier word na "andere" verwys wat klaarblyklik sien op mense wat in 'n ander tyd geleef het. As 'n mens op die soorte van marteling wat hulle moes deurmaak let, lyk dit of dit nie anders as in die tyd van Antiochus IV kon plaasgevind het nie. Die geskiedenis word nie in die Bybel verhaal nie. Ons ken dit uit die twee boeke van die Makkabeërs. In die jaar 198 v.C. het Antiochus III Palestina van die Egiptenaars verower. Sy seun Antiochus IV het die Jode swaar vervolg. Hy het in hulle tempel selfs afgodsbeelde en 'n altaar vir Zeus, die Griekse afgod, opgerig. Hy verbied die onderhouding van die Sabbat en die besnydenis. Hy verbrand ook alle Bybelboeke wat hy kon vind. Die Jode wat hulle hierteen verset, is bloedig vervolg. Dit het gelei tot die opstand onder leiding van die Makkabeërs, sodat die Jode in 141 v.C. onafhanklik geword het. Hier gee die skrywer van Hebreërs aan ons voorbeelde van die onmenslike lyding van die Jode in die tyd.

11:39, 40. Nou kom die skrywer tot sy voorlopige slotsom. Dit geld van almal wat hy in hierdie hoofstuk genoem het. Hulle het almal in die beoefening van hulle geloof 'n goeie getuienis gegee – daarom het hulle ook 'n goeie getuienis ontvang. Tog het hulle nie in hul lewe op aarde die *belofte* ontvang nie. Hier gaan dit om die sentrale belofte: die koms van die Messias (2 Kor. 1:20; Hebr. 8:8).

"Ons" – die skrywer en sy lesers, het iets beters ontvang. Ons behoort aan 'n *beter* bedeling (11:35; 7:19; 8:6). Aan ons word die beloofde goed gegee, hoewel ook vir ons selfs nog iets beters in die toekoms wag (9:28; 10:36). Die mense van die ou bedeling, hoe hulle ook al uitgeblink het in hul geloof en in hulle lewe getuienis ontvang het, het nie "*volmaak*" geword nie. Dit beteken dat hulle nie die *einddoel* of hoogtepunt bereik het nie. Daarom moes die gelowiges uit die Nuwe Testament kom (1 Kor. 10:11). Dit is selfs die voorreg van die *kleinste* in die koninkryk van die hemele – die nuwe bedeling – bo die groot Johannes die Doper (Matt. 11:11; Luk. 10:24). En tog is gelowiges uit die ou en nuwe bedeling één in Christus. Hulle en ons hoort bymekaar (Gal. 3:28, 29).

### **Vrae: 11:32-40**

1. In watter twee opsigte het die gelowiges in die ou bedeling die beloftes nie verkry nie?
2. In watter opsig leef ons *van beter* bedeling?
3. Het ons groter aansporing as die gelowiges in die ou bedeling om in die geloof te volhard?

## HEBREËRS 12

### **Hebr. 12:1-4. Loop die wedloop met volharding**

12:1. Die skrywer sluit nou weer aan by die slot van hoofstuk 10. Daar het hy gepraat van die volharding in lydsaamheid en geloof om die beloning te verkry (10:35, 36, 39). Om die aard van die geloof te laat sien, het hy in hoofstuk 11 voorbeelde uit die Ou Testament aangehaal. Hy trek nou 'n konklusie, wat hy ook as aansporing gebruik om te volhard. So kom hy weer by die hoofdoel van die brief teenoor die dreigende sonde (3:12). Ons het 'n wolk van *getuies* rondom ons. 'n *Getuie* is nie alleen iemand wat iets beleef of sien nie, maar ook daarvan praat (11:2, 4, 39). Die wolk van getuies is die menigte van geloofshelde wat deur hulle voorbeeld spreek (12:24).

Dan vermaan hy: laat ons ons laste aflê en volhard in die wedloop. Dit is duidelik dat 'n naellooper geen onnodige las in 'n wedloop saamdra nie. Dit gaan hier om *alles* – enigiets – wat ons kan hinder in die diens van God. Dit gaan nie alleen om *sonde* nie, maar ook om dinge wat op sigself nie verkeerd is nie (Luk. 10:38-42; Matt. 22:5). Ook die sonde, wat ons so maklik omring, moet ons aflê (Gen. 4:7). Hier is eintlik bedoel dat die sonde soos 'n kled is wat ons maklik omhang. Ons moet dit aflê of uittrek. Volhard in die wedloop (1 Kor. 9:24) wat voor ons lê. Voor ons lê die pad of baan – bly daarop! (2 Tim. 4:7.)

12:2. "die oog *gevestig*" beteken eintlik *voortdurend* gevestig op Jesus. Jy moenie vaskyk teen iets anders nie. Die lengte van die baan of die struikelblokke daarop moet nie jou uitsig van Jesus aftrek nie. Hy is soos die *wenpaal* waarop jou oog gerig is en waarop jy met alle mag mik. Hy word hier spesifiek met die Naam *Jesus* aangedui omdat dit gaan om wat Hy op aarde na sy mensheid gedoen het. Daarin word Hy as voorbeeld vir ons voorgehou (Luk. 22:37; Joh. 13:14, 15). Hy is die Leidsman of Voorloper (Joh. 10:4, 27). "Voleinder van die geloof" beteken nie dat Hy soos ons *geglo* het nie, maar dat Hy met *volharding vertrou* of vasgehou het aan sy roeping (5:7, 8). Hier gaan dit daarom dat Jesus ook 'n waaragtige mens is (2:17, 18; 4:15). Geen ander mens het egter, soos Hy, die volmaaktheid bereik nie. Hy is in die opsig anders as die wolk van getuies uit die Ou Testament. "Die vreugde wat Hom voorgehou is", is die vreugde wat Hy besit het (2 Kor. 8:9; Filip. 2:6, 7) voor sy vernedering (Joh. 17:5). Jesus se weg was vanaf hemelse heerlikheid na vernedering en lyding en verhoging. Hier word die nadruk nie gelê op die versoening wat sy lyding meegebring het nie, maar op die wyse waarop Hy sy pad afgeloop het (Joh. 3:13; 13:31-33; 17:4, 5), en hoe dit Hom persoonlik raak (1:3).

12:3. Let nou op wat Jesus gedoen het en trek daaruit julle konklusie. Soos Hy, het ook ons te doen met smaad en vernedering (Matt. 10:24-26; Joh. 15:20). Dat Hy onder druk volhard het, moet ook ons daartoe aanspoor om te verdra (1 Pet. 2:22-24). Die *sondaars* het Hom weerstaan en die *sondaars* – die mense wat in *sonde volhard* – staan ook teenoor ons. Dit is egter ook 'n ernstige waarskuwing dat getroues kan verslap, en selfs kan verval (3:12). 'n Mens kan in jou siel moeg word – watter stryder ken dit nie? En jy kan verslap. Dan volg verval en geloofsverflouing indien jy nie waak nie (Gal. 6:9).

12:4. Hier gaan dit nie om bloedige vervolging vanweë hulle geloof nie. Vroeër is hulle wel vervolgd (10:32, 33), maar hier gaan dit egter om 'n geestelike stryd, die stryd teen die sonde (Gal. 5:16-22; Ef. 6:10-20). Hy het vroeër gepraat van 'n wedloop, maar nou het hy 'n vuisgeveg in gedagte. Jy veg teen die sonde dat die bloed loop, en dit gaan om jou eie sonde. Jy moet tot die uiterste toe weerstand bied, soos Jesus ten bloede toe gely het (vers 3). Dit is 'n stryd wat voortduur solank ons op aarde is en waarin elke dag volhard moet word (Luk. 9:23).

### **Vrae: 12:1-4**

1. Hoe sou u bepaalde laste, wat u hinder in die wedloop, kan uitken en

2. aflê?
3. Hou u die oë in alle omstandighede gevestig op Jesus of het u moeite met uself en die nood van die wêreld?
4. Word ook aan ons 'n bepaalde vreugde voorgehou, indien ons volhard (Matt. 25:34)?
5. Is u soms moeg in u siel en verslap u in die stryd? Wat moet u dan doen?
6. Toets u persoonlike stryd teen die sonde aan vers 4.

**Hebr. 12:5-13. "Ag die tugtiging van die Here nie gering nie."**

12:5, 6. Hoe maklik vergeet 'n mens wat die Here in sy Woord sê! Leef jy by die Skrif, ontvang jy altyd lig en krag onder elke omstandigheid. Dit het Job en Asaf vergeet (Job. 42:2-6; Ps. 73:13, 14, 21-24). Die skrywer vermaan sy lesers nou soos 'n vader sy kinders sou vermaan. Hy vermaan met 'n Skrifwoord (Spr. 3:11, 12). Die woord "tugtiging" sou ons ook kon weergee met "opvoeding". Dit is alles wat die Here doen om ons voort te help op die pad wat ons moet gaan. Moet dit nie geringskat en beswyk as jy deur Hom tereggewys word nie. Hy bring juis dikwels teëspoed en nood, omdat Hy ons liefhet en ons tot bekering wil bring (Job. 5:17; Ps. 94:12; 119:67, 75; 1 Kor. 11:32; Openb. 3:19).

Agter ons tugtiging is God se Vaderliefde (Deut. 8:5; 2 Sam. 7:14). Bowendien het ons as sondige mense tugtiging nodig. Hy "kasty" elke seun wat Hy liefhet. "Kasty" beteken dat 'n kind streng behandel word, omdat sy vader hom as sy kind beskou. Dit doen die Here ook.

12:7, 8. Jy moet die tugtiging van die Here verdra of daaronder volhard. Dit gaan nie bloot om lydelike onderwerping nie, maar aktiewe aanvaarding. Ons kan dit ook lydsaamheid noem (Rom. 5:1-5). Indien 'n mens die tugtiging nie aanvaar nie, is jy nie 'n kind van die Here nie – jy verloën ten minste jou kindskap. Jy is 'n *onegte kind*, of geen ware kind nie, want alle gelowiges is dit deelagtig (1 Pet. 5:9; Spr. 13:24; 19:18; 23:13). Volharding onder nood en druk is 'n kenteken van die ware kindskap (6:11, 12; 10:23). Vreeslik is die slotsom vir elkeen wat die tugtiging van God verwerp.

12:9, 10. Wat op aarde geld in die verhouding tussen vaders en kinders, geld ook van ons verhouding tot God. Ons aardse vaders kasty of tugtig ons – vanselfsprekend omdat hulle ons liefhet (Ef. 6:1-4). Hulle kastyding wil geestelike vrugte in ons lewe bring – ontsag en eerbied en liefde (*Kategismus*, Sondag 39 met Skrifbewyse). Veel meer moet ons aan die Vader van die *geeste* onderworpe wees. "Vader van die *geeste*" staan hier teenoor "vaders na die vlees" om aan te dui dat ons nie alleen aan ons natuurlike vaders onderworpe moet wees nie. Dit is veel belangriker om aan God onderworpe te wees omdat ons dan die ware *lewe* ontvang (Num. 16:22; Joh. 17:3). Hy gee wat ons aardse vaders nie kan gee nie.

Die aardse vaders voed op – gebrekkig – na hulle beste wete. Die kind moet selfs vir sy pa se gebreke geduld hê (*Kategismus*, Sondag 39). Hulle het ook net vir 'n kort tydjie, gedurende ons kinderdae, gesag oor ons. Ons hemelse Vader as die volmaakte Kenner van die harte maak egter geen foute in sy opvoeding nie (Ps. 119:75; 139:1-3, 23, 24). Hy bereik ook veel meer in sy tugtiging as die aardse vader: "sodat ons sy heiligheid deelagtig kan word" (2 Pet. 1:4; 1 Joh. 3:1-3). Dit is allesins die moeite werd om te volhard in druk en nood wat die Here oor jou bring (2 Kor. 4:16-5:5).

12:11. Hier het ons te doen met 'n algemene waarheid. Dit geld van elke kind elke keer wanneer hy pak kry. Dit geld van beide die tug van ons aardse ouers en ons hemelse Vader. Solank die tug aan die gang is, in watter vorm ook al, is dit nie aangenaam nie. Dit is altyd pynlik – uitwendig maar ook na die innerlike, En tog *lyk* dit alleen maar na 'n saak van droefheid en nie van vreugde nie. Jy sien dit so, maar dit is nie werklik so nie

(Hand. 5:40, 41; Rom. 5:3-5). Dit is jou ten goede (Rom. 8:28). Ongelukkig is dit so dat ons dit nie altyd so verstaan, terwyl ons getugtig word nie. *Agterna* begryp ons dit wel. Dit lewer 'n vredevolle vrug. Dit bring vrede in die innerlike (Matt. 11:29, 30). En die vredevolle vrug is *geregtigheid*. Hier moet ons dink aan mense wat hulle laat opvoed en tug deur die Here en dat die ware kindskap by hulle aan die lig tree (Ps. 37:5-7). *Geregtigheid* moet ons hier so begryp dat hulle wandel in die weë van God, want hulle is daarin geoefen. God het geen behae in 'n goedkoop geloof nie, maar in 'n gelouterde geloof.

12:12, 13. Nou kom die skrywer met die eintlike vermaning (12:1, 2). Dit is die noodsaaklike gevolg van die Goddelike tugtiging. Weer haal hy uit die Ou Testament aan (Jes. 35:3). Die hande hang slap en lusteloos en die voete of knieë is verlam en daarom sonder krag. Hulle het lusteloos en flouwerig geword (Openb. 3:15, 16). Dit mag nie so bly nie (Openb. 2:5). Daar moet sprankeling en innerlike krag in ons wees (Rom. 15:13; 1 Kor. 2:4; Ef. 3:16; 2 Tim. 1:7).

"... en maak reguit paaie vir julle voete . . ." Hoe kan 'n mens volgens die wil van die Here lewe, indien jou lewe 'n krom pad is (Deut. 11:26-28; 2 Kon. 22:2; 1 Pet. 3:11)? Daar is onder die Hebreërs mense wat kreupel loop vanweë hulle eie slapheid (Spr. 4:26). Nie alleen hulle moet verander nie, maar die andere moet hulle ook help deur hulle voorbeeld en bystand. Ons moet met heilige bekommernis oor mekaar vervul wees (Gal. 6:1,2).

### **Vrae: 12:5-13**

1. Waarom is 'n grondige kennis van die Woord van God noodsaaklik volgens vers 5?
2. Het die Here u al getugtig? En hoe het u dit ontvang?
3. Wat openbaar dit indien 'n mens die tugtiging van die Here verwerp of daarteen in opstand kom?
4. Waarom is dit noodsaaklik dat ouers hulle kinders tugtig?
5. Waarom is die tugtiging van ons hemelse Vader soveel beter as die van aardse vaders?
6. Is in u gemeente baie mense met slappe hande en trae knieë? Wat is u roeping teenoor hulle, indien u anders is?

### **Hebr. 12:14-17. Moenie in die genade van God veragter nie**

12:14. Waar 'n toestand van geestelike slapte of louheid in 'n gemeente bestaan, is daar gewoonlik ook maklik onvrede. Mense wat nie naby die Here leef nie, kan ook moeilik naby mekaar leef. Daarom kan ons verstaan dat die skrywer nou vermaan: "Jaag die vrede na . . ." (1 Joh. 4:11, 20). Die liefde tot God en ons medemens word aan mekaar verbind (Matt. 22:37-40; Rom. 14:19). Hy haal weer aan uit die Ou Testament (Ps. 34:15). Dit is 'n sterk vermaning om die *vrede na te jaag*. Dit beteken jy moet altyd daarmee besig wees (Matt. 5:9). Dit gaan ook om vrede met almal – *alle mense*.

"... en die heiligmaking". Die Griekse woord wat hier gebruik word, dui altyd die hele werk van Christus aan (2:11; 10:10, 14, 29; 13:12). Die gelowiges word "heiliges" genoem (3:1; 6:10; 13:24). *Heiligmaking* staan direk in verband met ons verhouding tot God (1 Pet. 1:16). Is die verhouding tot God reg, sal ons verhouding tot ons medemens ook reg wees (12:10). Sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie (6:19; Matt. 5:8; 1 Joh. 3:2). Dit beteken: geen saligheid sonder heiligmaking nie. Ons heiligmaking word net in ander woorde beskryf in die *Kategismus*, Sondag 28:76 (Ef. 4:22-5:1).

12:15. "dat niemand in *die genade veragter nie*" beteken eintlik dat niemand mag bly



staan, soos iemand wat altyd laat of agterna kom nie. Die hele gemeente moet steeds vooruitgaan. Wie nie hard stry of werk maak met sy heiligmaking nie, bly op een plek staan, vorder nie in die genade nie en bly geestelik arm (4:1; 2 Kor. 6:2 – vergelyk hiermee Hebr. 6:4-6; Matt. 25:10, 11). *Die genade van God* is geopenbaar in Jesus Christus. Hy skenk die heiligmaking wat elke gelowige moet besit (1 Kor. 1:30). Dan volg weer 'n aanhaling (Deut. 29:18) uit die destydse Griekse Ou Testament. Eintlik vermaan Moses daar teen die afgodery. Kan dit op die Hebreërs van toepassing wees? Ons kan dit só begryp: Daar bestaan die gevaar dat sommige sal laat kom en afval van die lewende God en afval staan met afgodery op een lyn. So word die waarskuwings steeds ernstiger. Hy waarsku daarteen dat geen plant mag opskiet uit 'n wortel van bitterheid wat giftige vrugte dra nie (Jes. 5:1-5). Die fout lê by die wortel, wat beeld is van die afval van die lewende God (3:12). Soos die werk van Christus reinheid of heiligheid bring, so bring die afval besoedeling. Die besoedeling tas dan meer mense aan – selfs die meerderheid in die gemeente, indien hulle nie op mekaar let nie (10:24-27). Dit is 'n algemene verskynsel (Jos. 7; Pred. 9:18; Gal.5:9).

12:16. Hoerery gaan saam met onheiligheid (1 Kor. 6:9, 10). Daarom word Esau hierby genoem. Hy het ook met afgodiese vroue getrou wat hulle skuldig gemaak het aan die verskriklike sondes van afgodery, wat met openlike hoerery gepaard gegaan het. By Esau lei die afval tot hoerery. Daarom was sy eersgeboortereg vir hom minder werd as 'n bord lensiesop. Daarmee het hy getoon dat hy die verbond van God en sy verhouding tot God as van minder belang beskou. So sien die Hebreërs dan in die een voorbeeld van Esau die vreeslike voorbeeld van hoe die een sonde lei tot die ander (Gen. 25:30-34; 26:34, 35).

12:17. Dit is aan die lesers bekend wat later met Esau gebeur het. Later wou hy wel die seën wat hom as eersgeborene toekom, beërwe. Toe is hy egter verwerp. Die skrywer bedoel duidelik dat Hy deur God volgens sy raad verwerp is. Hy sien die gebeure nie vanuit die bedrog van Jakob nie, maar vanuit die wil van God. Esau het moedswillig die verbond verag en kry daarom geen deel daaraan nie. Ook Isak moes hom gedwonge verwerp (Gen. 27:34-37). Hy het later geen geleentheid vir berou – bekering – gevind nie, en hy kon nie meer sy vroeëre reg herwin nie, hoe hy dit ook al begeer het. By hom was dit egter nie 'n bekering tot God of droefheid tot God nie, maar alleen spyt oor die eersgeboortereg en seën wat hy verloor het (2 Kor. 7:10). Hy was spyt oor die gevolge van die sonde. Hy het die band met God deurgesny en kon dus nie die gawes van God terugverwag nie. Later, toe dit met hom in die wêreld goed gaan, het hy hom selfs nie meer daarvoor druk gemaak dat Jakob die eersgeboortereg ontvang het nie (Gen. 33:4).

### **Vrae: 12:14-17**

1. Waarom is vrede met en liefde vir jou medemens so belangrik (Joh. 13:35)?
2. Waaraan weet u dit indien u in die genade veragter?
3. Kan 'n mens sonder heiligmaking salig wees?
4. Wat was Esau se sonde?
5. Waarom was sy berou vrugtelos?

### **Hebr. 12:18-24. Maar julle het gekom by die stad van die lewende God**

12:18, 19. Die skrywer wil weer beklemtoon dat ons voorregte en verantwoordelikhede veel groter is as die van die gelowiges in die Ou Testament. Israel het God by Sinai ontmoet, maar die Hebreërs ontmoet Hom in Gees en waarheid. Die woord "gekome" is dieselfde wat die *gang* na die troon van God aandui (4:16; 10:22). Ons kan ook vertaal: "julle het nie gekome tot iets wat tasbaar en brandende is nie; 'n vuur en donkerheid en duisternis en storm." *Dit is alles dinge wat van hierdie aarde is en wat met menslike*

*sintuie waargeneem is* – die omstandighede waaronder God sy verbond met Israel geopenbaar het (Ex. 19:16, 18; Deut. 4:11). So *oorweldigend en skrikaanjaend* was die gesig dat die volk gesmeek het dat God liever tot Moses alleen moes spreek en hy dit weer aan hulle kan oordra (Ex. 20:19; Deut. 5:23-27).

12:20, 21. Hulle kon die gebod, wat God self aankondig, nie verdra nie, so geweldig was die majesteit van God op die berg. Selfs 'n dier, wat tog onwetend die berg sou aanraak, moes gedood word (Ex. 19:13). *Verskriklik is die heiligheid van God*. Selfs Moses het gesidder (Deut. 9:18, 19).

12:22, 23. Nou kom hy by die heerlike voorregte van die gemeente in die Nuwe Testament. Ons staan nie by Sinai nie, maar by die *hemelse "Sion"* (Openb. 14:1). Sion was nie in die woestyn nie, maar binne-in Kanaän – die land van die belofte. In Sion was die tempel – nie die plek van die Wet nie, maar van die *versoening van die sondes*. Die *"berg Sion"* word geestelik bedoel en spreek van die verering van God, vastigheid, beskerming, rus in die seën van God (Ps. 132:13-18; 135:21). God woon in Sion (Ps. 68:17). Indien alreeds die aardse Sion vir Sinai oortref, hoeveel te meer die hemelse . . . "en die stad van die lewende God" (3:12; 9:14; 10:31). Hy is die lewende God teenoor die dooie afgode en daarom is sy stad standhoudend. So word die outydse Sion die voorbeeld of tipe van die lewende gemeente van die lewende God. En die stad is die nuwe Jerusalem (Openb. 21:9, 10; Jes. 24:23).

Voortgaande noem hy die werklikhede van die nuwe bedeling. In die hemelse Jerusalem woon tienduiseende engele (Luk. 2:13; Jud. 14). Ook by Sinai het hulle saam met God verskyn (Deut. 33:2; Ps. 68:18; Dan 7:10). "Die *feestelike vergadering* is die deelgenote van Christus (6:20; Rom. 8:17, 29; Gal. 4:7). *Hulle is 'n feestelike menigte, want hulle deel in die vreugde van Christus* (Openb. 3:20). Hulle is ook die gemeente van die *eersgeborenes wat in die hemel opgeskryf is* (2:12; Ex. 4:22; Luk. 10:20). Hoewel hulle nog nie in die hemel is nie, is hulle tog daar opgeskryf (Fil. 4:3; Openb. 13:8). Dit verhef hulle bo die gelowiges in die ou verbond (Ef. 2:19). Hulle is meer bevoorreg want hulle leef *in die tyd van die vervulling*. Die woordorde van die volgende sinsnede is: ". . . en by die Regter, wat God van almal is . . ." (9:27). Hier gaan dit nie allereers daarom dat God 'n *vreeslike Regter* is nie, maar die nadruk lê daarop dat Hy as *Regter vryspraak* kan gee. Dit gaan immers om die gemeente se vreugde teenoor Israel se vrees (12:18-21). En dan dink die skrywer ook aan die *ontslape gelowiges* – "die geeste van die volmaakte regverdige". Hulle het die volmaaktheid bereik, soos Jesus (2:10; 12:2).

12:24. Hier wil hy die werk van *Jesus as Middelaar op aarde* benadruk; daarom gebruik hy die Naam *Jesus* en noem Hom nie die *Seun* nie. Hy is Middelaar van 'n nuwe verbond of testament en die besprenkeling met sy bloed is die ware en eenmalige offer (9:13, 15, 22; 10:22). Sy bloed is beter as die van Abel, wat ná sy dood nog spreek (10:10-12; 11:4).

Hier eindig sy opsomming van al die heerlike dinge waarby ons in die Nuwe Testament gekom het, teenoor Israel in die Ou Testament. Hy eindig by Jesus wat tans in die hemel troon, waar sommige Christene alreeds is (23) en ons sal kom. In werklikheid is ons in Christus alreeds daar, as deel van sy liggaam (Ef. 2:5, 6).

#### **Vrae: 12:18-24**

1. Sien u 'n verband tussen die vrees van Israel by Sinai en die volgende uitsprake: Jes. 6:5; Luk. 5:8? Wat is die *twee faktore* wat in al drie gevalle die skrik veroorsaak het? Wat sê dit vir u en my?
2. Wat sê die uitspraak: "ons het gekom by Sion", aan u?
3. Behoort u aan die "nuwe Jerusalem" ?
4. Waarom behoort ons eredienste 'n feestelike vergadering te wees?
5. Kan u sê dat u naam in die hemel opgeskryf is?

6. Wat is die grondoorsaak van al ons vreugde (24)?

### **Hebr. 12:25-29. "Laat ons dankbaar wees!"**

12:25. Nou volg 'n direkte toepassing van die behandelde uiteensetting. Dit hou skerp vermaninge in. "Pas op dat julle Hom wat spreek nie afwys nie!" (1:1, 2; 2:3; 3:15). Dit is 'n herhaaldelike vermaning. As rede waarom ons sy woord nie moet afwys nie, volg dan wat hy in vers 18-21 gesê het. Hulle het die oordeel nie ontvlug nie, hoewel hulle 'n mindere openbaring as ons ontvang het (Matt. 3:7, 8). Vir Israel was dit 'n *aardse* openbaring – sigbaar en tasbaar (18) – en selfs 'n aardse oordeel. Hulle het die beloofde land nie ontvang nie (1 Kor. 10:1-11). By hulle sluit dit vanselfsprekend die ewige oordeel nie uit nie. Met ons spreek Hy egter uit die hemele. Hier moet ons spesifiek aan Jesus as die verheerlikte Middelaar dink – Hy spreek uit die hemel deur sy Woord en Gees (1:1-3; Joh. 3:34; 2 Kor. 15:47 [?? 1 Kor. 15:17]).

12:26. Ook hier staan *aarde* en *hemel* teenoor mekaar. Hier haal hy weer aan: Ps. 77:19; 114:7. ". . . maar nou het Hy belowe en gesê": Hag. 2:6. Hy laat nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. Haggai profeteer hier van die koms van die Messias. Wanneer Hy kom, sal die tweede tempel, wat die volk in die tyd van Serubbabel moes bou, met sy heerlijkheid vervul word en dan sal ook die hemel geskud word. Sy hemel sal met sy wederkoms in beweging kom (1:6; 9:28; Matt. 24:30, 31). By Haggai sien hy, soos die ander profete, die werk van Christus as 'n eenheid – van sy geboorte in Betlehem tot met sy wederkoms. Die skrywer van Hebreërs pas dit egter net op sy wederkoms toe (9:28; Matt. 24:29).

12:27. Uit die aanhaling uit Haggai benadruk hy nou die uitdrukking: "*nog een maal . . .*" Christus se wederkoms sal nie herhaal word nie – dit is 'n eenmalige en allesomvattende gebeurtenis. Iets dergeliks, dat die hemel en aarde, die ganse skepping, geskud word, gebeur net eenmaal. Die wankelbare of verganklikheid in die skepping gaan verby en alleen die onwankelbare bly (1 Pet. 3:10; Openb. 21:1). Alles wat enige teken van die gevolge van die sonde toon, word weggeneem (Gen. 3:17, 18; Rom. 8:19-22; 1 Kor 7:31).

12:28, 29. Ons ontvang 'n *onwankelbare koninkryk* of koningskap (1 Kor. 4:8; 1 Pet. 2:9; Openb. 5:9, 10). Die onwankelbare koninkryk vat al die weldade, wat ons in die heerlijkheid sal ontvang – en nou alreeds in beginsel besit (Matt. 5:3)- saam. Laat ons daarom ons dank bewys (*Kategismus*, Sondag 32:86). Hoe moet ons die dank bewys? *Ons moet God welbehaaglik dien met eerbied en vrees* (*Kategismus*, Sondag 33:90, 91). Met eerbied en vrees wil hy ons kleinheid en sondigheid voor die grootheid en heiligheid van God benadruk. Sy diens moet ons vreugde wees, maar dit moet gepaard gaan met heilige eerbied en ontsag. Om dit te verantwoord, haal hy aan uit Deut. 4:24; 9:3 – dink hierby ook aan Jes. 33:14).

### **Vrae: 12:25-29**

1. Waarom moet u predikant ook skerp vermaan?
2. Is ons verantwoordelikheid groter as die van Israel?
3. Kan u uit vers 27 aflei dat daar net een wederkoms van Christus is en nie twee soos sommige mense, die sogenaamde "chiliaste", leer nie?
4. Betoon u u dank aan die Here soos Hy dit vereis?

## HEBREËRS 13

### **Hebr. 13:1-9. "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."**

13:1, 2. Die skrywer is duidelik besig om sy gesprek af te sluit. Ons kry nou allerlei losstaande vermaninge.

"Die broederliefde moet bly." Broederliefde verdwyn gou wanneer verslapping ingetree het of alreeds daar is (12:14; Joh. 13:34, 35; 15:12, 13; 1 Pet. 1:5-7). Vroeër het die Hebreërs daarin uitgeblyk (6:10; 10:33). Nou is dit nodig om hulle daarvoor te vermaan.

"Vergeet die gasvryheid nie . . ." (Rom. 12:10; 1 Thess. 4:9; 1 Pet. 2:17). Omdat die hotelwese in die ou tyd nog swak ontwikkel was, is gasvryheid van hoë waarde geag. Christene het mekaar altyd gasvry ontvang (Hand. 16:15; 21:4, 8; 21:17). Daarom is hulle ook steeds daartoe vermaan (Rom. 12:10; 1 Pet. 2:17). Dan verwys hy na Abraham en Lot (Gen. 18:3; 19:2). Ook in die opsig geld die uitspraak van die Here Jesus in Matt. 25:40. Dit is gedoen, sonder om enige beloning daarop te verwag (Matt. 25:37-39). Die vreugde om liefde te kan bewys is op sigself 'n onberekenbare beloning (Matt. 10:40-42).

13:3. Ook die vers verplaas ons na die toestand wat destyds geheers het. Indien gevangenes nie deur vriende of familie onderhou is nie, ly hulle dikwels gebrek. Vriende het ook dikwels vrye toegang tot gevangenes om hulle te kan help (Hand. 27:2, 3; 28:16, 17; Filip. 2:12, 13; 2 Tim. 1:16, 17; 4:21). ". . . asof julle medegevangenes is" laat 'n mens dink aan Matt. 7:12; 1 Kor. 12:26. Dieselfde geld van mense wat mishandel word. Hier kan ons gerus ook aan Christus dink, wat in ons plek mishandel is.

13:4. "Laat die huwelik in *alle opsigte* . . ." kan ook beteken "*by alma*" – oud of jonk, man en vrou, ryk en arm. Die huwelik is 'n eerbare instelling van God en moet as sodanig behandel word (Ef. 5:22-33; 1 Pet. 3:7). *Egbrekers* is getroudes wat met ander vroue of mans omgang het en *hoereerders* is enigeen – getroud of ongetroud – wat ongeoorloofde geslagtelike omgang het. Ons dink hier aan die sogenaamde "vrye liefde".

13:5, 6. *Geldgierigheid* is 'n sonde waarin 'n mens maklik verval. Mammon is 'n harde meester (Matt. 6:19-24, 34; Filip. 4:6; 1 Tim. 6:8-10). Wees tevrede met wat jy het (Ps. 127:2; 1 Pet. 5:7). Die skrywer herinner die gemeente aan Deut. 31:6. Die Here sal jou nie aan jouself oorlaat of verlaat nie. Om sy lesers nog te versterk in hulle vertroue haal hy 'n ander uitspraak aan (Ps. 118:6). Omdat die Here sorg en waak, hoef ons vir niks te vrees nie. Hy kan in elke nood voorsien.

13:7. "*Gedenk julle voorgangers*" sien hier bepaald op die verkondigers van die Woord. Dit is nie alleen hul eie predikers nie, maar sien ook op die profete van die Ou Testament. "*die Woord van God*" is 'n aanduiding van die hele Bybel (Matt. 4:4; 13:20; Luk. 5:1; Joh. 5:38; 8:47; Hand. 13:7). "*Voorgangers*". word hier gebruik in die betekenis dat dit persone is wat amptelik daartoe geroep is deur die Here (13:17, 24).

"*aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel*" hou die moontlikheid in dat hulle die marteldood gesterf het (Openb. 2:10, 13). Ons kan dit egter ook sien as 'n sterwe in vrede en saligheid (Openb. 14:13). Die uiteinde van hulle lewenswandel is salig. "*volg hulle geloof na*" moet ons verstaan soos hoofstuk 11 die geloof sien – 'n volharding in die vertroue op God tot die einde toe (11:13, 39).

13:8. Hierdie vers staan tussen 7 en 9 en kan met albei in verband gebring word. Vers 7 wys dan op "*gister*" en vers 9 op "*vandag*". Die geloof van die voorgangers in die verlede lê vas in die *onveranderlike Christus van gister*, terwyl Christus ook *vandag en tot in ewigheid* vashou teen die aanslae van die valse leraars (9). Die Naam *Jesus Christus* wil Hom ten volle in sy wese en werk aan ons voorhou (Matt. 28:18, 20; Openb. 1:8, 11, 17, 18). Hy is onveranderlik in verlede en hede en tot in alle ewigheid. *Ons kan dit met Christus waag* (Joh. 10:27, 28; Openb. 22:13, 14).

13:9. "*Vreemde leringe*" is leringe wat in stryd is met die Woord van God (Gal. 1:6-9; Ef. 4:14; Openb. 2:14, 15, 20). Hieruit blyk duidelik dat valse leraars alreeds in die ou kerk

werksaam was (Hand. 20:29, 30; 2 Tim. 2:16-18; 2 Pet. 2:1, 2). Die skrywer gee selfs 'n aanduiding van die dwaalleer. Dit gaan klaarblyklik om voedsel wat geëet of nie geëet mag word nie. God versterk 'n mens se *hart deur genade* en nie deur voedsel nie (Rom. 14:17). Dink aan die vermaning van die Nagmaalsformulier om nie aan die uitwendige tekens van brood en wyn te bly hang nie, maar die harte op te hef tot Christus wat aan die regterhand van God is. 'n Mens kan só maklik op die uitwendige dinge vertrou en God se genade in Christus verag.

### **Vrae: 13:1-9**

1. Ons leef in die tyd van die "massamens" waar mense onbetrokke by mekaar se nood wil bly. Doen u iets daaraan om u medegelowiges te ken en lief te hê?
2. Is dit u vreugde om gasvry te wees?
3. Sou u sê dat die middels wat vandag gebruik word, ook die huwelik binne die lewe van getroude mense ontheilig?
4. Waarom moet 'n mens se houding teenoor geld en goed so versigtig wees?
5. Waarom is 'n voorganger se voorbeeld van so 'n groot belang? Waarom is die openbare sondes van ampsdraers in die kerk byvoorbeeld sulke sensasionele nuus?
6. Durf u uself geheel op Christus verlaat?
7. Is u bewapen met genoegsame kennis om dwaalleraars te kan weerstaan?

### **Hebr. 13:10-19. Jesus het buitekant die poort gely**

13:10, 11. Soos telkens in die brief, word weer gewys op die nuwe en veel heerliker voorreg wat ons teenoor die gelowiges uit die ou bedeling besit. Ons het wel ook 'n altaar, want 'n offer en altaar is aan mekaar verbind. Die altaar heilig die gawe (Matt. 23:19). Hier word die altaar uit die ou bedeling egter as 'n beeld gebruik van die wyse waarop Christus sy liggaam geoffer het (9:14, 25; 10:10). In werklikheid is Hy self die altaar en die offer tegelyk. Die altaar sien op sy Godheid (5:8; 9:14; *Kategismus*, vrae 15-18). In 1:3 word sy Godheid die hele grondslag gemaak van sy Middelaarswerk: Christus is God en mens, altaar en offer. Daarom het ons 'n offer waarvan die priesters nie mag eet nie (1 Kor. 9:13). Ons weet uit Lev. 16:27 en 6:30 dat van die offers op die groot versoendag nie geëet mog word nie. Daaraan word hier gedink (12). Ons offer is die offer van die groot dag waarop die sonde van die volk versoen is. Dit is afgebeeld deur die offer van die groot versoendag. Alleen so ver strek die vergelyking. Watter mense in ons bedeling "die tabernakel bedien", is vir die skrywer nie ter sake nie. Dit gaan alleen om die aard van die altaar en offer.

Dan wys hy voortgaande op wat by die tabernakel plaasgevind het (Lev. 16:27). Die bloed van die offerdiere is in die allerheiligste op die versoendeksel gesprinkel (9:1-7) en die liggeme van die diere is buite die laer verbrand. Dit simboliseer dat daar geen verband meer tussen die volk en die dier wat die sonde dra, bestaan nie. Die sonde is geheel weggedoen.

13:12, 13. Uit die gebeure by die groot versoendag lei hy nou af dat Christus ook buitekant die poort moes ly. Hy moes buite die stad ly, soos die offerdiere buite die poort verbrand is. Daarom is nie alleen die simboliek van die offerdiens in die Ou Testament in Hom vervul nie, maar het ons ook die sekerheid dat die vloek van ons sonde volkome weggeneem is (10:10; Matt. 21:39; 27:31-35).

Dan vermaan hy: "Laat ons dan uitgaan na Hom toe . . ." Dit beteken dat ons, soos Hy, smaad en vernedering moet ly. Die Hebreërs mag nie weer terugval in die Jodedom nie, maar moet met die Joodse gebruike breek. Dink aan die voorbeeld van Moses (11:24-

26; Matt. 16:24). Ons moet na Christus, die Vervloekte, gaan want deur Hom ontvang ons toegang tot die Vader en die saligheid of ewige lewe (2 Tim. 2:11). Die plek van vervloeking, die kruis, is deur die mense verag (1 Kor. 1:18, 23). Daarom moet ons met die wêreld breek (11:26). Om die smaad van Christus te dra, is ons rykdom (Kol. 1:24). 'n Volgeling van Christus word nie ter wille van Christus bevoordeel nie, maar gesmaad (Hand. 5:41).

13:14, 15. Eers sê die skrywer waarom ons na Christus moet uitgaan. Ons het hier huise en dorpe en stede, maar dit is nie blywend nie (11:10, 13, 14, 16; 12:22; Openb. 21:2). "sy smaad dra" hou in om daarmee aan te hou, daarin te volhard. Só soek ons die toekomstige en blywende stad.

Maar hy sê ook *hoe* ons uitgaan na Christus toe. Ons moet aan Hom 'n offer bring. Dit noem hy 'n *loffer* (Rom. 12:1). Christus het Maar die soenoffer vir die sondes gebring – dit was eenmalig en voldoende. Deur Christus bring ons aan God 'n loffer (Hos. 14:3; Ps. 50:14, 23; 51:18, 19). Selfs daarvoor is Hy die toegang *tot* die troon van God (Joh. 14:6). Dit is die vrug van die lippe (Hos. 14:3) wat sy Naam *bely* of prys (3:1; 11:13). Om sy Naam te bely, beteken dat ons sy openbaring bely, daarvoor uitkom en in die bres tree. So moet gelowiges deur hulle offers hul dankbaarheid betoon. Hulle moet volhard en standvastig bly in die belydenis van die geloof in Christus (10:39).

13:16. Dit is asof hy vers 1 en 2 herhaal, maar hier verbind hy dit aan die loffer. Weldadigheid en mededeelsaamheid is nie bloot gunsbewyse aan mense nie, maar dankoffers aan God (Matt. 25:40). Dit gaan nie bloot om lofliedere en dankgebede nie, maar die bewys van naasteliefde is ook dankoffers aan Hom. So behaag ons Hom. Dit gaan nie in die eerste plek om wat mense van ons dink nie, maar wat voor Hom welbehaaglik is (Matt. 6:1-4).

13:17. Nou word die gemeente vermaan wat die verhouding tot die voorgangers of ampsdraers betref (7). Wees aan hulle gehoorsaam en onderdanig (1 Tim. 5:17, 20; Hand. 20:28). Die voorgangers moet waak oor hulle siele en sal rekenskap aan God moet gee (Eseg. 33:7-9; Matt. 24:45-51; Luk. 16:2). Hulle waak ook tot voordeel van die gemeente oor hulle (*Kategismus*, Sondag 31). Die voorgangers moet dit met *blydschap* kan doen en nie al *sugtende* nie. Groter blydschap as dat die gemeente aan Christus gehoorsaam is, ken 'n voorganger nie (Joh. 3:28-30; 1 Thess. 1:3, 4).

13:18, 19. Nou begin die brief 'n persoonlike stempel dra. Die skrywer vra nou iets vir homself. "Bid vir ons" (1 Thess. 5:25; 2 Thess. 3:1). Met "ons" bedoel hy waarskynlik die "voorgangers" in die algemeen. Volgens die inhoud van die brief kan ons af lei dat hy self gewis 'n ampsdraer was, al was hy moontlik nie 'n apostel nie. Hy het 'n goeie gewete en vra niks met bybedoelinge nie. Sy opregte voorneme – in die diepte van sy hart – is alleen om onder alle omstandighede betaamlik te lewe. Daar is geen rede om hom te wantrou nie (2 Kor. 1:12).

Hy vermaan hulle des te meer om dit te doen, sodat hy gouer aan hulle teruggee kan word. Uit die samestelling van die sin is ook moontlik om af te lei dat die verhouding tussen die skrywer en lesers vertroebel was, dat hulle verwyderd geraak het, en dat hy begeer dat die verhouding weer herstel moet word. Dit is egter ook moontlik dat hy in die gevangenis was (Ef. 6:19, 20; Filip. 4:22 – Paulus was toe 'n gevangene in Rome).

### **Vrae: 13:10-19**

1. Hoe kan Christus ons altaar en offer tegelyk wees?
2. Wat beteken dit om uit te gaan na Christus toe? Doen u dit elke dag?
3. Waarom moet ons uitgaan na *Christus*?
4. Hoe moet ons uitgaan na Hom toe?
5. Hoe bewys ons ons dank aan Christus?

6. Wat is die gemeente se verantwoordelikheid teenoor die voorgangers en wat is die voorgangers se verantwoordelikheid teenoor die lidmate?
7. Bid u gereeld vir die voorgangers in u gemeente? Waarom?

### **Hebr. 13:20-25. Heilwense en groete**

13:20, 21. Die seënbede hang saam met die inhoud van die hele brief. Dit herinner aan Ef. 2:14-18 en 1 Thess. 5:23. Ons het 'n God van vrede omdat Christus dit bewerk het (Rom. 5:1). Ons kan Hom nader deur Christus – die groot Herder van die skape (Joh. 10:11, 14, 15, 27). Deur sy bloed – die bloed van die ewige Testament, het ons toegang tot die God van vrede (10:29). Hom het God uit die dood teruggebring (Hand. 2:24; Rom. 10:7). Hier het ons die enigste plek in die brief waar die opstanding van Christus uitdruklik genoem word. Juis daarom is sy testament 'n ewige testament (Jes. 55:3; Openb. 1:17, 18). Daar kan geen ander testament meer kom nie. Alleen hier word Hy in die brief "onse Here Jesus Christus" genoem – sy volle ryke Naam as ons Besitter en Saligmaker (*Kategismus*, Sondag 11-13). Op die vaste grondslag kan ons bou. Daarom volg ook nou die bede om standvastig te bly. God werk in ons. Hy bring ons tot die goeie werke en lei ons na die einddoel, die volmaaktheid (Filip. 2:13). Ook daarin is Christus sy werktuig. Hy regeer ons deur sy Woord en Gees (*Kategismus*, Sondag 12). Aan Hom kom dus toe heerlikheid tot in alle ewigheid (Openb. 5:13).

"Amen" is nie alleen die bevestiging van die gebed nie, maar ook die afsluiting van die brief. Dit bekragtig dat alles wat hy geskryf het, waar en seker is.

13:22. Nog eens "vermaan" die skrywer. En dan sê hy ook dat sy hele brief of preek, soos dit ook gestel kan word, 'n woord van vermaning is (Hand. 13:15). Wat hy gedoen het, is nie vreemd nie. Beide Jode en Christene is daaraan gewoond om vermaan te word. Mense mag die vermaning verwerp omdat hulle meen dat hulle dit nie verdien nie of omdat hulle dit van 'n bepaalde persoon nie wil aanvaar nie. Moontlik pleit die skrywer hier dat hulle sy vermaning moet aanvaar omdat die verhouding tussen hulle nie innig genoeg was nie (vergelyk aantekeninge by 18, 19). Sy brief was in werklikheid nie "kort", soos hy sê nie, maar daarin spreek hy sy beskeidenheid uit. Hy sou nog veel meer wou sê, maar sluit liever af.

13:23. Hy vertel dat Timotheüs vrygelaat is. Timotheüs was in Rome bekend (2 Tim. 3:9, 21 [??]). Hy is dus blykbaar gevange geneem. Hy sê dan dat hy van plan is om die gemeente saam met Timotheüs te besoek. Dit is nie duidelik of hy dit ook sou doen, indien Timotheüs nie opdaag nie.

13:24, 25. Eindelijk groet die skrywer. "Groet al jul voorgangers en al die heiliges . . ." Dat hy die "voorgangers" spesiaal noem, dui daarop dat hy nie 'n besondere bekende of vriend van die voorgangers was nie. Met "heiliges" bedoel hy die gemeente – hulle wat aan Christus behoort (1 Kor. 1:2). "Die wat van Italië is, groet julle" bewys weer dat hy skrywe aan Joodse gelowiges wat in Italië woon (1:1 – sien aantekeninge, aldaar).

"Die genade sy met julle almal" (4:16; 13:9). Die Griekse woord wat ons deur "genade" vertaal, beteken "blydschap". Dit word in verband gebring met die blydschap van 'n beskuldigde wat vrygespreek is. Kan ons iets beters vir 'n medemens toewens?

### **Vrae: 13:20-25**

1. Waarom word God die God van vrede genoem? Het u ook vrede met Hom?
2. Sou u sê dat dit vir die skrywer maklik was om die Hebreërs te vermaan? Sou u sê dat dit vir u predikant maklik is om te vermaan?
3. Wat beteken die genade in Christus vir u?